
DIE VOLWASSE LEWE

BRAND SMIT



Die volwasse lewe

BRAND SMIT

Eerste uitgawe 2018

Buiteblad: *Boat Adrift*, deur Charles Napier Hemy (1890)

INHOUD

INLEIDING

Hierdie versameling is deel van ’n reeks bundels. Elke bundel handel oor ’n bepaalde tema. Die materiaal sluit in notas, en opstelle. Van die teks is geskryf om gelees te word, en ander stukke is oorspronklik geskryf net om myself te herinner aan iets.

Beskikbare titels, in beide digitale en gedrukte formaat: *In die greep van ketters – of, Die Christen*; *Nie tafel, hond of potlood nie*; *Die werklike, of nie-werklike doel van ons bestaan*; *Solank jy staande bly ...*; *Die noodsaaklike onaangenaamheid*; *Die volwasse lewe*; *Oor skryfwerk en die skrywer*; *Ballingskap*; *Dertien minute op ’n Saterdagaand*; *Tyd vlieg nie regtig nie*.

Meer inligting is beskikbaar op BRANDSMIT.NET.

Wie is die skrywer?

Gebore op 29 Junie 1971 in Pretoria, in die Republiek van Suid-Afrika.

Spandeer twee jaar in Suid-Korea as Engelse onderwyser tussen 1996 en 1998.

Werk in Johannesburg vir ses maande in 1998.

Vertrek na Kaohsiung, in die suide van Taiwan, in Januarie 1999.

Waaroor gaan hierdie bundel?

Werk uit wat jy met jou lewe gaan doen, maak geld of sukkel, trou – of nie, kry kinders – of nie, koop ’n huis of huur ’n woonstel, kry ’n lening vir ’n nuwe kar of ry met ’n fiets wat kraak, vestig jouself in ’n middelklas woonbuurt of woon vir jare lank oorsee. As kind het ’n mens uitgesien daarna om

“groot” te wees. Dan, skielik, moet jy keuses maak wat die kwaliteit van jou bestaan, selfs jou oorlewing, gaan affekteer vir die volgende paar dekades. En jy moet verantwoordelikheid neem nie net vir jou eie lewe nie, maar vir die gesondheid en welsyn van ander mense vir wie jy omgee.

Die materiaal in hierdie bundel volg die soms deurmekaar proses van een wat gereken het dis sy plig om sy eie pad te vind as volwassene.

* * *

Die eerste twee stukke dateer uit die laaste maande wat ek in Suid-Korea gespandeer het in die laat-negentigs. Ek was toe al vir maande lank koorsagtig besig om te dink wat my volgende stap sou wees, siende dat ek die einde genader het van ’n twee-jaar kontrak. Teen die tyd wat ek “Nuwe insigte, Februarie 1999” noteer het, het ek al vir ses maande in Johannesburg gewoon en gewerk, en was ek reeds ’n maand lank in Taiwan. Soos ek ook aandui in die teks, is die stukke wat daarop volg, geskryf in Februarie 2004, nadat ek materiaal deurgegaan het wat ek geskryf het vóór, tydens, en kort ná die tyd wat ek in Korea was. Die res van die materiaal is geskryf tussen Maart 1999 en vroeg 2017.

Notas uit Korea en Taiwan

Toewyding en plek

Woensdag 25 Maart 1998

In die eerste drie jaar na my laaste eksamen op universiteit, het ek kwaai geworstel met die idee van "commitment". Ek het nie die vaagste benul gehad waaraan ek myself moes "commit" nie. Ek was ook onwillig om myself toe te wy of te verbind tot iets as daar 'n moontlikheid was dat dit sou misluk.

As 'n mens nie 'n fokuspunt in jou lewe het nie, as jy nie toegewyd is aan enige iets nie, is jy intens bewus van die effek wat hierdie toestand het op jou gemoed. Kort na ek klaargemaak het met universiteit (wat my gelaat het met duisende rande se skuld), het ek Europa toe gegaan vir 'n paar weke (nog meer skuld). Wat ek ook al probeer doen het met die reis, dit het nie geslaag nie. Toe het ek vir meer as 'n jaar rondgeswerf in die hoop dat "iets sal gebeur" wat my rigting sal gee, dat ek iets sal vind waaraan ek myself kan "commit".

Uiteindelik het ek weer pad gevat na 'n vreemde land toe. Ek het geweet ek moes iets vind wat die leemte kon vul wat 'n gebrek aan toewyding gelaat het. Of miskien het ek gedink die blote feit dat ek in die buiteland woon, weg van die druk van skuldeisers, selfs weg van familie en vriende, sou genoeg wees – vir eers.

Wat ek natuurlik uitgevind het, was dat dit nie help om te ontsnap as jy nie van jouself kan wegkom nie. Ek kon nie wegkom van die gevoel binne my dat ek nêrens behoort nie. As jy nie toegewyd is aan iets of iemand nie, gaan jy nie voel asof jy behoort nie. En as jy nie voel asof jy behoort nie, ervaar jy wat sommige akademici noem eksistensiële angs.

'n Mens kan vir 'n tyd lank dinge doen om op te maak vir die afwesigheid van toewyding in jou lewe, maar as hierdie maatreëls se effek begin vervaag, of as jy verveeld raak daarmee, is jy terug by die begin.

Waaraan wy mense hulleself toe? Jy kan jouself toewy aan ’n religieuse entiteit, ’n idee, ’n droom, ’n ideaal, of jy kan jouself toewy aan iemand anders, aan ’n groep, of selfs ’n subkultuur. Dit waaraan ek myself wil toewy moet gewigtig genoeg wees om my fokus te kan behou en my verbeelding aan te gryp. Dit sal ook help as dit van so ’n aard is dat ek in my daaglikse behoeftes kan voorsien deur myself besig te hou daarmee.

Ek is ’n dromer, maar ek is ook realisties. Ek het al genoeg gesien en genoeg ervaar om te weet watse tipe lewe jou voorland is as jy nie vry is nie; as jy nie keuses kan maak en keuses kan uitoefen nie. Ek weet hoe voel dit as jy nie weet wanneer jy uit jou huurhuis geskop gaan word nie, of wanneer jy weer gaan aansit vir ’n behoorlike bord gekookte kos nie; as jy nie weet of die volgende klop aan die deur dalk die balju is nie. Ek weet hoe dit voel om drome te hê, maar nie te weet of ’n fraksie daarvan ooit waar sal word nie.

Ek kan dus met ’n redelike mate van sekerheid sê dat ek toegewyd is aan die idee van vryheid – vryheid van skuldslawerny, en vryheid van armoede. Ek kan verder gaan en sê dat ek toegewyd is daaraan om ’n punt te bereik waar ek oor opsies sal beskik, en waar ek die nodige hulpbronne tot my beskikking sal hê om keuses te kan uitoefen; ook om oor die vermoë te beskik om meer te gee as wat ek vra. Dit maak derhalwe dan net sin om myself te verbind aan ’n pad wat sal lei na finansiële welstand – nie as ’n eindbestemming nie, maar as ’n weg tot vryheid.

Laastens, waar is ’n beter plek om myself toe te wy aan bogenoemde ideale anders as die stuk aarde waar ek gebore was en waar my diepste wortels steeds geanker lê?

Storie van twee reisigers

Vrydag 27 Maart 1998

Laat ek jou ’n storie vertel van twee reisigers. Die een ou kom by ’n kruispad. Hy kyk in elke rigting, stap na die kassies wat

by die begin van elke pad staan en neem ’n brosjure van elk. Dan lees hy elkeen sorgvuldig deur. Na ’n tyd gaan sit hy eenkant op ’n rots en vra hardop vir homself: “Watter een van die paaie moet ek vat?” So hou hy aan met dink, en die tyd gaan verby.

Die seisoene kom en gaan, en steeds sit hierdie ou op sy rots by die kruispad. En hy dink. Elke nou en dan haal hy ’n notaboekie uit sy hempsak en maak ’n paar aantekeninge. Dan dink hy nog. Van tyd tot tyd staan hy op, stap vir ure lank in die rondte, stop elke nou en dan, maak weer ’n paar aantekeninge, en gaan sit weer.

So sien hy ander mense kom en gaan. Soms sien hy iemand indraai by ’n pad, net om ’n paar maande later te sien hoe dieselfde persoon weer uitstruikel met ’n paar kneusplekke, ’n wond of twee, en miskien ’n hemp of ’n baadjie wat ’n skeur weg het. Dan sal hierdie persoon ’n rukkie staan, sy asem terugkry, en by ’n ander pad indraai. Die ou op die rots sal net sy kop skud, en weet hy doen die regte ding om eers te dink oor dinge. Hy wil tog nie soos daai ou opeindig nie, sal hy altyd reken. Later sal hy weer al om die rots stap, in dié rigting kyk, in daai rigting kyk, notas maak, en weer gaan sit, gesig in die hande.

Toe, een helder herfsdag, verskyn daar ’n ander ou op die horison. Toe hy by die kruispad kom, gaan sit hy op sy hurke. Hy snuif vir ’n oomblik die lug, kyk in ’n oostelike rigting, dan noord, en dan wes. Dan staan hy op, gooi sy sak weer oor sy skouer, en draai by een van die paaie in.

Die man op die rots hou hierdie ou dop. Soos die man wegstap, klap die ou op die rots sy tong en skud sy kop. Hoe kan hierdie man dan sommer net so besluit, wonder die ou, terwyl hý al jare daar sit en peins oor watter pad hy moet vat? Na soveel voorlopige konklusies, soveel stories wat mense hom vertel het oor die verskillende paaie, kan hy nog steeds nie besluit watter pad die beste is nie!

Vererg spring die ou toe van sy rots af en roep agter die man aan. Die man, wat alreeds ’n ent weg is, gaan staan, en kyk om. Die sitter drafstap hom tegemoet.

“Wag ’n bietjie … ek het jou dopgehou van daai rots af,” sê hy toe hy by die ou aankom, “en ek het gesien hoe jy hier arriveer. Ek het gesien hoe jy die lug snuif, en sommer net ’n rigting instap. Ek sit al hier vir jare lank. Ek weet alles van al die paaie af. Ek het al baie mense gesien kom en gaan, en ék kan nog steeds nie met sekerheid sê watter pad die beste is vir my nie. Meeste mense huiwer ten minste ’n dag of twee voor hulle ’n pad kies. Maar jý? Jy snuif die lug en begin net te stap! Hoe kan jy so seker wees van jou keuse?!”

Die ou kyk na die sitter, sug dan, en sê: “Jy sit nou al vir jare op daai rots. Jy’t al die opsies oor en oor bedink, heel moontlik al boeke vol aantekeninge gemaak. Maar wat het jy van al die jare se sit en dink? ’n Rots, en dis nie eens jou eie nie!

“Soos jý weet ek daar’s struikelblokke in hierdie pad wat ek gekies het. Daar wag mooi dae … en daar wag heel waarskynlik onweersdae, omstandighede wat my sal laat twyfel of ek die regte pad gekies het. Elke pad het hierdie elemente van onsekerheid.

“Die idee,” gaan die ou voort, “is nie om die pad te kies met die minste struikelblokke nie. Die idee is om jouself toe te wy aan ’n pad ongeag die struikelblokke, ongeag die risiko’s, ongeag mooiweer of onweer. Om jouself toe te wy aan ’n pad tot jy die einde van daai pad bereik het.

“As jy jouself toewy aan ’n pad, aanvaar jou medereisigers jou. Dan weet jy: jy hoort op daai spesifieke pad, op daai spesifieke tyd.

“By elke kruispad sien ek mense soos jy, mense wat vir jare lank op ’n rots sit en met hulleself argumenteer oor watter pad die ‘regte’ een is. Daar is nie ’n absolute ‘regte pad’ nie! Wat daar is, is toewyding. En dít kan enige pad die regte pad vir jóú maak.”

Die sitter laat sak met die hoor van hierdie woorde sy kop, en staar peinsend voor hom in die stof. Toe hy weer opkyk, is die ander ou reeds oor die eerste heuwel.

* * *

’n Paar dae later kom ’n afgematte reisiger by die kruispad aan. Hy sien eenkant ’n rots, en stap soontoe. In die lig van die laatmiddagson vang sy oog ’n inskripsie: *Die regte pad vir jóú, is die pad waaraan jy toegewyd is. En as jy toegewyd is aan ’n pad, is dit die regte pad vir jou.*

Nuwe insigte, Februarie 1999

Maandag 15 Februarie 1999

Om vry en onafhanklik te wees, het ek meer as een keer die afgelope paar maande geskryf, is my groot ideaal.

Oppervlakkig beskou het dit gegaan daaroor om nie meer finansiële verpligtinge teenoor enige skuldeisers te hê nie. Maar dit het dieper gestrek as dit: Ek wou géén verpligtinge hê nie. My ideale lewe was dié van ’n losloper, ’n steppenwolf. Geen verbintenis nie, geen verpligtinge teenoor enige iemand nie.

So ’n jaar gelede het ek “commitment” en “belonging” geïdentifiseer as fundamenteel goeie idees, ook vir myself. Wat ek nie besef het nie, was dat ek twee perde in die resies gehad het. En ek het altwee probeer ry. Ek wou belong-and-commit, maar ek wou ook vry-en-onafhanklik wees. Wat ek blykbaar nie aanvanklik begryp het nie, was dat jy nie jouself tot iets kan verbind, en terselfdertyd “Vryheid!” kan roep nie; dat jy nie êrens kan behoort, en ook wil beweer dat jy onafhanklik is nie.

Die idee van ’n gesin van my eie was iets wat ek nooit lekker kon inwerk in my ideale leefstyl van vry-en-onafhanklik nie. Nou, dit sou nie ’n probleem gewees het as ek nie so gesmag het na hierdie basiese vreugdes van die lewe nie.

Dit dring toe tot my deur dat om ’n vrou lief te hê, en om saam met haar kinders te verwek, veel meer van ’n inperking sal wees op my vryheid en onafhanklikheid as om finansiële verpligtinge te hê teenoor skuldeisers.

Toe ek dít besef, was dit asof ’n gewig van my skouers gelig is. Ek het verlig gevoel. Ek kon ontspan, omdat ek toe geweet het dat algehele vryheid en onafhanklikheid nie is wat ek wil hê nie! As dit is wat ek wou bereik, was dit moontlik! Dis nie ’n illusie nie. Dis nie ’n droom wat nooit vervul kan word nie. Dis ’n droom wat ek nie wil hê nie! Dis ’n pad wat ek nie werklik enduit sou wou loop nie, omdat ek dan aan niks verbind sou wees nie, en nêrens sou behoort nie. En ek wíl myself verbind aan iets. Ek wíl myself toewy aan iets. Ek wil na iets streef, en ek wil voel ek behoort êrens.

In Johannesburg sou ek nie maklik hierdie insig kon wysraak nie, omdat vryheid en onafhanklikheid daar konkrete korttermyn ideale, selfs begeertes was, wat ek verwar het met ’n lewensideaal. Ek het nodig gehad om Taiwan toe te kom, om te besef dat as ek vry en onafhanklik wil wees, dit iets is wat ek kán doen, dat dit ’n ideaal is wat verwesenlik kan word. Ek moes weet dat dit ’n lewe is wat ek kan nastreef en realiseer, as dit is wat ek wíl doen. Maar dit is nie.

Natuurlik wil ek steeds my skuld afbetaal, so gou as moontlik. Ek haat dit om onder die swaard van skuld te leef. Ek glo om iemand geld te skuld, is om iemand se slaaf te wees. Dis nie dieselfde as om iemand lief te hê, en om ’n finansiële verpligting teenoor die persoon te wíl nakom uit liefde nie.

In finansiële terme wil ek definitief steeds vry en onafhanklik wees. Maar ek wil ook ’n ander ideaal realiseer – ek wil êrens behoort. Ek wil ’n huis hê in die volle sin van die woord. Ek wil lief wees vir ’n vrou, en bemin word deur haar.

Ter afsluiting dan van hierdie notaboek, wat sy eerste ink geproe het tien maande gelede in Stellenbosch, en wat Johannesburg met my meegemaak het, die volgende: Ek wil myself toewy aan ’n ideaal waarvan die verwesenliking reeds begin het, naamlik om ’n skrywer te wees. En ek wil bemin, en bemin word, en sodoende êrens behoort.

I am committed. And one day, I will also belong.

[Die volgende paar stukke is geskryf in Februarie 2004 nadat ek materiaal verwerk het uit die periode 1996 tot vroeg 1999.]

Dis steeds lewe, en steeds jou toewyding waardig

Op Saterdag 14 Maart 1998 het ek geskryf: "Ek is bang om te commit tot enige iets waar sukses nie gewaarborg is nie. Om die waarheid te sê is ek onwillig om te commit tot enige iets waar mislukking net 'n vae moontlikheid is."

Hoe voel ek nou daaroor?

Ek het sover vyf jaar in Taiwan gespandeer as 'n Engelse onderwyser, in 'n stad wat geen rang het in die wêreld nie. (Ek praat van Fengshan, nie die groter omgewing van Kaohsiung nie, wat die vierde grootste verskepingshawe in die wêreld is.)

Ek sou waarskynlik nie op 14 Maart 1998 aan so 'n lewe gedink het as iets waaraan ek myself kon toewy nie, en indien miskien so 'n lewe, beslis nie op hierdie plek nie. Tog kan ek kategories verklaar dat, ten spyte van die prys wat mens betaal en die onvolmaaktheid daarvan, dit die tyd werd was. Of soos 'n karakter opmerk in die fliek *Breakfast for Champions*, "It's all life."

Die alternatief is om ouer te raak by die jaar en jouself nooit aan enige iets toe te wy nie, omdat jy wag vir die ontwykende "volmaakte" projek, of "ideale" lewe. En wat gaan gebeur? Jy gaan te laat besef jy't oud geword, jy beteken niks vir niemand nie, en jy't niks gedoen met jou lewe nie.

Raak besig met enige iets wat naastenby aan jou vereistes voldoen. Dis 'n miljoen keer beter as om jou lewe te laat verbygaan terwyl jy wag op "iets beters".

Korea: Broeikas vir my griewe?

As 'n mens deur die 1996-1998 materiaal lees, kry jy maklik die idee dat Korea 'n broeimasjien was vir my griewe, en vir my onsekerhede en vrese. Ek was ietwat verbaas toe ek sien hoeveel gif ek in daai tyd gespoeg het oor "suburbia" – dinge soos "die vloek van suburbia", "ek haat suburbia nou meer as ooit" en "kultuur en kuns vrek in suburbia" (om net 'n paar van my gunstelinge te noem).

Wat presies was my probleem met lewe in ’n middelklas voorstad? Die argitektuur van die plek is nie vergelykbaar met ou Europese stede nie, maar genade, wat verwag ’n mens? Die gemiddelde voorstedelike tuin is ook nie Kirstenbosch nie, maar die gemiddelde voorstedelike burger is nie Cecil John Rhodes nie! En wat is ’n braai op ’n Saterdagaand, Kersetes, verjaarsdagpartytjies, rugby op TV, en laatmiddagstappies met die hond as dit nie kultuur is nie? En “kuns vrek in suburbia”? Komaan!

Nietemin, ek voel verplig om vir myself op te kom. Suburbia het vir my oor meer gegaan as net die spesifieke argitektuur van drie slaapkamer huise – of enige ander weergawe van ’n voorstedelike huis, of die hoeveelheid blomme in die voortuin of hondedrolle in die agterplaas. Dit was ’n simbool van ’n breër verskynsel in die samelewing, waar mense die heeltyd oor die spreekwoordelike heining loer om te sien hoe die bure daarna uitsien, in watse klere hulle rondloop, in watse model motorkar hulle rondry, en hoe gereeld en waarheen hulle op vakansie gaan. Status in hierdie gemeenskap is soos ’n duiwel wat mense jaag om dinge te doen wat hulle nooit voorheen gedink het hulle ’n hele lewe aan kan wy nie. Aan wát word sukses en mislukking gemeet in die middelklas? Aan geld, en professionele status. Die man slaan sy vrou? Erg, maar dis veel erger as hy nog ’n finansiële mislukking ook is. Die Prinsloo kinders doen so goed op skool? Goed en wel, maar het jy gehoor dat die pa alweer van werk verander? ’n Man of vrou wat nie weet hoe om moraliteit te spel nie, maar “het jy gesien hulle ry nou ’n nuwe BMW?”

Natuurlik het dit ’n verskil gemaak dat my eie familie stof aan die verkeerde kant van die lyn geproe het. Natuurlik sal mens ’n bietjie sukkel met griewe wanneer jy van die grond af opstaan. Ek kon nietemin nie anders as om myself te konfronteer met die vraag of “hulle” reg is, en of “iets” dalk verkeerd is met die “hele storie” nie.

Hoe voel ek deesdae oor die sosio-kulturele verskynsel wat die middelklas voorstad is?

Ek het op ’n kol genoem dat ek nie meer ’n probleem het met die idee van ’n aangename drie slaapkamer huis, ’n netjiese tuin, ’n grassnyer, twee honde en ’n kar nie (en ek weet die middelklas gaan oor meer as net dit). Ek kan hierdie posisie inneem want ek het die konsep van lewe in ’n middelklas voorstad wat so by my gespook het in Korea, die afgelope paar jaar ’n bietjie uitmekaargetrek, en mooi gekyk presies wat dit is wat my so pla aan die plek, en watter aspekte eintlik maar onskuldig is – soos die arme honde, en die grassnyer. Ek het uiteindelik besef dat dit nie gaan oor die huis of die tuin of die bure nie, maar oor *wat jy doen* om ’n lewe in die middelklas te kan bekostig.

Die probleem is … stadsbeplanning!

Die feit dat ek vrede gemaak het met die middelklas voorstad is nie te sê dat ek nie ’n probleem het met die uitleg van vele voorstede nie.

Die gemiddelde voorstad lê uitgestrek oor ’n hele aantal hektaar grond. Elke huis is op ’n erf wat gewoonlik afgespan is van die volgende met drade, mure en/of skerp pale. Bure ken mekaar dalk, maar gereelde interaksie tussen vyftig of meer mense van ’n spesifieke buurt is nie algemeen nie. Min ruimte word gewoonlik afgesonder vir publieke gebruik.

Ek kan as voorbeeld van ’n beter uitleg die buurt gebruik waar ek tans woon in Taiwan. Dit is nie in of naby die besigheidsdistrik nie, en kan moontlik volgens Taiwannese standaarde kwalifiseer as ’n voorstad. Die buurt bestaan uit tien lanings met vierverdieping woonstelgeboue – ongeveer agt woonstelgeboue in ’n ry aan elke kant van die laan, met ’n klein stegie aan die agterkant van die geboue. Aan die oorkant van die pad is ’n area met kleinerige huise op baie klein erfies.

Die sentrale punt van die area is die park by wat beskryf kan word as die ingang tot my buurt. Die park het ’n basketbalbaan, waar jong mans in die aande en oor naweke balle rondgooi; langs dit is daar ’n tennisbaan, waar ouer mans

en vrouens, en soms jong mense tennis speel deur die dag. Langs hierdie baan is ’n beboomde area met tafels en bankies waar mense van alle ouderdomme gereeld sit en gesels, waar ou mans sit en kaartspeel, oumas en oupas met kleinkinders sit en kuier, en waar mense rondstap in die laatmiddag en vroeë aand.

By die ingang van die park is ’n paar stalletjies wat drink- en eetgoed verkoop van die oggend tot laat in die aand. Daar is ook ’n groterige algemene handelaar reg oorkant die park. Verder af in die straat is daar ’n bedrywige mark in die oggende en sommige aande, met langs die pad allerlei klein winkeltjies, eetplekke, fietsherstelwinkels, en dies meer.

Dit is beslis nie ’n rykmansbuurt nie. Ek kry die idee dat dit meestal ou mense, taxi-bestuurders en kantoorwerkers is wat hier woon; niemand lyk op die oog af asof hulle uitspattighede kan bekostig nie. Daar is wel ’n sterk manifestasie van gemeenskap, van mense wat gemaklik is daarmee om tyd te spandeer met vriende, kennisse en vreemdelinge in die openbaar.

Ek wil graag terugkeer na my eie land toe, maar dit is jammer dat ek hierdie tipe buurt moet verlaat vir – as ek gelukkig is – ’n buurt waar mens soms nie eens kafee toe gaan sonder ’n kar nie, en as jy wel die kafee kan bereik per voet, heel moontlik nie die naaste bank of poskantoor nie. En dit is beslis jammer dat ek heel moontlik *nie* in ’n buurt gaan opeindig met ’n park vol bedrywigheid en lewe ten minste twaalf ure van elke dag nie.

* * * * * * * * * * * * * * *

“The *Homo sapiens* had an edge over the Neanderthal because they were nomadic. Constant change made the *Homo sapiens* flexible and innovative, whereas the settling habits of the Neanderthal led to stagnation, and probably eventual extermination.”

~ Uit ’n TV-program

* * * * * * * * * * * * * * *

Icarus joernaal, inskrywing # 1

Saterdag 6 Maart 1999

Wat ek bedoel met *arriveer* in die metafoor van die pad, is dat ’n mens op een of ander tyd uit die woud kom. Na weke wat jy deur skemerdonkerte gestap het op eindelose voetpaadjies, en geleef het op wilde vrugte en bessies, sien jy onverwags een oggend lig. Net voor die middaguur bereik jy die rand van die woud. Jy vind jouself op ’n pad wat loop oor golwende heuwels, langs koel riviere, deur groen valleie …

’n Mens raak moeg van stap en stap en stap. Jy raak moeg daarvan om te probeer om jou weg te vind. Sou dit wees hoekom sommige mense tevrede is met die idee van ’n voorstedelike bestaan? Dalk het hulle moeg geraak van voetpaadjies, van slaap onder bome, van weghardloop van dinge wat hulle bedreig het. Dalk het hulle die einde van die woud bereik, en besluit om rustig te raak op ’n lappie oop grond – op ’n plek waar hulle veilig voel.

Nou, ek kan maar kleinburgerlike kultuur kritiseer soveel as wat ek wil, maar dié mense het ten minste ’n lewe! Hulle gee nie voor hulle lewens is moerse opwindend nie. Hulle werk jaar in en jaar uit vir dieselfde maatskappy, of vir soortgelyke maatskappye. En selfs as hulle een voorstad verruil vir ’n ander een, word dieselfde basiese leefstyl gehandhaaf. Hulle wag nie meer vir hulle lewens om te begin nie. Hulle het op ’n punt gekom waar, as hulle stilstaan en dink daaroor hulle sou sê: “It’s not the life of a rock star, but it’s my life.” Hulle sê ook: “Ek leef, vandag. Dit mag dalk nie alles wees waarvan ek gedroom het nie, maar at least lééf ek vandag. Ek wag nie vir môre, in die hoop dat ek dán ’n meer glorious en exciting bestaan gaan voer nie.”

Ek, aan die ander kant, droom altyd van môre. *Môre* gaan ek begin leef, en dit gaan die lewe wees wat ek *vandag* sou wou leef, maar dit kom nou net eers môre. Ek vind dit hoogs problematies om te sê: “Well, this is it, this is home. Ek hoop

jy's gemaklik, want jy gaan heel moontlik vir 'n lang tyd hier wees." As ek terugkyk oor die laaste paar jare toon ek altyd hierdie neiging om te sê: "As jy nie dink dis fantasties nie, moenie worry nie. Hierdie plek is nie eintlik huis nie. Môre … of binnekort gaan ek my werklike huis bereik. En dit gaan 'n great plek wees …"

Die vraag is nie of ek een of ander tyd wil settle nie; die vraag is vir wát wil ek settle. Ek is nie 'n avonturier nie. Ek is iemand wat net nie vasgevang wil wees in 'n plek waar ek nie werklik wil wees nie.

Ek glo solank jy die energie en die wil het om te werk vir iets waarvoor jy graag wíl settle, moet jy nie gemaklik raak met enige iets minder nie. 'n Mens gaan heel moontlik altyd moet settle vir minder as jou nommer een ideale lewe, maar jy kan realisties wees, en steeds eindig op 'n goeie plek.

Ballingskap 5?

"You play out your happiness on a piano that is not infinite."
(Uit: *The Legend of 1900*)

Vrydag 8 Desember 2000

(Dis drie maande sedert my laaste essay.)

Dis nie altyd maklik om stil te sit, 'n bietjie na te dink, en dan die varsheid van 'n oop stuk papier te vernietig in 'n poging om saam te vat waar jou lewe op 'n spesifieke tydstip staan nie. Om die moeite wat so 'n Groter Beskouing verg, vry te spring, sou ek vroeër die TV wat nie meer programme kon opvang nie aanskakel, en tot die einde van frustrasie Super Mario gespeel het. Toe koop ek my vierde Pearl Jam album. Drie dae later koop ek vir my 'n elektriese kitaar. En 'n paar weke daarna 'n keyboard. 'n Blokfluit en twee mondfluitjies het oor die volgende paar maande gevolg. Wanneer die gewete roep vir 'n hernude klim na die heuwel bokant my lewe – om te kyk in watter rigting die winde waai, om te kan sê, "Oukei, dis waar ek staan," kyk ek deesdae ander pad, gryp 'n kitaar, en probeer 'n paar nuwe drukke. Die tyd het egter gekom.

Dis die agste Desember. Daar's nog drie weke oor voor Kersfees, en dan nog net 'n paar weke voor die wintervakansie. Meer as twee maande het ook al verby gegaan sedert ek veronderstel was om, volgens 'n voorspelling vroeg September, 'n "complete physical, mental and spiritual breakdown" te hê. Dit gaan goed met my, ondanks die feit dat daar steeds niemand is om die goeie dinge mee te deel nie.

Maar … BALLINGSKAP! Die afgelope paar weke was baie insiggewend wat hierdie tema aanbetref. Ter wille van verheldering kan dit genoem word dat die idee se oorsprong – in my betrokke geval – lê in Korea, toe ek gesê het ek is in "economic exile", weg van die druk van die konvensionele

middelklas in die Republiek van My Geboorte. Ek het ook gesê dat ek my ballingskap sal ophef wanneer ek “sufficiently empowered” is om in Suid-Afrika op eie terme te kan leef. Ek het uiteindelik teruggegaan na twee jaar, nie omdat ek “sufficiently empowered” was nie, maar omdat ek gevrek het van eensaamheid. Ek het ’n paar idees gehad oor wat ek wou doen – hardly watertight, maar soos die movie gesê het in die vliegtuig op pad terug, “a good idea today is better than no idea yesterday” (of so iets).

Ek is nou al amper twee jaar in Taiwan, en soos die titel van hierdie stuk aandui, is hierdie nie die eerste woorde wat ek skryf oor die onderwerp van ballingskap nie. Ek probeer gewoonlik om nie Sondagaandblues-geïnspireerde idees oor die opheffing van my ballingskap ernstig te vat as dit nie hou tot ten minste Maandagaand nie, maar die afgelope paar weke het die blues-geïnspireerde idees ’n betreklike rypheid bereik (ek skryf immers hierdie essay op ’n Vrydagoggend).

[…]

Ek het ’n paar maande gelede die oortuiging begin verkondig dat die lewe wat ons expat teachers het in Taiwan bevorderlik daarvoor is dat ons onsself bedrieg. Wat het ek bedoel daarmee? As ’n foreign English teacher in Taiwan kan mens lekker geld maak sonder om jouself dood te werk. Jy bly in ’n ruim woonstel; jy’t ’n paar luukshede wat jou lewe gemaklik maak; jy kan bekostig om jouself te bederf met artikels soos Japannese sonbrille en Amerikaanse tekkies; en jy leef ’n eksotiese lewe in die Verre Ooste (eksoties in vergelyking met die lewe waarmee ék in elk geval grootgeword het in ’n soort van middelklas voorstedelike omgewing). Maar niks van hierdie dinge maak jou gelukkig as daai oer-behoefte om êrens te behoort, nie vervul word nie. So dink jy dalk jy’s oukei, tot jy een Sondagoggend wakker word met ’n babelaas van nog ’n Saterdagaand wat jy op jou eie gespandeer het (om die aand saam met ander foreigners deur te bring is ook maar net soos om lekkers vir ’n honger kind te gee). Teen Sondagaand besef jy weereens dat jy jouself baie gemaklik gemaak het op ’n plek waar jy nie werklik

behoort nie. Om jouself dan beter te laat voel, ry jy na die naaste musiekwinkel toe om geld op nog CD's te spandeer, net om te hoor hoe Bob Dylan vir jou preek dat jy nie "paradise" moet verwar met daai "home across the road" nie [uit "Ballad of Frankie Lee and Judas Priest"].

Dit bring my toe op die punt wat ek 'n nuwe oortuiging in die wind wou gooi: dat ek nooit sal voel ek behoort hier nie – met die uitsondering as ek trou met 'n Taiwannese vrou, wat die plek persoonlik sal maak tot so 'n mate dat dit sal kan kompeteer met die land van my geboorte.

In die afwesigheid van enige betekenisvolle verhouding met 'n vrou van hierdie land was dit dus onafwendbaar dat ek weer sou terugkeer na 'n paar ou vrae: Wat presies maak ek hier? Gaan ek hier bly vir die res van my lewe? Indien nie, sal ek terugkeer Suid-Afrika toe? Indien daar wel goeie redes gevind kan word hoekom ek moet teruggaan, wanneer? Die belangrikste vraag wat dan na vore tree is presies wat ek sal doen wanneer ek terug is.

Dit sal dalk waarde hê om myself (en dalk die leser) te herinner aan die redes hoekom ek in November 1998 besluit het om, ten spyte van wat ek gesê het in Mei van daai jaar, weer my rugsak te pak en terug te kom Ooste toe. Ek het dit geniet om tussen my eie mense te wees, om my familie elke paar weke te sien, en om uit te gaan met vrouens met wie 'n man 'n behoorlike gesprek kon voer. Hoekom was ek bereid om hierdie en baie ander dinge weer op te gee? Ek het gewoon in 'n bediendekamer in die agterplaas van 'n vriend se erf; al my meublement was gemaak van weggooiplanke; my matras het bestaan uit ou stukke spons wat ek aanmekaar geplak het; ek het nie 'n kar gehad nie; ek het R2600 per maand verdien, waarvan ek R2000 aan my studieskuld moes afbetaal, en ek het gewerk in 'n administratiewe kapasiteit by die bedryf van reeds genoemde vriend wat so welwillend was om my toe te laat om gratis op sy erf te woon. Daar was sekerlik ander opsies, maar my ambisies en my persoonlike politiek was van so 'n aard dat om terug te kom Ooste toe geblyk het die enigste werklike oplossing te wees.

Wat ek in die afgelope twee jaar hier gedoen het, was veel, veel meer as wat ek gedink het ek sou doen. Die oorspronklike idee was om geld te maak, en om my skuld af te betaal. Ek sou dan een of ander tyd terugkeer Suid-Afrika toe, ’n huis koop, en op die stoep sit en vir almal wat verbystap, middelvingers gooi. Ek wou vry en onafhanklik wees.

Dit het my nie lank gevat voor ek besef het dat ek hierdie doelwitte moes kwalifiseer nie. Om “vry en onafhanklik” te wees, so het ek gereken, kan ook impliseer dat niks en niemand regtig vir my saak maak nie: Geen vrou nie, geen kinders nie, geen verpligtinge of verantwoordelikhede nie.

’n Duideliker formulering het soos volg gelyk: om die vryheid te hê om te kan *kies* wat ek wil doen, en myself hoofsaaklik daarmee besig te hou; om onafhanklik te wees van base en besighede en instellings wat wil dikteer hoe ek moet lyk, wat ek moet sê, en hoe ek ’n groot deel my dag moet spandeer – net omdat ek afhanklik is van die geld wat hulle na my bankrekening toe kanaliseer aan die einde van elke maand.

Siende dat ek nog nie heeltemal in ’n posisie is om middelvingers te lanseer nie, kan dit dus met betreklike sekerheid gesê word dat ek tans vasgevang is tussen my ambisieuse doelwitte en my werklike situasie.

Twee oplossings bestaan vir hierdie dilemma. Die een is ’n welbekende fantasie: die ontelbare miljoene wat jy jou eie kan noem as jy die Britse Lotery gewen het. Die ander oplossing is om werksgereedskap in te win waarmee jy vir jouself onafhanklikheid kan *bewerkstellig* van jou ekonomiese meesters. In my geval kom dit tot ’n groot mate daarop neer om ’n goeie rekenaar te besit.

Om oor al die gereedskap te beskik wat jy benodig, en gereeld gebruik te maak daarvan, betaal natuurlik nie outomaties die huur aan die einde van die maand nie. Aanvangskapitaal is dus noodsaaklik. Dit is om hierdie rede dat ek steeds my woonstel elke dag verlaat om ’n diens te lewer waarvoor daar op hierdie plek ’n aanvraag is, naamlik Engelse lesse wat aangebied word deur “an actual speaker of the language” (wat in meeste gevalle neerkom op ’n ander

kleur vel, en soms ander kleur oë as al die plaaslike Engelse onderwysers wat soms meer bekwaam is om dieselfde werk te verrig).

Een ding is egter belangrik om te noem in hierdie bespreking van my edel stryd om onafhanklikheid – ek beplan nie meer om genoeg geld te akkumuleer om ’n huis te koop en vir die res van my dae op die stoep te sit en vir mense wat verbystap deuntjies op die blokfluit te speel nie. Die idee is om hierdie gereedskap wat ek bymekaar begin maak het eerder te gebruik om ’n *gereelde inkomste* te verdien. Hierdie proses om die Skepping van Kreatiewe Werke my inkomste-genererende besigheid te maak, het reeds begin.

[…]

[In die res van die stuk het ek die beginsels probeer verduidelik daarvan om jou kreatiwiteit te gebruik om ’n inkomste te genereer. Ek het egter vasgeval in lang sinne wat nie heeltemal gesê het wat ek wou sê nie, en het die proses gestop in die middel van een van hierdie sinne. Die idee en die argument daaragter word wel voortgesit in ander stukke.]

Die doel van my lewe

Sondag 25 Februarie 2001

’n Eerlike Poging ter Oplossing van ’n Netelige Probleem/’n Voorlopige Ondersoek na die Doel en Betekenis van die Lewe, en Wat Ons Moet Doen om Vervullende en Gelukkige Lewens te Lei

DEEL EEN

’n Ode aan die bioskoop

“Real life is not like in the movies where you get a realisation and your life changes the next day. In real life you get a realisation, and your life changes a month later.” ~ *Postcards from the Edge*

’n Paar dae gelede, om kwart oor een in die oggend, het ek myself ’n afsnypunt gegee: Teen halftwee moes ek ’n antwoord hê op die vraag van wat ek wil doen met my lewe. Ek neem toe stelling in op die stoep, en rook ’n sigaret. Halftwee het gekom, en halftwee het gegaan, soos verwag kon word, sonder dat ek enigsins gevorder het in my ondersoek. Hulp, of inspirasie, sou met ’n oop gemoed verwelkom word.

’n Rolprent wat ek ’n paar maande gelede gesien het, kom toe by my op as ’n moontlike padaanwyser. Dit het gehandel oor ’n klomp rekenaarprogrammeerders, en hoe hulle geworstel het met die vraag na die waarde van hulle lewens. (Soos dit maar gebeur, was die een karakter ’n bietjie meer obsessief oor die onderwerp.) Gedurende een gesprek bespreek hulle toe die verskil tussen wat hulle doen met hulle lewens, en wat vir elkeen meer ideaal sou wees. Met ander woorde, as hulle nie ten minste agt ure per dag, vyf dae per week moes wegslyt in kantoorhokkies vir ’n inkomste nie, wat sou hulle gedoen het met hulle tyd? Een karakter noem toe

dat ’n onderwyser eenkeer vir hulle gevra het wat hulle sou doen met ’n miljoen dollar. Die antwoord, in teorie, moes dan ’n aanduiding gee van watse beroep jy moes volg. As jy byvoorbeeld antwoord dat jy ou karre sou regmaak, is dit veronderstel om te beteken dat jy ’n motorwerktuigkundige moes word. (Laat dit ’n mens nie soms met die indruk dat die lewe ’n wit olifant is nie? Iemand het vir jou hierdie ding gegee wat ons “lewe” noem, maar jy weet nie mooi wat om te doen daarmee nie, en weggooi is nie ’n opsie nie.)

Geïnspireer deur hierdie brokkie raad, stel ek toe vir myself die volgende vraag: As ek vyf miljoen rand gehad het, hoe sou ek my dae en nagte gespandeer het?

Nou, hierdie is ’n wolk waarop ek gereeld aan die slaap raak in die aande, en die voorlopige antwoorde is altyd dieselfde – koop vir my ouers ’n groot huis en gee vir hulle genoeg geld sodat hulle kan aftree; gee vir my twee susters genoeg geld sodat hulle hulself nooit weer oor geld hoef te bekommer nie; koop vir myself ’n ou gebou, gaan op reis vir ten minste ses maande, sien al die plekke wat ek nog altyd wou gesien het, bou ’n internasionale netwerk van minnaresse op … en dan raak ek gewoonlik aan die slaap.

Na ’n uur of so van dink wat ek met vyf miljoen sou doen, kon ek nie met beter antwoorde as die gewones vorendag kom nie. Ek het geweet dat hierdie alles korttermyndoelwitte is. As ek klaar huise gekoop en ’n klomp geld weggee het, is die doelwitte nie meer geldig nie.

As my ouers en my susters dan gemaklik is vir die res van hulle lewens, as ek die wêreld gesien en ’n internasionale reputasie opgebou het, wat sal ek dán doen om myself besig te hou? Of dalk moet ek verder gaan en vra, wat sal ek dan doen om *betekenis* aan my lewe te gee?

Ek dink toe aan ’n ander film waar ’n paar ouens van die stad dink dat dit hulle goed sal doen om ’n bietjie beeste te gaan aanjaag oor die vlaktes. Tydens hierdie avontuur ontmoet hulle ’n ou cowboy. Een van die stadsjapies, wat ook die Groot Vraag gekontempleer het, reken toe dat ’n ou beesman die antwoord behoort te ken. Laasgenoemde het

vir ’n oomblik nagedink, en toe ’n enkele vinger die lug op gesteek. “One thing,” sê hy toe. Die ou wag toe in spanning vir die res van die antwoord, en toe die beesman nie sy sin klaarmaak nie vra die ou hom wat die een ding is. Die ou man antwoord toe, “You’ve gotta figure that out for yourself.”

My eie beskouings het my gemaklik gemaak met die idee, so ek het my visier toenemend begin instel daarop om ’n enkele ding raak te sien. Om die waarheid te sê het die Een Ding Teorie ’n amper dogmatiese aspek geword van my denkprosesse oor die Hoër Vrae van die Lewe. Ek was vas oortuig daarvan dat, wat ook al die antwoord, dit slegs ’n *enkele* ding kon wees.

Teen die tyd wat ek bed toe gegaan het (so teen halfvyf), het ek ’n idee gehad: Ek gaan ’n besigheid begin wat dokumentêre programme, musiekvideo’s, reisprogramme en films in DVD-formaat verkoop; miskien ’n posbesteldiens, sodat ek nie elke dag in ’n winkel hoef te sit nie. Dit dek my belangstellings in geskiedenis, musiek, aktuele sake en films. Ek het ook gereken as ek vir mense sê dat dit my ambisie is, my doelwit waarna ek streef, hulle dit aanvaarbaar sal vind, dat dit naastenby sal klink soos die tipe antwoord wat hulle self sou wou gee. Ons almal ken mense wat eindeloos aangaan oor een of ander restaurant wat hulle wil oopmaak, of ’n koffiewinkel, of ’n boekwinkel, selfs ’n skoenwinkel. Ons dryf gewoonlik nie die spot met mense as hulle sulke ambisies het nie, en ons dink nooit hulle drome is belaglik nie. Sulke ambisies maak sin. Hulle sal iets hê wat hulle besig hou meeste van die tyd, en hulle sal moontlik geniet om in ’n bedryf te wees wat goeie kos bedien, of om die heeltyd op hoogte te wees van die mees kommersieel suksesvolle boeke van die dag. Almal weet ook dat hierdie tipe ambisies, indien suksesvol, ’n inkomste sal genereer vir die mense en hulle gesinne.

Die gedagte aan *voldoende kapitaal om te befonds wat jy ook al wil doen* het dus ’n voorlopige antwoord gebring. In die hoop dat die antwoord sal hou tot ek weer wakker is, sluimer

ek toe in, wandelend deur rakke vol dokumentêre programme, musiekvideo's, en ander interessante items.

Die volgende dag (of later dieselfde dag) het ek ontwaak met 'n ligte spesmaas van iets wat onlangs bereik was. Die oomblik toe ek egter onthou wat dit was, het ek teruggesteier. 'n Winkel?! Ek, 'n winkeleienaar? Hoe op aarde het ek daarby uitgekom as 'n rede vir my bestaan?

Die lig van 'n nuwe middag het inderdaad helderheid gebring. Ek moes van voor af begin.

Op 'n wetenskaplike wyse besluit ek toe om te kyk na die moontlike redes hoekom ek dit aanvanklik beskou het as 'n goeie punt, om sodoende voort te gaan met die volgende stap in die proses. Mense vind bevrediging in hulle werk, dan nie? En nie almal het 'n betrekking wat ander beny nie! Ek ken mense wat gelukkig is met werk wat ander ongelooflik vervelig sal vind. Aan die ander kant, moet besoldigde werk noodwendig die krediet kry vir geluk in 'n mens se lewe? Of anders gestel, moet mens noodwendig *werk* doen wat jou gelukkig maak?

Maar ek probeer 'n idee in smokkel wat geregtig is op ten minste 'n voorlopige teorie: geluk, en hoekom dít so verweef is in ons soeke na doel en betekenis in ons lewens (ten minste in hierdie tyd van die wêreldgeskiedenis, indien nie noodwendig altyd so in vervloë dae nie).

Elementêre sielkunde, en gesonde verstand, leer ons dat ons sekere basiese behoeftes het. Of bevrediging van hierdie behoeftes in hiërargiese volgorde plaasvind of nie, ons weet dat dit bevredig móét word tot 'n redelike mate om in die eerste plek fisiese oorlewing te verseker, en om naas dit naastenby jou sinne te behou. Dit volg ook, uit gesonde verstand meer as enige iets anders, dat as al ons behoeftes bevredig word, ons 'n sensasie ervaar wat ons gewoonlik "geluk" noem. As ons genoeg eet, relatief gesond is, behoorlike nagrus inkry, ordentlike skuilplek het (óf in 'n huurkamer, óf in 'n paleis), liefde ontvang en liefde gee (in fisiese en emosionele terme), 'n redelike begrip het van hoe

alles inmekaar steek, en as ons uiting gee aan ons kreatiewe behoeftes, dan voel ons gewoonlik dat die lewe orraait is, om die minste te sê.

As enige van ons basiese behoeftes – fisies of andersins – nie bevredig word nie, ervaar ons ’n sensasie van ’n ander aard. Afhangende van die graad van onvervuldheid en die tipe behoefte, verklaar ons gewoonlik dat ons “ongelukkig” is, of “nie lekker voel nie”. In die geval van ernstige nood of gebrek – of om net meer spesifiek te wees – gee ons hierdie onaangename sensasies name soos “honger”, “koue”, “vrees”, of “eensaamheid”.

Maar hoe pas die vervulling van behoeftes in by ons bespreking van werk (of werkloosheid, wat ook al die geval mag wees)? Dit werk soos volg: die besoldigde arbeid wat ons lewer bepaal die graad waartoe ons die meeste van ons behoeftes kan bevredig. Genoeg geld beteken genoeg kos – tensy die geld geblaas word op ander behoeftes wat minder belangrik is in verhouding met behoeftes wat bevredig móét word om die voortbestaan van ons lewens te verseker. Hope geld, weereens in teorie, kan ’n miljoen rand skuiling beteken vir jou en jou intieme sirkel, en eersteklas bevrediging van jou (of julle) ander behoeftes. Die alternatief: geen geld nie, geen kos nie; geen kos nie, slegte gesondheid, en uiteindelike dood vanweë komplikasies teweeggebring deur onvoldoende bevrediging van basiese behoeftes. Tussen hierdie twee pole lê ’n spektrum met ’n duisend punte wat verskil in graad van behoefte vervulling. Dit alles bevestig steeds die basiese waarheid dat die inkomste wat jy verdien ’n direkte verhouding het tot die graad waartoe jou behoeftes bevredig word, asook die kwaliteit daarvan.

“Masters of simplicity” is wat die historikus, Alan Bullock, twee van die bloedigste diktators van die twintigste eeu noem. Volgens hom het Adolf Hitler en Joseph Stalin geweier om oorweldig te word deur die kompleksiteit van probleme wat hulle in die gesig gestaar het. Ek neig na presies die teenoorgestelde. Nie net voel ek oorweldig deur vrae oor die

doel en betekenis van die lewe nie, ek raak by tye angsbevange daaroor! Die rede hiervoor is die groot aantal moontlike antwoorde op die vrae. Verskeie gevestigde godsdienste moes in die laaste paar dekades kompeteer vir aanhangers (en monetêre donasies) met honderde sektes, bewegings en kwasie-religieë. Predikante, hoë priesters, lae priesters, pouse, rabbyne, heilige mans, onheilige mans, heilige vrouens, selfs die plaaslike kroegman, het almal hulle eie antwoorde op die vrae wat ons vra. By hierdie lys kan jy voeg antieke filosowe, pseudo-filosowe, sielkundiges, selfverbetering-ghoeroe's, akteurs wat skrywers word, skrywers wat sangers word. Die lys is oneindig. As jy nog vriende en familie byvoeg, sal jy begin voel soos 'n speelgoedrobot wie se drade gekruis geraak het. Jy begin selfs in meubels vas te loop, en jy stamp jou kop teen die mure. En dis nie eers altyd opsetlik nie.

'n Paar weke gelede gooi my ma nog 'n bestanddeel by die pruttende brousel. Sy't gereken dit sal goed wees om met my een van die basiese feite van die werklike (lees: middelklas) lewe te deel, naamlik dat 'n man sy merk moet maak voor die 35e herdenking van sy aankoms op hierdie planeet. Hy moet, om die waarheid te sê, reeds sy hakke begin inkap teen sy middel-twintigs, maar as hy ten minste op pad is teen dertig kan hy steeds die laaste stukrag insit so teen sy middel-dertigs. Na 35, volgens my ma, begin dit toenemend moeilik raak vir 'n man om sy plek in die wêreld te vind. (Dit is natuurlik op vrouens ook van toepassing. Ek het twee susters, en ek is nooit grootgemaak om te dink net omdat ek 'n seun was ek minderwaardig hoef te voel teenoor my susters nie. Of andersom, soos ek later agtergekom het die neiging in die breër gemeenskap blyk te wees.)

Ek het my ma op die betrokke aand heelhartig bedank vir haar advies (wat tot 'n mate sin maak). Die gedagte is dus om jouself op iets toe te spits vir 'n aantal jare, om een of ander vermoë baas te raak, of om 'n kwalifikasie vir 'n spesifieke beroep te verwerf. Ek het ook besef dat die motivering agter hierdie advies, en die ouderdom wat daaraan gekoppel word,

moontlik iets te make het met die feit dat ’n mens se ouers nie wil hê jy moet weer by hulle intrek op ’n stadium in hulle eie lewens wat hulle nie elke dag in jou bakkies wil vaskyk nie (en soveel te meer nie as jy werkloos is nie).

Die ander rede hoekom jy finansieel gemaklik moet wees teen 35, is omdat jy dit dalk oorweeg om ’n paar afstammelinge te produseer. Ons almal ken die assosiasies: meer monde om te voer, meer kruideniersware, nuwe skoene en klere, skoolgelde, groter huis, groter kar, duurder huispaaiemente, 35 op pad 60 toe. Ek kon sien waarheen hierdie argument beweeg. Die ideaal van ’n konvensionele middelklaslewe was nog nooit my hoofmotivering om op te staan in die oggende nie (of in die vroeë middag, soos deesdae die geval is). Maar om dit aan te voer as ’n rede om nie te doen nie wat mense al doen vanaf lank voor die mees antieke filosowe die eerste “Hoekom?”-teorie geformuleer het, is nie goed genoeg nie.

Hoekom blyk dit dat (amper) alle mense (amper) altyd neig na dieselfde ding, in goeie tye en slegte tye, of hulle mooi of lelik is, ryk of arm, geniaal of idioot? Die mens bereik ’n sekere ouderdom, hy of sy begin anders optree as voorheen, en as hulle weer hul oë oopmaak, eet hulle nie meer alleen ontbyt nie. Dieselfde neiging herhaal homself deur elke era van die wêreldgeskiedenis, deur elke generasie, oor alle grense heen – ongeag ras, godsdiens, ideologie, opvoeding, agtergrond, klas of status. Hoekom wil dit voorkom asof mense altyd na mekaar toe dryf – met elke nou en dan twee wat gelukkig die sononder binnestap? Hoekom wil dit verder blyk dat dit mense gelukkig maak deur sosiaal te verkeer met individue met wie hulle iets in gemeen het?

Dis eenvoudig, mag jy dalk antwoord: Mense het mekaar nodig. Soos diere het ons ’n behoefte aan die veiligheid en ondersteuning van ’n groep. Ons word ook gebore met die drang om voort te plant, daarom die intieme kontak tussen (gewoonlik) twee mense op ’n slag.

’n Verdere verduideliking vir hierdie neiging onder die mens kan gevind word in ’n oppervlakkige oorweging van die

teenoorgestelde van verhoudings en assimilasie, naamlik die verskynsel van eensaamheid – om alleen te wees wanneer jy nie noodwendig alleen wíl wees nie. ’n Karakter in ’n ander fliek het eenkeer genoem dat volgens Amerikaans-Indiaanse volkskunde, om die wêreld alleen te bewandel die ergste straf is wat ’n man opgelê kan word. Dit is ook toevallig die ergste (amptelike) straf wat ’n gevangene opgelê kan word in ’n tronk. “Gooi hom in die gat vir twee weke!” sal ’n tronkhoof soms gil in ’n fliek, en dan val die ander gevangenes se oë paniekerig vloer toe. Dis nie net die afwesigheid van sonlig wat die man tot op die rand van ’n senu-ineenstorting gaan dryf nie – mense het ander mense nodig. Wysheid uit Afrika komplementeer dié van die Inheemse Amerikaners met die konsep van “ubuntu” – ’n mens is ’n mens, deur ander mense.

Universele verskynsel, wysheid uit Afrika en Noord-Amerika, die tronkbaas in die fliek, en my ma, bevestig derhalwe almal dieselfde ding: Ek het ’n hond nodig. Is dit nie een van die hoofredes hoekom mense troeteldiere aanhou nie? Om hulleself te kompenseer vir die afwesigheid van menslike geselskap! Of as hulle dan gelukkig genoeg is om daagliks hulle lewe met ander te deel, om iets te hê om mee te gesels as die gewone geselskap nie in die bui is nie, of tydelik afwesig.

’n Troeteldier het egter meer waarde as net om iets te hê wat terugblaf as jy praat, en het ’n meer betekenisvolle uitwerking op die mens se psige as net ’n bietjie vermaak as hy vir jou toertjies doen. Om ’n troeteldier te hê, is om te ervaar hoe dit voel as ’n ander lewende wese jou nodig het – iets buite jou wat nodig het dat jý lewendig moet wees. Dit gee ons ’n gevoel van waarde. Dit laat ons voel asof daar ’n doel in ons lewe is, ’n rede vir ons bestaan. (Die idee dat jy aan die lewe moet bly om vir Bruno twee keer per dag ’n bak korrels te gee, word natuurlik in ’n nuwe perspektief geplaas die oomblik as jy daaraan dink dat hy heel moontlik straataf sal draf en elders anders korrels sal gaan soek as jy aanhou om filosofie met hom te praat.)

Ons het ander mense nodig – soos daar reeds uitgewys is, en selfs meer as wat ons troeteldiere nodig het – om vanselfsprekende redes: Ons het nodig om êrens te behoort, ons het kameraadskap nodig, en in die geval van gewoonlik intieme verhoudings, voel ons ook die behoefte aan om voort te plant. In ’n onlangse fliek oor ’n troue-sanger, kom die hoofkarakter by ’n punt waar hy vir sy vriend sê dat, van daardie oomblik af, beide van hulle “free and happy” gaan wees. Sy vriend maak sy glas whiskey toe in een sluk leeg en antwoord, “I’m not happy. I’m miserable.” Hy gaan toe voort om te verduidelik dat, ten spyte van sy reputasie as ’n enkellopende Romeo, hy net iemand soek om hom vas te hou, iemand wat hom kan vertroos met die woorde dat alles sal uitwerk. Gooi hierby die idee van die *ons* van ’n verhouding, en ’n mens raak toenemend oortuig van die feit dat jy êrens *behoort* as jy in ’n betekenisvolle verhouding is met ’n ander persoon. ’n Franse madame wat troos (en soms liefde) haar besigheid gemaak het in ’n ander fliek, som die redes vir die intieme verhouding tussen twee mense op as “romanse, kameraadskap en toewyding”. ’n Verhouding van hierdie aard het ook die addisionele bonus dat jy iemand het om mee te gesels as jou troeteldier elders anders besig is. En om ’n bietjie speserye by die brousel te gooi, het jy natuurlik iemand saam met wie jy die kuns van voortplanting kan verfyn.

Om belangrik te wees vir iemand anders, om iemand te hê in jou lewe wat jou as ’n onontbeerlike deel van sy of haar lewe beskou, gee betekenis aan jou bestaan. Dis ’n eenvoudige ooreenkoms, maar dit werk: Ek sal betekenis gee aan jou lewe, as jy betekenis gee aan myne.

Het ek die Een Vinger Ding opgelos? Is liefde, soos baie vermoed, die antwoord? Gee “romanse, kameraadskap en toewyding” betekenis aan ons lewens, en ’n rede om te leef? Dit mag sinies klink, maar ek is nie heeltemal tevrede nie.

Dit is waar dat ons liefde nodig het, en dat dit ons in staat stel om die Groot Vraag tot ’n bevredigende mate te beantwoord. Ek het egter tot die konklusie gekom dat ons ten

minste *twee* ander dinge nodig het om die legkaart te voltooi. Eerstens moet ons ’n manier vind om die voortdurende bevrediging van ons materiële behoeftes – insluitende voedsel op ’n daaglikse basis en beskerming van die elemente – te verseker (reeds aangeraak ’n paar paragrawe terug). In die taal van die moderne tyd beteken dit een ding: geld. Tensy ons een of ander lotery wen, impliseer dit verder dat ons nodig het om *werk te doen*, om hierdie geld te *verdien op ’n gereelde basis*. In die tweede plek – of naas liefde en geld, die derde stuk van die legkaart – het ons iets nodig wat ons *geniet* om te doen. Sommiges noem hierdie aktiwiteit ’n stokperdjie; ek verkies om dit Die Derde Ding te noem.

Laat my toe om kortliks die betekenisvolle impak te verduidelik wat Die Derde Ding het op die moontlikheid van geluk en vervulling in ons lewens. Hierdie ding – of dit nou ’n aktiwiteit, of die bemeestering van een of ander vermoë is, of doodgewoon net om dinge te versamel – is waarop vele van ons die meeste van ons tyd sóú spandeer as ons dit nie moes spandeer om ons maandelikse salaristjeks te verdien nie. Die redes hoekom ons hierdie Derde Dinge najaag, wissel van ontspanning tot die uitdaging wat dit ons bied tot die sin van eiewaarde wat dit tot gevolg het. Die onderliggende beginsel is egter dat ons dit geniet.

Party mense sal argumenteer dat hulle dit geniet om seëls te versamel, maar dat hulle dit nie noodwendig voltyds sal wil doen nie. Hulle sal verder argumenteer dat hulle geniet om te doen wat hulle gekies het om geld mee te verdien (as dit nie is om skaars seëls te versamel en dit teen ’n wins te verkoop nie). Hierdie argumente bevestig, tot ’n mate, die beginsel dat ons iets nodig het wat sommige ’n stokperdjie noem – wat saakmaak is dat dit iets is wat ons geniet.

Realistiese gesproke behoort die werk wat ons kies om ons spreekwoordelike brood en botter mee te verdien iets te wees waarin ons naastenby geïnteresseerd is, en wat ons tot ’n redelike graad geniet om te doen. ’n Professionele fotograaf is ’n goeie voorbeeld van iemand wat ’n inkomste bewerkstellig op ’n terrein waarin hy of sy werklik belangstel.

Dit mag dalk selfs die behoefte aan ’n Derde Ding verminder, want die wyse waarop hierdie fotograaf geld verdien, verskaf reeds die nodige vervulling van die derde deel van die formule. Indien jy egter nie so geseënd is met die vermoë om goeie beroepskeuses te maak nie, of vanweë ander redes nie jou besoldigde situasie geniet nie, het jy ’n aparte belangstelling of aktiwiteit nodig om die formule te laat werk.

Balans is ’n verdere faktor wat in berekening gehou moet word. ’n Lewensmaat vervul ’n hele reeks behoeftes, net soos jy (hopelik) dieselfde behoeftes vervul vir hom of haar. Almal weet egter dat liefde nie die huur betaal nie (as ’n karakter in ’n fliek dit nie al gesê het nie, is ek seker daarvan jou ma het dit al genoem). Jy of jou lewensmaat, of albei, het dus ’n inkomste nodig waarmee die huur of huispaaiement betaal kan word, kos en klere gekoop kan word, en soos meeste mense in die ontwikkelde wêreld al agtergekom het sedert die Industriële Rewolusie, om veel meer ander artikels aan te skaf as wat ’n mens werklik kan bekostig en/of nodig het. As die werk wat jy doen vir ’n inkomste jou ’n mate van genot en satisfaksie gee, het jy reeds begin om ook die behoefte te bevredig wat gewoonlik gedek word deur “dit wat mense in hulle vrye tyd doen vir plesier” (soos die woordeboek “stokperdjie” definieer).

Jy’t dus nou genoeg kos in jou maag om jou te hou vir ’n paar ure, en jou onvolmaakte naaktheid is beskerm teen die wind en weer. Jy’t ’n behoorlike dak oor jou kop, ’n relatiewe goeie begrip van die kosmos, romanse en intieme gemeenskap is daagliks deel van jou lewe, en jy sny die gras elke tweede Saterdag vir jou pret en plesier terwyl jy dink aan jou seëlversameling. Maar steeds voel jy ’n ongemaklikheid knaag aan jou binneste. En maak nie saak hoe hard jy probeer nie, jy kan nie die vraag onthou wat ons gekontempleer het toe hierdie hele bespreking begin het nie.

(SOORT VAN) DEEL TWEE

Die soektog na antwoorde op die vrae wat die mens al jaag sedert die ontwaking van intellektuele nuuskierigheid produseer gewoonlik verskeie moontlikhede. Maar net wanneer jy optimisties begin raak oor jou filosofiese vermoëns, besef jy dat jy nooit daarin geslaag het om die vraag behoorlik te formuleer nie. Wat is dit wat ons wil weet? Wil ons weet hoekom ons gebore is? Wil ons weet of ons 'n spesiale doel het wat ons moet vervul? Wil ons oortuig wees daarvan dat ons lewens waarde en betekenis het? Wil ons weet wat ons moet doen om gelukkige en vervullende lewens te lei? *Hoekom* wil ons gelukkige en vervullende lewens lei?

Meeste van ons het sekere verwagtinge van onsself, van wat ons graag sal wil bereik. As deel van ons grootwordproses kyk ons na wat ander doen, en ons identifiseer – bewustelik of nie – sekere mense as voorbeelde. Ons dink aan hoe dit sal wees om dieselfde dinge te doen as wat hierdie mense doen, of gedoen het, en om soortgelyke resultate te bewerkstellig. Maar hoekom wil ons hierdie doelwitte nastreef? Hoekom wil ons ons verwagtinge realiseer? Hoekom het ons in die eerste plek verwagtinge van onsself?

Die Griekse filosoof Plato het beweer dat omdat ons vrees om te verdwyn in die nietigheid, ons onsterflikheid wil bewerkstellig. Ons kyk na die diereryk, en ons hoop dat ons lewens meer waarde het as dié van 'n rot of 'n kameelperd. Ons weet hoe delikaat ons lewens kan wees, maar ons is ook bewus van sekere unieke kwaliteite en vermoëns waaroor ander diere nie beskik nie.

Die oortuiging dat ons meer moet bereik in ons leeftyd as wat 'n wilde dier sal bereik in syne, blyk 'n natuurlike resultaat te wees van ons superieure intellektuele vermoëns. As ons nié meer behoort te doen met ons lewens as die gemiddelde dier nie, waarom beskik ons dan oor vermoëns wat soveel meer gevorderd is as ons primaatneefs en -niggies aan wie ons die naaste verwant is? Ons begin vrae te formuleer wat ons nader kan bring aan wat dit beteken om "mens" te

wees. Ons wonder oor die “betekenis van die lewe”, of daar ’n spesifieke rede is hoekom ons gebore is, of daar ’n doel is vir ons bestaan.

Ek vermoed dat hierdie vrae nie bloot verskillende weergawes is van dieselfde basiese soeke nie, en dat dit derhalwe nodig is om verskillende antwoorde aan elke vraag te gee. Ek wil verder voorstel dat ’n mens aanvanklik konsentreer op ’n enkele een, naamlik die vraag na wat jou gelukkig maak. (Vele sal protesteer dat persoonlike geluk tog so selfsugtig is, en moet ons dan nie streef na iets meer edel nie? Laasgenoemde is ’n onderwerp wat later aangeroer sal word; die leser sal ook vind dat ’n meer edel strewe nie teenstrydig is met die primêre emosie wat ons “geluk” noem nie. Die moontlikheid van geluk speel verder ’n sentrale rol in die oortuiging dat die lewe die moeite werd is, hoe mense ook al kies om te definieer wat hulle gelukkig maak – hetsy onophoudelike vermaak, of toewyding aan ’n goeie saak.)

Is daar ’n antwoord op wat ’n mens gelukkig maak waarmee meeste mense sal saamstem? Ek glo daar is.

Dis op oomblikke soos hierdie wat sommige lesers dalk ’n lewensveranderende openbaring verwag. Hulle sien moontlik in hulle geestesoë hoe ek my keel skoonmaak, die mikrofoon met geswete vingers vasklem, en begin praat, stadig, met elke woord fyn opgeweeg. Dan, na hulle my magiese uiteringe beluister het, mag hulle hulself dalk voorstel hoe hulle terugdeins, en dan met agting prewel: “Sjoe! Dis dan waarmee ’n mens vorendag kom as jy jare spandeer in eensame isolasie in ’n poging om ’n antwoord te vind! Ek is so verlig dat jy vir my hierdie wonderlike woorde gegee het! Dis nou duidelik dat ek dit self nooit sou kon uitwerk nie …”

Die waarheid is, gelukkig vir almal van ons, veel minder dramaties (al hét dit my jare van moontlik onnodige semi-eensame opsluiting geverg om uit te werk). Wat ’n mens nodig het, is die drie dinge wat reeds bespreek is. Vir dié wat nie mooi die patroon raakgesien het nie, hier’s dit weer: ’n mens het liefde nodig, en jy’t geld nodig, en dan het jy iets nodig wat jy geniet om te doen – op jou eie, sal dalk wys wees om

by te voeg. (Goeie gesondheid kan as ’n addisionele vereiste genoem word, nou dat ek daaraan dink). As hierdie elemente deel is van jou lewe tot ’n bevredigende mate, is jy ten minste op pad na ’n bestaanstoestand wat “persoonlike geluk” genoem kan word, en mag jy dalk net oortuig wees daarvan dat die lewe die pyn en teleurstelling werd is wat soms onvermydelike bestanddele is van ons bestaan.

’n Ekstra woord van advies sal hier nie onvanpas wees nie: Balans móét gehandhaaf word. As die balans versteur word, sal dit wees soos ’n towerformule wat nie werk nie omdat jy die woorde in die verkeerde volgorde geuiter het, of omdat jy iets uitgelaat het. As jy te veel tyd spandeer om geld te maak, en jy jou verhouding met die persoon (of persone) wat jy liefhet skade aandoen, sal dit die toorkrag verbreek. Aan die ander kant, as jy die heeldag die bed warm lê met jou lewensmaat, gaan dit nie werk as jy die bankbestuurder meedeel dat liefde belangriker is as geld as hy wil weet waar die maandelikse huispaaiement is nie. Die derde ding is ook essensieel om die eerste twee aan te vul, en die hele storie te balanseer. Verhoudings verloop nie altyd vlot nie, en soms maak iemand by die werk jou pogings om ’n inkomste te bewerkstellig nog meer sieldodend as wat jy verwag dit moet wees. Op sulke tye help dit om te dink daaraan dat jy ’n bietjie kan gaan visvang, of dat jy later weer jou kitaarsnare kan sit en pluk op die agterstoep.

Daar het jy dit dan, soos jy sekerlik nog altyd vermoed het: liefde, geld, en iets wat jy doen vir die suiwer genot daarvan. Dit hang van jouself af watter een die belangrikste is, of watter een die meeste van jou tyd verdien. Persoonlik dink ek ons kan almal doen met ’n kitaar, maar nie eers Jimi Hendrix kon oorleef sonder liefde of geld nie. En onthou, die *kennis* dat brood jou honger kan wegvat, is nie voldoende om jou maag op te vul nie. *Jy moet uitgaan en vind wat jy nodig het*, anders gaan jy opeindig as ’n eensame en honger dwaas, maak nie saak hoeveel jy weet of verstaan nie.

Dit bring ons dan by die einde van hierdie deel van die bespreking. Indien jy egter jouself bevind tussen ’n klein groepie mense wat nie tevrede is met genoeg geld, ware liefde en ’n behoorlike stokperdjie nie, nooi ek jou uit om voort te lees aan die derde en finale deel van hierdie stuk.

[…]

Ek is nie die baas van hierdie wêreld nie

Woensdag 21 Maart 2001

Ek voel ietwat verward op die oomblik.

Vir die rekord moet ek sê ek dink dis simpel dat daar hierdie verwagting is dat almal moet weet wat vir hulle belangrik is en wat hulle uit die lewe wil hê teen die tyd wat hulle klaarmaak met hoërskool, en op die laatste teen die tyd wat hulle klaar gestudeer het. En indien dit wat hulle wil doen, wat vir hulle belangrik is, en wat hulle uit die lewe wil hê, nie lekker strook met wat gewoonlik voldoende finansiële belonings meebring nie, moet hulle weet hoe hulle dit wat hulle wil doen, gaan versoen met die wêreld waarin hulle leef – waar elkeen op eentonige reëlmaat hul pond vleis na die offertafel toe moet bring.

Burgers van die establishment hoop – en verwag – dat almal wat gradueer uit die Skole van Middelklas Opvoeding en Kultuur met oorgawe hulle plekke sal inneem, sodat ’n ordelike en siviele samelewing kan voortgaan om ordelik en beskaafd te wees. Teen dié tyd weet die Wyses van die huidige inkarnasie van Beskaafde Gemeenskap egter dat ’n sekere persentasie van middelklas kandidate van vroeg af reeds paaie sal opsoek wat nie heeltemal ooreenstem met wat vir hulle uitgelê is nie. Die Wyses weet óók die meeste paaie loop na Rome – nie almal hoef ’n konvensionele beroep te volg om hulle deel by te dra tot die handhawing en uiteindelike ewolusie van hierdie samelewing nie. En vir dié wat aandring om steeds nie ’n bydrae te maak nie, is daar genoeg plek in tronke, op straat, en in tuistes vir haweloses.

Siende dat ek nog nooit sterk gevoel het oor ’n lewe in die tronk of op straat nie, poog ék ook maar om op een of ander manier my pad te vind Rome toe.

“Waar lê die verwarring dan?” mag jy vra.

Ek sou orraait wees op my eie, en ek weet watse pad ek kan loop om te kom waar ek moet – en die pad loop selfs deur

die tipe landskap waaruit ’n mens so nou en dan inspirasie kan put. Maar diepgesetelde behoeftes wat die bestaan van ’n miljoen generasies verseker het, dikteer dat ek iemand moet vind om die pad mee te deel. En, soos ons almal weet, maak die volgende geslag kort voor lank hul verskyning, ongeag of jy al jou domein afgemerk het of nie.

Verward is ek, want wil ek hê die kinders moet blonde hare en Chinese name hê, of sal ek verkies dat ook hulle moeder se taal dieselfde bekende klanke sal wees as waarmee ek grootgeword het? En as dit dan nie hier is nie, dan daar … en dán wat moet Pappa doen om kos op die tafel te sit?! En Sussie wil ’n grassnyer hê, en Kleinboet ’n paar hoë hakskoene! En die vrou wil alweer ’n *Huisgenoot* koop?! En al wat ek wil doen is om te skryf. En goeie bliksem, hier kruip nog een nader! Vrou, wanneer het dit gebeur? Ek het dan skaars tyd om te skeer! Ek dink nie hierdie Babilon was ooit vir my bedoel nie … maar nou’s dit te laat want hulle downsize al weer! En ek strike al amper veertig en al wat ek wou doen is … maar toe skielik wil ek nie meer alleen wees nie! En ek sit toe nog op ’n eiland in die Verste Ooste, en ek dog toe die oupa en ouma sal seker ook hulle kleinkinders wil sien van tyd tot tyd! En toe’t ek nie meer ’n keuse nie … ek moes my beddegoed oprol en loop.

Ek is nie die baas van hierdie wêreld nie. So is die reëls, so is die spel.

Die mooi wêreld

Maandag 30 April 2001

’n Vriendin van my het onlangs iets genoem van vier dae per week werk, en werk wat afgesaag raak. Dat sy hoogs gefrustreerd is met wat sy doen om geld te maak, is om dit sagkens te stel. Ek kon net op een manier reageer. “Jy’s ’n skeppende mens!” het ek gesê. “Hoeveel ure per dag spandeer jy om iets te maak, om iets te skep? Hoeveel ure per week, miskien?!”

Ons – die soort van opgevoede bewoners van geïndustrialiseerde lande – leef in ’n wêreld waarin ’n groot persentasie van die bevolking benodig word om sekere dienste te lewer om die ekonomiese status quo te handhaaf. En dit verg soms opoffering van mense, op ’n daaglikse basis, om die tipe arbeid te verrig wat vereis word vir hierdie doel.

Een van die opofferings wat vele mense maak, is hulle kreatiwiteit, om in kontak te wees met hulle ware natuur – om skeppend te wees. Natuurlik is daar beroepe waar kreatiwiteit vereis word, en ’n bevoorregte minderheid vul hierdie poste. Die meeste ander werkers van die Eerste Wêreldorde, soos ons dit ken, moet egter die inherente behoefte wat hulle het om skeppend te wees, ignoreer – ten minste tydens “werksure”.

Omdat ons nie leef in totalitêre state waar mense *gedwing* word om hulle vryheid op te gee nie, moet hulle *oorreed* word op ander maniere. Hoekom op aarde sal mense vir veertig, vyftig, sestig van die beste ure van die week die vrye vervulling van hulle kreatiewe behoeftes vrywilliglik opgee? Vir “Goeie Geld” natuurlik! Vir die geleentheid om te kan behoort aan die “Mooi Wêreld”! Om “mooi te kan lyk” beteken in hierdie wêreld om duur te lyk. Om bewonder te word as een van die “mooi mense” vereis dat jy jou lewe vul met “mooi goed” – wat, soos ons almal weet, beteken dat dit

heel moontlik nie by die plaaslike Hospies-winkel opgetel is vir ’n paar rand nie.

“Reken jy dan nie ook dat ’n Ferrari mooi is nie? Sou jy nie ook graag een wou hê nie?” mag iemand dalk vra.

Natuurlik! Is ’n Gibson Les Paul elektriese kitaar van R6 000 nie mooier én beter as ’n Fender replika van ’n duisend nie? Enige iemand sal die verskil kan sien en hoor. Maar ons moet onsself afvra hoeveel ons opoffer om besitters te kan wees van hierdie “mooi goed”.

’n Vlugtige rondkyk sal die indruk tuisbring dat meeste mense bereid is om te veel op te offer. Een van die heilige koeie wat ons sonder te veel seremonie werp op die altaar van die Mooi Wêreld, is ons vermoëns om kreatief te wees, om dinge te kan skep uit ruwe materiaal. Want dit is wel so dat dit baie tyd vereis! Maar meeste van die tyd is ons óf besig om geld te maak met aktiwiteite waarmee ons sekerlik nie onsself sou besig hou vir veertig-plus ure per week as dit nie was vir die finansiële kompensasie nie, óf ons is besig om ons hoofpyne te probeer weg ontspan na werk, óf ons is besig om ons Goeie Geld te blaas. Maar die feit dat ons die keuse maak om nie kreatief te wees nie, neem nie die inherente behoefte weg om te wil skep nie!

Tensy ons moeite doen om hierdie behoefte op een of ander volhoubare wyse te bevredig – anders as met die arbeid wat sommige van ons verrig, vul ons die vakuum deur die geld wat ons verdien te spandeer op “mooi goed”, om onsself sodoende ’n bietjie beter te laat voel oor onsself. As dit nie werk nie, dan regverdig ons die keuses wat ons maak deur te wys daarop dat ons “volwasse” is, dat ons die sogenaamde “real world” beter verstaan as daai kunstenaar wat nie geld maak nie. En ons lag soveel beter vir flou grappe in ons peperduur uitrustings as vir iets wat regtig snaaks is, maar dit doen nie ons versigtig aanmekaargelapte persona goed om te wys ons waardeer dit nie. En dis soveel makliker om iemand skeef aan te kyk wat vra, “Wag ’n bietjie, wat presies doen ons hier?” as jy, wat self nie ’n antwoord daarop het nie,

skitter met pêrels, en jou nuwe Italiaanse skoene blink soos jy die straat afstap na nog ’n winkel toe.

Maar wat help pêrels en duur horlosies en Italiaanse skoene as jy op veertig besef dat, ten spyte van jou vroeëre drome en ambisies, ook jý gesneuwel het in die ou strik wat vir alle kinders van die middelklas gestel word? Dan koop jy maar vir jou ’n Gibson Les Paul vir … R6 000? “Nee wag, gee vir my die een vir R9 000, ek het baie verlore tyd om in te haal!”

Maar jy besef dis dalk te laat. Jy besef dan dat jy jou lewe daaraan gewy het om “mooi dinge” te koop, in plaas daarvan om mooi dinge te skep. Jy’t ’n *verbruiker* geword, jouself oorgegee aan die disproporsionele verbruik van die resultate van ander mense se besluit om nie ook hulle kreatiewe natuur te verloën nie.

Dit is nodig om te sê dat ek nie getrou wil wees aan my kreatiewe natuur, maar as dit kom by die betaalslag, moet die ou wat tien ure per dag in ’n kantoor sit, vir my steak en bier betaal nie. Ek is baie geïnteresseerd in geld, en verkieslik baie daarvan. My motivering is egter dat dit my júís in staat sal stel om myself nog minder te steur aan die konvensies van die Mooi Mense; om ’n lewe te kan bewerkstellig wat herkenbaar is as ’n goeie lewe, sonder om ’n sentrale aspek van die menslike natuur te ignoreer.

Wat ek wil hê – om dit ietwat anders te stel – is dat die “mooi mense” hulle ongetoetste argumente moet afsluk met duur Franse wyn waarvoor ek die nodige kontant uit my beursie sal skud.

Hoe om kreatief te wees, én duur drinkgoed te kan bekostig vir jou spesiale gaste? Ek kan nie ’n antwoord gee waarmee almal tevrede sal wees nie, maar ek glo te veel mense skram weg van selfs die moontlikheid daarvan. Of hulle beskou die “werklikheid” waarin hulle kreatiwiteit moet opoffer vir geld as so beslis en onveranderbaar, dat hulle bang is hulle word beskou as naïef, as “idealiste” (’n vuil woord in

sommige kringe), as hulle skamerig iets wil voorstel wat teen die aanvaarde dogma van hulle “real world” indruis.

Mense noem my ’n idealis, en ek pleit skuldig. Ek is, inderdaad, hardnekkig in my idealisme, want die alternatief is nie naastenby mooi genoeg om my te oorreed om my eie natuur te verloën nie.

[En tussen die lyne spruit die gedagte dat dit steeds vir die skrywer belangrik is om die “mooi mense” te oortuig van sy standpunte nie net in sy eie wêreld van goedkoop bier en knoffelbrood nie, maar in die tipe omgewing waar “duur Franse wyn” verwag word deur die “spesiale gaste”. Dalk ’n geval van “preek vir die onbekeerdes in hulle eie wêreld”?]

Ballingskap, deel viii

Woensdag 31 Oktober 2001

Die plan

Ek bly aan in Taiwan, tot voorlopig die einde van volgende jaar.

Die onmiddellike voordele

[…]

Wat is die langtermyn voordele?

[…]

’n Derde, maar nie minder belangrike faktor nie wat ook die heeltyd in ag geneem moes word, is die strewe om maksimum produktiwiteit te handhaaf met my skryfwerk (en ander projekte). Dit is hierdie saak waaraan ek vir die oomblik meer aandag wil gee.

Ek is, en was nooit bestem, om die hoof van een of ander maatskappy te word nie. Ek is ’n skepper gebore – dis in my bloed, en dis in my brein. Dis die een ding wat ek nie kan ontken sonder om myself ernstige persoonlike probleme op die hals te haal nie.

Die wêreld waarin ek grootgeword het, waarin my waardes gevorm is, waaruit meeste van die mense kom waarmee ek sosialiseer, beloon egter mense vir hul keuse om geld te verdien op meer konvensionele wyses – wat ’n bydrae lewer tot die handhawing en versterking van die ekonomiese en politieke orde van die dag. Persoonlike sukses word gemeet aan, en die hoeveelheid respek wat ander jou gee word bepaal volgens, die waarde van jou arbeid binne hierdie stelsel. ’n Man kan byvoorbeeld die mees komplekse, en mooiste

musiek komponeer sedert Amadeus Mozart, maar as hy geld moet bedel vir koffie en op ’n vriend se sitkamervloer slaap, sal hy uit die vuis geag word as ’n mislukking.

In hierdie wêreld word mense uitgeken aan ’n reeks “kentekens” – nasionaliteit, sosio-ekonomiese agtergrond, ras, godsdiens, politieke oortuigings, statussimbole, gedrag en kleredrag, om ’n paar voorbeelde te noem. Nog ’n “kenteken”, wat oorvleuel met van die reeds genoemde items, is beroep. ’n Advokaat, byvoorbeeld, word met eerste ontmoeting met meer respek behandel as ’n straatveër, ’n bankbestuurder met meer respek as ’n kleuterskoolonderwyseres.

My ouer suster het gegradueer met ’n kwalifikasie wat haar na die toepaslike ondervinding die reg gegee het om haarself voor te stel as ’n “Geoktrooieerde Rekenmeester”. My een vriend is ’n gesertifiseerde “Landskapargitek”. Ek het na vyf jaar se tersiêre opleiding die wêreld in die gesig gestaar as ’n gekwalifiseerde “Hoërskoolonderwyser”.

Om ’n onderwyser te wees – selfs in ’n vak soos Geskiedenis waarvoor ek ’n sterk affiniteit het – was egter nog nooit die antwoord wat ek wou gee op die vraag van hoe ek ten minste agt ure per dag, jaar in en jaar uit, wou spandeer nie.

Hoe nou gemaak?

Teen die begin van 1996 het ek gesit met duisende rande se studieskuld. Ek het ook die behoefte gehad om elke nou en dan ’n nuwe hemp te koop, miskien een keer elke twee jaar ’n nuwe paar skoene, en elke dan en wan ’n nuwe CD. En ek moes eet, en êrens woon. Ek wou nie ’n loopbaan begin as ’n “Hoërskoolonderwyser” nie. Ek wou definitief nie ’n “Administratiewe Klerk” word in ’n kantoor nie, en ek wou nie enige ander betrekking aanvaar waar ek elke dag agt plus ure moes doen wat ander vir my voorskryf nie. Maar geld móés ek verdien.

Om Korea toe te gaan, het my in staat gestel om tyd te wen. Ek kon ’n bietjie avontuur smaak deur in ’n vreemde

land te woon, en terselfdertyd kon ek ’n inkomste genereer sonder dat te veel mense my gevra het wat ek met my lewe wil aanvang – of besig is om daarmee te doen. Na twee jaar in Korea was ek egter gevul met ’n begeerte om te “commit” tot iets, en êrens te “belong”.

Terug in Suid-Afrika is ek weer gekonfronteer met die probleem van watter kenteken ek vertoon in ’n omgewing waar mense beroep beskou as ’n primêre aanduiding van wie jy is, en hoe hulle teenoor jou moet optree.

’n Ambisie het jare tevore al begin groei in my binneste: Om ’n skrywer te wees. Dit was nie net ’n kenteken waarmee ek gemaklik was nie; dit het verteenwoordig hoe ek my tyd wou spandeer. Teen die einde van 1998 het die idee by my posgevat dat om te skryf meer kon wees as net iets waarin ek belangstel – dít kon my beroep wees!

Om ’n skrywer van beroep te wees is egter meer kompleks as om ’n Geoktrooieerde Rekenmeester te word. Om ’n G.R. te word moet jy ten minste vier jaar lank amper voltyds agter jou boeke deurbring om die regte tersiêre kwalifikasie te verwerf. Dan moet jy een of ander eksamen skryf, en drie jaar lank êrens ’n klerkskap doen. Uiteindelik, na hierdie uitgerekte proses, het jy die reg verdien om jouself ’n volwaardige “G. R.” te kan noem in beskaafde geselskap.

Die Pad na Geoktrooieerde Rekenmeesterskap ken ék, wat nooit eens sulke ambisies gekoester het nie. Hoekom weet ek dit? Dit is formeel uitgelê – en natuurlik het ek die merkers gesien soos my eie suster op die pad gevorder het.

Die Pad na die Eer om Jouself ’n Voltydse Skrywer te Noem is veel minder formeel. Daar’s nie ’n graad wat jy kan verwerf wat netjies geraam kan word, en wat aan alle belangstellendes sal sê, “Hierdie ou is ’n skrywer” nie. Jy kan nie vir maande lank jou senuwees rou studeer om ’n moeilike eksamen deur te kom, waarna ’n Raad van Skrywers jou amptelik verwelkom as een van hulle nie.

Daar is, helaas, net één ding wat jy kan doen om uiteindelik die Kenteken van die Skrywer te kan dra: skryf. Skryf bladsye vol; skryf boeke vol. Ontwikkel idees; lees,

dink en skryf. Skryf gedigte, kortverhale, artikels, essays en briewe. Skryf gemors, en skryf goeie goed. Skryf oor die lewe. Skryf oor die dood. Skryf oor mense, diere, instellings en die natuur. Skryf oor berge, karre, beeste en blomme. Skryf oor liefde en haat. Skryf oor dorpe. Skryf oor stede. Skryf oor gutters en skryf oor paleise. En tussen al die geskrywery deur, stuur wat jy reken goed genoeg is, na uitgewers toe. Leer hoe om manuskripte voor te lê. Vind uit in watse tipe materiaal uitgewers of publikasies belangstel. Wees kreatief, maar leer die gewoontes van ’n professionele arbeider aan. Wees ’n kunstenaar, maar weet ook dat jy jou eie brood en komberse moet koop.

Laaste gedagte

’n Mens word soms maklik verlei deur die beeld van die boheemse kunstenaar – wat nie sy hande vuil maak met iets so vulgêr soos geld nie, wat nooit sy kuns kompromitteer ter wille van finansiële beloning nie, wat honger en vuil en moeg deur die strate strompel in ou, gehawende klere, en wat op weggegooide velle kantoorpapier woorde krabbel wat eers na ’n ontydige dood as “Briljant!” bestempel sal word.

Gelukkig is die kunstenaar wat ryk ouers het en steeds sakgeld kry al is hy of sy in hulle veertigs, of wat ’n vriend of beminde het wat vir hulle sorg sodat hulle ongesteurd kan werk aan hul artistieke skeppings, of wat nie van tyd tot tyd ’n nuwe broek of ’n rok of ’n nuwe paar skoene wil koop uit eie sak nie.

Voorwaar, voorwaar, gelukkig is die kunstenaar – of skrywer – wat nie studieskuld het nie …

Ballingskap nege

Dinsdag 20 November 2001 (en ’n paar dae daarna)

Ses jaar het al verloop sedert ek geleer het dat dit meer saak maak dát jy geld het, as hóé jy die geld maak. Hierdie briljante insig het my getref omtrent ’n week nadat ’n kettingbrief in my posbus beland het, wat, in teorie, vir my X-bedrag geld per maand in my bankrekening kon besorg indien ek die instruksies uitgevoer het. Dit het op my neergedaal soos ’n seëning dat ek nie noodwendig in ’n besoldigde situasie hoef te wees om elke maand die huur te kan betaal, en van tyd tot tyd ’n nuwe paar jeans te kan koop nie.

Hierdie idee het goed gekorrespondeer met my gebrek aan entoesiasme om in te pas by die konvensionele gang van sake waar jy universiteit toe gaan, na graduering jou C.V. uitstuur in die hoop dat jy spoedig jou lewe as ’n “grootmens” kan begin, en dan na ’n jaar of drie trou met die persoon saam met wie jy op daai stadium slaap. Ek wou voortgaan met die tipe lewe waarvan my sogenaamde studentedae net ’n voorsmaak was – ’n lewe gevul met kennis opdoen, laatslaap, biblioteek toe gaan, die middag spandeer in tweedehandse boekwinkels, en bowenal, die vryheid om ’n baard te kan groei maak nie saak hoe sleg dit lyk nie.

Ek was 24 toe ek besluit het om Ooste toe te kom. Ek het geweet dit sou my die reg gee om vir almal wat wou weet te kon sê dat ek ’n “Engelse Onderwyser in Korea” is. Ek het ook geweet dit beteken dat ek die moontlik onvermydelike punt ’n bietjie langer kon uitstel wanneer ek my vryheid moet inruil vir ’n meer konvensionele lewe, en ’n skoongeskeerde gesig.

So’t ek my soektog voortgesit na ’n antwoord op die Groot Vraag: Wat is dit wat hierdie ou wil doen met sy lewe?

In die verloop van die volgende twee jaar het ek met ’n paar idees vorendag gekom. Ek wou in Engeland of Duitsland woon vir ’n paar maande, of ’n jaar. Ek wou soos McArthur

van die Filippyne met trompetgeskal ’n terugkeer maak tot die lieflike universiteitsdorp van Stellenbosch. En ek wou skryf.

Kort voor die einde van my tyd in Korea (Mei 1998), het ek nog ’n paar idees by die lys gevoeg. Twee hiervan was dat ek myself wou toewy aan iets of iemand, en dat ek êrens wou behoort. Ander idees wat uiteindelik ook bygevoeg is, het ingesluit dat ’n mens één ding moet hê waarop jy fokus, en dat die helfte van almal se lewens gaan oor die ontdekking van wat hierdie een ding is; dat my posisie in die samelewing by verstek dié is van ’n boemelaar; dat middelklas suburbia my nie gaan insluk as ek per ongeluk my paraatheid vir ’n oomblik verloor nie; en dat mag die groot verskil is tussen mense wat dit uiteindelik maak, en dié wat sneuwel langs die pad.

Terug in Suid-Afrika – waar ek veronderstel was om te “commit” en te “belong” – oorweeg ek toe die hele konsep van ’n beroep. Ek vind toe, in nie die eerste briljante insig van my lewe nie, dat ek nie noodwendig ’n probleem het met die idee van ’n beroep nie. Die probleem was dat die beroep van so ’n aard moes wees dat ek myself volslae daaraan kan toewy.

Kort daarna koop ek vir my ’n paar boekies oor skryfwerk by ’n Hospies-winkel vir R1 elk, en ek vat my skryfambisies en my vars insig na nuwe hoogtes deur te verklaar dat dít my beroep sal wees – ek sal ’n skrywer word! Meer as dit, skryfwerk sou my besigheid wees. Ek sou dus besigheidsvernuf kombineer met my skryfambisies. Ek sou nie net skryf wat ék wou nie. Ek sou kyk waarvoor daar ’n mark is, en die tipe materiaal produseer wat publikasies soos tydskrifte nodig het om hulle bladsye mee te vul.

Vyf en ’n half maande later was ek op ’n straathoek in ’n stad in die suide van Taiwan, besig om die konsepte van vryheid en onafhanklikheid te kontempleer. Siende dat die vermoë om verbysterend helder te dink my toe nie meer onkant gevang het nie, was ek nie verbaas nie toe ek na net ’n paar minute se staan vorendag kom met die insig dat vryheid en onafhanklikheid vir my, leë ambisies is. Ek het besef dat

die aantrekkingskrag van hierdie twee konsepte fundamenteel te make gehad het met my begeerte om nie skuld te hê nie – om nie meer verplig te wees om ’n finansiële las soos ’n verrottende karkas agter my aan te sleep nie. (En natuurlik het dit ook verband gehou met die ou begeerte om ’n baard te kan groei, al lyk ek soos ’n boemelaar.) Die aantrekkingskrag het begin kwyn toe ek besef dat volmaakte vryheid en onafhanklikheid ook sal impliseer dat jy niemand het vir wie jy omgee, of vir wie se lewe jy verantwoordelik is nie. Dít, het ek geweet, is in stryd met my ware ambisies. Ek wíl lief wees vir mense, en ek wíl eendag deel wees van ’n intieme groepie mense waarvoor ek medeverantwoordelikheid sal aanvaar.

So byt lank vertroetelde ideale in die stof.

Dit was in my 24e jaar op hierdie planeet toe ek die insig gehad het wat ek vermeld het aan die begin van hierdie negende deel van wat nooit so ’n lang “ballingskap” reeks moes gewees het nie. Ek is nou dertig jaar oud. Dis 20 November 2001, 25 minute oor 6 in die oggend. Die son het al slaperig haar eerste lig gegooi oor die koue, winterlandskap van Fengshan City. Ek het ’n klein brakkie wat my regtervoet warm lê, en ’n sigaret wat lê en uitbrand in ’n nuwe asbakkie. Die mense by die plaaslike McDonald’s is besig om gereed te maak om die eerste cholesterol belaaide ontbytkos in bakke vars olie te gooi soos ek hierdie woorde tik, en ek moet ’n tweede skof gaan slaap sodat ek teen een-dertig intelligent genoeg kan lyk vir my 21-jarige Chinese onderwyseres.

Ek is deesdae vriende met mense van eksotiese plekke soos Krugersdorp, Kimberley, Vereeniging en Stellenbosch. Ek werk veertien ure per week by drie verskillende skole, en ek verdien ’n paar duisend Taiwan dollar ekstra elke maand deur kort stukkies te skryf vir ’n plaaslike uitgewer van ESL-tydskrifte. Ek het twee boekprojekte hierdie jaar afgehandel. Ek kan Battle Hymn of the Republic op my keyboard speel, en ten minste ses of sewe drukke op my twee kitare. En as ek moet, kan ek ook ’n deuntjie op die blokfluit, of op een van my twee mondfluitjies speel.

Die vraag wat egter in die lug hang soos ’n slegte reuk op ’n windstil wintersoggend is steeds dieselfde: Wat wil ek doen met my lewe?

* * *

’n Heerlike oggend van rus – gevul met koorsagtige drome vol moord, en soene op bloedrooi lippe van girlfriends wat nooit teruggebel is nie – het, soos gewoonlik, nuwe insig gebring. Ek weet lankal dat ek wil skryf. Die eintlike vraag is dus nie wát ek wil doen nie, maar watse tipe skryfwerk ek wil produseer.

’n Sekondêre vraag het te make met iets wat ek aangeraak het in Ballingskap Nommer 8, naamlik dat om ’n skrywer te wees soms soortgelyk is aan die beroep of roeping van sending. Die sendeling, wat glo hy of sy is geroepe om ’n bepaalde boodskap te verkondig, kan nie voltyds ’n bankbestuurder wees én voltyds die beroep of roeping van die sendeling beoefen nie. Die sendeling het ’n *trade* nodig, iets waarmee hulle geld verdien terwyl hulle meeste van hul aandag en tyd spandeer aan die soms tydrowende aktiwiteite wat verband hou met hul sending. Wat ook al die sendeling se ambag is – Paulus was byvoorbeeld ’n tentmaker, dit sal altyd net ’n praktiese maatreël wees om te verseker dat hulle en hul families nie honger ly nie, en dat daar meeste van die tyd petrol in die kar is. (As hulle natuurlik onderhou word deur ’n ryk voorstedelike gemeente, sal hulle situasie effens anders daarna uitsien.) Dieselfde kan ook gesê word van die politieke aktivis, wie se eerste prioriteit sy of haar politieke aktiwiteite is, maar wat moontlik iets anders doen om kos op die tafel te sit. (Behalwe weereens as ook hierdie persoon aan die gang gehou word met geld uit Noorweë of Swede … het ek die verkeerde roeping gekies?)

Die eerste vraag wat ek moet beantwoord is dus in watter genre ek wil skryf, en derhalwe ook watter temas ek wil aanraak. Die tweede vraag, wat ter wille van suksesvolle nastrewing van my roeping deeglik oorweeg moet word, is

watse werk ek op ’n daaglikse, dog deeltydse basis wil doen om te verseker dat ek ’n gereelde inkomste het.

* * *

’n Ding wat al hoe duideliker begin blyk is dat nie alle beroepe dieselfde waarde het in die arbeidsmark nie. En indien sekere arbeid of sekere vaardighede nie in aanvraag is nie, is die kans goed dat jy nie goed gekompenseer sal word vir wat jy ook al doen op hierdie gebied nie. Dit gee ook nie noodwendig aan die persoon in hierdie beroep ’n status in die gemeenskap waarmee hy of sy gelukkig is nie.

As jy dus na jare se observasie van jou unieke persoonlikheid en deeglike oorweging van die beskikbare beroepsmoontlikhede, op die punt kom waar jy nie anders kan as om te aanvaar dat dit wat jy wil doen nie hoog in aanvraag is nie, moet jy besluit watse ander, verwante moontlikhede vir jou aanvaarbaar sal wees. Jy moet ook deeglik oorweeg wat jou idee is van ’n behoorlike inkomste, en hoe belangrik status in die gemeenskap vir jou is.

Die alternatief is dat jy die belangstelling of aanleg of vaardigheid waarop jy graag sou wou fokus as beroep (of selfs roeping), reduseer tot stokperdjie (vir die gebrek aan ’n beter woord) status. Jy sal verder tevrede moet wees om die meeste van jou tyd en aandag – inderdaad jou daaglikse bestaan – te wy aan ’n beroep wat van die begin af nie jou eerste keuse was nie; ’n beroep wat jy heel waarskynlik nooit met passie of oorgawe sal kan beoefen nie.

Vraag een

[…]

Tweede vraag

Om te wil skryf, is nie ’n eenvoudige ambisie soos om ’n dokter te wil word nie. Met laasgenoemde hoef jy net

universiteit toe te gaan, jou kop vir ses jaar lank in ’n toestand in te leer, en dan kan jy lekker begin geld maak en almal respekteer jou en noem jou “Dokter”. Om suksesvol te wees as ’n skrywer verg baie meer tyd, en meer verstandelike en emosionele onstabiliteit (ten minste in sommige gevalle). Dit vereis ook ’n deeltydse werk wat kontant aan die vloei hou terwyl jy ’n paar volgelinge bymekaarmaak wat dink dit wat jý te sê het, wel ’n plek het in die Annale van Idees en Opinies (en miskien ook op boekrakke vol kortverhale en digbundels).

Die lewe is nie volmaak nie. (Sou ’n volmaakte lewe in kleur gewees het? Swart-en-wit is soveel netjieser.) ’n Volmaakte lewe sou sekerlik beteken het dat elkeen van ons twee of drie weergawes sou hê van ons lewens om alles te kon doen wat ons wou doen. Elkeen sou ook sy eie persoonlike tydmasjien nodig gehad het, sodat as ons later belangrike lesse leer, of – kan jy jouself dit voorstel? – ons per ongeluk ’n blaps maak, ons vinnig kan teruggaan en weer kan probeer. Feit is, nie eens ryk mense se lewens is volmaak nie. (Kan Bill Gates byvoorbeeld skielik ’n hippie word en sy baard laat groei?) Ons almal maak foute. Ons mis geleenthede. Ons maak droog. Ons maak besluite en ons doen dinge wat maak dat ander mense hulle koppe skud en vir mekaar vra, “Wat dink die ou doen hy met sy lewe?” En meeste van die tyd is ons te verleë om te antwoord, of doodgewoon nie lus om te verduidelik nie.

Teen hierdie tyd het ek nou al sekerlik die punt goed tuisgebring dat ek ’n inkomste nodig het wat my aan die lewe kan hou terwyl ek skryf, sodat ek nie nodig het om te skryf vir geld nie.

Sedert ek klaar gemaak het met my tersiêre studie het ek nog net twee jobs gehad: Die een was om ’n glorified sekretaresse en verkoopsman van subskripsies te wees vir ’n vriend se omgewingsjoernaal; die ander was om kinders, en so nou en dan ’n volwassene, in die Verre Ooste te leer om Engels te praat.

Laasgenoemde is nie ’n werk waaroor ek vreeslik opgewonde is nie. Soms is ek verleë as ek in ’n klaskamer staan en dink hoe belaglik ek moet lyk terwyl ek my arms

swaai, of vir die vyftiende keer die woord “name” sê, terwyl ek my lippe opmekaar pers om te wys jou mond moet tóé wees met die “m”. Dis nie ’n werk wat veel sekerheid bied nie, en daar’s geen huis-subsidie of pensioen nie. Om ’n “expat English teacher” te wees in Taiwan of elders in die Ooste gee ook nie aan jou status wat vergelyk kan word met wat ingenieurs of joernaliste of suksesvolle besigheidsmense geniet nie. Nietemin, om elke week ’n paar Engelse klasse te gee, genereer ’n inkomste. ’n Mens maak óf genoeg geld sodat jy ’n …

[… nuwe printer kan bekostig? ’n Pruik? ’n Buskaartjie uit die stad uit? So, asof ek skielik oorval is deur slaap of verveling, sneuwel nog ’n poging tot ’n essay.]

Die spreekwoordelike gemiddelde

[Eerste twee paragrawe uit die Pers Notaboek, April 2002]

Om uit te styg bo die (spreekwoordelik) gemiddelde lewe waarmee ek grootgeword het, was een van die primêre motiverings agter meeste van my groot besluite die afgelope twaalf jaar.

Wat is “verkeerd” met ’n “gewone” lewe? Een, dis vervelig. Twee, materialistiese opgaarding is sinoniem met die gemiddelde lewe in ’n middelklas voorstad, maar eerstehandse ervarings tussen my twaalfde en agtiende verjaarsdae het die indruk tuisgebring dat, as jy nie in jou spoor trap nie, jy alles kan verloor wat jy so geduldig opgebou en bymekaargemaak het – jou meubels, jou gordyne, jou motorkar, jou mikrogolfoond … maar ook jou selfrespek en die agting van ander in die gemeenskap.

[Die ding van “uitstyg bo die gemiddelde” moet ’n bietjie verduidelik word.

As 99 uit 100 mense dieselfde of soortgelyke dinge wil doen, dan is dit ’n keuse wat hulle maak uit eie vrye wil, met hul eie motiverings daarvoor.

My probleem is dat ek nie ná X-aantal jare wil terugkyk na my spore op die Strand van Lewens (by wyse van spreke), en vind dat my eie lyn van spore onherkenbaar is van ander s’n wat op dieselfde tyd as ek op die Strand gestap het nie. Ek wil kan terugkyk en sê: “Dáár! Daar’s my spore! Ek hét geleef. Ek het óók oor daai sand gestap – hoewel ek ander draaie geloop het, en my eie pas gevolg het.”

Wil ek ’n nuwe voetpad trap? Nie noodwendig nie. Ek het ook geen obsessie om ander se spore te vermy net omdat ek bang is my eie spore verdwyn binne hulle s’n nie.

Dan is dit ook so dat sommige spore dit werd is om van tyd tot tyd vars getrap te word. Hoekom? Om maar een rede te gee, as 'n merker vir toekomstige geslagte – sodat ook húlle herinner kan word daaraan dat, as hulle mooi kyk, daar meer as een pad is wat gevat kan word.]

In die naam van die vader

Sondag 8 Junie 2003

Die Heersende Ekonomiese Stelsel van die Moderne Geïndustrialiseerde Wêreld eis daagliks slagoffers. Talle volwassenes eindig op as mislukkings in ’n omgewing waarin ook húlle hul koppe wou lig en sê: “Neem my ook ernstig op. Ek verdien ook om met respek behandel te word.”

As jy misluk as ’n volwassene in hierdie wêreld, en jy slaag nie daarin om weer op jou voete te kom nie, ly jy vir die res van jou lewe onder finansiële druk, en verduur jy teleurstellings, insidente waarin waardigheid prysgegee moet word, ontberings wat noodwendig jou lot is as jy nie genoeg geld het nie, vernederings, en trots wat gesluk moet word.

Ek het hierdie ding besef – dat die wêreld sommige volwassenes onderkry, dat hulle struggle vir al wat hulle werd is maar as die game teen jou gedraai het, jy moontlik nooit weer aan die wenkant sal wees nie. Ek het dit wysgeraak nie verlede jaar, of in Korea, of toe ek op universiteit was en my bewussyn van die wêreld meer gesofistikeerd geraak het nie. Ek het dit besef lank voor ek oud genoeg was om dit behoorlik te verstaan.

Van toe af het my broek effens gebewe elke keer wat ek gedink het dat my beurt ook gaan aanbreek om teen die groot manne in die kryt te klim. Dieselfde ouens wat hardebaarde plat bliksem, en dan hulle vrouens hardhandig uit die kryt verwyder as hulle wil help. My beurt sou kom, het ek altyd geweet, die dag dat my naam geroep sou word, wanneer die manne sou opkyk om te sien hoe lyk hierdie “Brand Smit” kêrel. En as hulle sien dis ék, sal hulle vir mekaar kyk, hulle wenkbroue lig, en glimlag. Want hulle sal weet: “Hierdie ou behoort nie vir ons te veel probleme te gee nie.”

Ek is die enigste seun onder drie kinders. My ma het altyd gedink ek is ietwat “spesiaal” (in die goeie sin, maar dis ook waar dat my ouers my op ’n stadium wou laat toets het vir

verstandelike vertraagdheid), en ek was altyd geïnteresseerd in dinge van ’n spirituele aard. Dalk is dit nie soveel van ’n verrassing dat die idee by my posgevat het dat dit miskien nie “my lot in die lewe” is nie – om na universiteit werk te soek, en te trou en kinders te kry … en dan een fout te maak en dan is alles opgefok vir almal vir die res van hulle lewens.

“Miskien moet ek ’n skrywer word,” het ek gereken. “Ek glo mos ek het ’n spesiale roeping wat ek moet uitvoer!” Meantime is ek net in my moer in omdat niemand vir Boetie vertel het dis nie altyd hoe dit gaan in die Grootmenswêreld nie …

So kruip ek nou al vir veertien jaar lank weg in die Wêreld van Volwassenes – waaraan ek by verstek behoort omdat voldoende tyd al verby gegaan het sedert my geboorte.

Die Bybel sê die sondes van die vaders word besoek aan die kinders. Bruce Springsteen sê, “They ain’t gonna do to me what I watched them do to you.” Wat goed en lekker uitdagend is as jy aan die einde ’n miljoenêr rockster is, maar wat doen jy as jy ’n ongepubliseerde skrywer in selfopgelegde ballingskap is, en jy wil huis toe gaan?

In die naam van die vader
So sal ek die wêreld dan benader

Waar is my plek in die Groot Hiërargie?

Donderdag 12 Junie 2003

Die Wêreld van die Werkende Volwassene is jou voorland as jy oud genoeg is om die skool te mag verlaat en iemand bied aan om jou te betaal vir jou arbeid; ook as jy na ’n paar jaar aan ’n tersiêre instelling klaar is met al jou toetse en eksamens, of as jy moeg geleer is, of as jy moet begin om jou studieskuld terug te betaal.

Negentien-ses-en-negentig was die eerste jaar van my volwasse lewe wat ek nie meer ’n student was nie. Dit was die eerste jaar wat ek moes demonstreer waar ek gaan inpas in die Groot Hiërargie. Die jaar het vir my begin in ’n munisipale woonstel – sonder meubels, want ek het alles verpand gedurende die laaste paar weke van die vorige jaar. Ek kon van daai heel eerste maand van my post-universiteit volwasse lewe nie die huur bekostig van ’n munisipale woonstel nie. Teen die middel van hierdie maand is die elektrisiteit ook afgesny, so ek kon nie eens die nuwe fase van my bestaan vier met ’n koppie tee nie.

As jy na jou tersiêre opleiding nie begin met een of ander betaalde arbeid nie, en jy woon óf in ’n munisipale woonstel sonder elektrisiteit, of by jou ouers vir ’n paar maande, of in jou ouer suster se sitkamer (eers in die middel van die sitkamervloer, dan agter die rusbank), is jy in die oë van jou vriende, jou familie, ander mense wat jou ken, en in die oë van die breë gemeenskap, ’n mislukking.

Om oorsee te gaan, is – soos dit ook was in die middel-negentigs – een manier om hierdie negatiewe beskouing van jou persoon vry te spring. As jy emigreer, of ’n werk aanvaar in die buiteland waarvoor jy ’n formele werkspermit ontvang voordat jy vertrek, is dit een ding. Jy’s steeds in ’n formele werksituasie wat tydgenote in jou eie land kan verstaan, en tot ’n mate mee kan vereenselwig. As jy aan die ander kant net ’n rugsak of twee tasse pak, en jy gaan Engeland toe vir ’n

jaar of twee, of jy gaan werk in Noordoos-Asië as ’n Engelse onderwyser vir ’n jaar of drie, word dit oor die algemeen gereken dat jy sal “terugkom” een of ander tyd om dán ’n lewe te begin in jou eie land as ’n Werkende Volwassene, en jou Plek in die Groot Hiërargie in te neem.

My jare in Korea en Taiwan val in hierdie tweede kategorie van Oorsee Gaan. Die verskil is dat ek na sewe jaar nog steeds nie weer my opwagting gemaak het in die Republiek om my plekkie in die son in te neem nie. (Daar was wel die eksperimentele terugkeer in 1998 wat geëindig het in ’n bediendekamer met pienk mure, maar dit was gou genoeg verby.)

Ek weet egter nou dat ek al vir amper ’n dekade lank sukkel om ’n antwoord te vind op ’n spesifieke vraag: Waar is my plek in die Groot Hiërargie?

My gesukkel met hierdie vraag kan tot ’n groot mate toegeskryf word aan die feit dat ek nie gemaklik sit in middelklas geselskap nie – as gevolg van die armblanke jare, en ook as gevolg van my persoonlike ideologie van Kreatiewe Onafhanklikheid voor Finansiële Gemak.

Sonder ’n antwoord op bogenoemde vraag was dit nog altyd moeilik om uit te werk watse tipe lewe ek wil lei as ’n Werkende Volwassene, met watse tipe werk ek myself sal kan vereenselwig, waar ek sal (wil) woon, met wie ek sosiaal sal kan omgaan sonder om soos ’n “mislukking” te voel, en watse tipe lewe ek ’n gesin sal kan gee.

’n Interessante situasie het ontstaan in ons gesin wat betref hierdie hele aangeleentheid. My ouers het albei van die platteland gekom en hulle pad oop gewerk na die Stedelike Middelklas toe. Dinge het skeefgeloop net toe hulle die kruin van sukses bereik het in hulle middel veertigs. Van toe af was hulle in en uit (meestal in) die Armblankeklas. My ouer suster het die spel goed bemeester, en geniet deesdae ’n relatief gemaklike Middelklasbestaan as beloning. My jonger suster, wat agt jaar oud was toe sy saam met die gesin die Armblankeklas binne gestruikel het, kan saam met haar

eggenoot met gemak geklassifiseer word as Werkersklas – of dan Aspirant Middelklas.

Ek? Ek is ’n moeilike geval. Ek het die geleentheid gehad om lidmaatskap van die *petite bourgeoisie* te bewerkstellig as ’n hoërskoolonderwyser. Om ideologiese redes, ’n probleem met gesag, ’n klein porsie kunssinnigheid, en veels te veel ambisie het ek die geleentheid beleefd van die hand gewys.

Waar pas ek dus in, in hierdie Groot Sosio-Ekonomiese en Kulturele Hiërargie? Ek is niks anders nie as ’n Armblanke Intellektueel.

Bleekbaard doen sy wiskunde

Vrydag 13 Junie 2003

Die vraag van die dag: Oortref my ambisies my finansiële vermoëns? Antwoord: Nie solank ek in Taiwan bly nie.

’n Mens beweeg in die rigting van somme maak. Jy sê: Goed, ek is nou so oud, en ek het al dit en dat gedoen. Ek besit ’n eierklitser en ’n nice asdrom. My gesondheid is sus en so, en ek het nog soveel jare oor voor ek veertig strike, of vyftig.

Jy kyk ook na wat jy nié het nie. Jy kyk na dit wat jy nie besit nie – miskien ’n huis, of ’n karavaan, of ’n mikrogolfoond; dinge wat nog altyd buite jou finansiële bereik was. En jy kyk na wat jy nog nie gedoen het nie, en wat om redes wat net jý kan verduidelik vir jou belangrik is om te doen. Hierdie laaste punt is die een wat ek vir die oomblik wil aanspreek.

Die ding is, mens raak by die jaar ouer, en jy begin dink aan versekering vir die eendag wat een of ander tyd gaan aanbreek as jy … gelukkig is. En die groot vraag, wat mens probeer ontduik tot jy besef jy kan dit nie langer ignoreer nie, is of jy ten minste ’n bietjie van die lewe geniet het terwyl jy opsoek was na al die stukke van die legkaart, al die antwoorde, al die naamplaatjies wat jy wou hang om ervarings, en insidente, en begeertes.

In die beantwoording van hierdie vraag sukkel ’n mens gewoonlik om te lieg – die waarheid neig om selfs van onder die donkerste sonbril weerspieël te word.

Ek het gekies om die naamplaatjie van “Dinge Wat Ek Rêrig Geniet Om Te Doen” te hang om reiservarings. Die lekkerte van om die eerste keer op ’n plek aan te kom, en foto’s van jouself te neem op plekke wat jy voorheen nog net op flieks of CNN gesien het. Dit dra die tipe gewig wat ek op die ander kant van die skaal wil gooi wat ouderdom so laat oorhel.

Daar is ander dinge ook, maar dit behels meestal emosies wat soms handuit ruk. Om ’n gesin te hê – om getroud te wees en kinders te kry … is ook ’n aangename gedagte. Maar dis iets wat hierdie hele bespreking baie meer kompleks sal maak, en wat op sy eie nuwe onsekerheid bring.

’n Ander gedagte druis soms my grysstof binne ten spyte van edel weerstand: Is die odds heeltemal teen ons gelaai in hierdie lewe? Of gaan die lewe nie oor wiskunde en wetenskap nie? Is dit, soos wat ek vir ’n paar jaar al vermoed, ’n stryd wat jy wen solank jy staande bly?

Wat ek sien

Vrydag 4 Julie 2003

Ek glo altyd almal het drome wat verby die lewens strek wat hulle tans leef. En ek reken dat een of twee honderdduisend rand 'n ver ent sal gaan om hierdie drome te verwesenlik. Ek glo verder dat een of twee jaar in 'n plek soos Taiwan die ideale manier is om daai tipe kapitaal bymekaar te skraap.

Wat ek geneig is om te vergeet, is dat die lewe van 'n expat in vele gevalle wortelloos is, en dat vele mense 'n ander tipe lewe verkies. Hierdie mense het huise – ruimtes wat hulle ingerig het oor die jare presies soos hulle dit wil hê. Hulle het vriende, en miskien familie wat óf in dieselfde stad woon, óf in 'n naburige dorp. Hulle het troeteldiere. Hulle het pensioenfondse wat hulle al vir jare aan die opbou is. En hulle droom van kinders kry – as hulle nie reeds begin het met 'n gesin nie, en om hierdie kinders groot te maak in 'n omgewing wat aan húlle, die ouers, bekend is. Dis 'n lewe waaroor hierdie mense baie keer kla, maar dit is ook 'n lewe waarbinne hulle veilig voel. Dit is verder 'n lewe wat hulle reken hulle kan volhou, en wat hulle hoop hulle kan voortgaan om te leef tot hulle 60 of 65 tref, en daai pensioen uitbetaal.

Die feit is dit, nie almal weet wat hulle sal doen met 'n honderd of twee honderdduisend rand tussen wanneer hulle terugkeer van 'n plek soos Taiwan, en wanneer hulle aftree-ouderdom bereik nie. Mense is geneig om te kies wat aan hulle bekend is – al beteken dit dat jy jou tydkaart moet pons, dieselfde tyd elke oggend, vir veertig jaar lank.

Sê nou maar net …

Dinsdag 19 Augustus 2003

Kom ons speel ’n speletjie. Kom ons verbeel onsself ek is verkeerd, in terme van 90% van die dinge wat ek kwytgeraak het die afgelope paar jare.

Wat sou dit beteken? Dit sou beteken dat kreatiwiteit ’n luuksheid is wat net deur die rykes geniet kan word, of dan slegs as ’n stokperdjie deur die res van ons. Dit sou beteken dat ’n mens dankbaar moet wees as jy *enige* job kry, en dat jy derhalwe dankbaar moet wees vir die *voorreg* om iemand as BAAS te kan aanspreek. Dat as jou dienste nie meer benodig word deur ’n maatskappy nie, dit maar net jou *bad luck* is, en heel moontlik jou eie skuld omdat jy afdankbaar was in die eerste plek. Dat jy teen die tyd wat jy skool verlaat – as jy so bevoorreg was om twaalf jaar op skool te kon spandeer – sonder drama reeds moes uitgewerk het waar jy inpas in die Groot Hiërargie, en gereed moet wees om jou plek met oortuiging te kan volstaan. Dat jy moet vat wat na jou kant toe kom, en dit maar net moet aanvaar met ’n waardige, “Dis maar soos die lewe is.” Dat jy moet trou en begin voortplant so gou as wat jy ’n job gekry het, omdat dit is wat die natuur bepaal, en wat die samelewing vereis. En dat jy hel toe gaan as jy nie glo wat die Bybel sê nie. Dit sal verder beteken dat die banke, die groot maatskappye en die regering *reg* is omdat hulle *sterker* is as jy. Dat jy die bankbestuurder, die baas en die politikus met agting en respek moet behandel omdat hulle hoër as jy is op die Hiërargie.

As hierdie dinge waar is en ek verkeerd, is ek diep in die moeilikheid.

Anyways, waar was ek laas …

Die kriteria vir oorlewing (raak strenger by die dag)

Dinsdag 16 September 2003

Die kriteria vir oorlewing raak strenger by die dag. Soos gewoonlik is persepsie van my persoon een van die grootste probleemareas – maar nie noodwendig hoe ander my sien nie; ek oordeel myself. As ek myself te lig bevind, dra ek dit soos ’n advertensiebord om my nek. Dan’s ek een groot moraal- en selfbeeldkrisis gereed om in ’n onskuldige omstander se gesig te ontplof.

Vat my vriend L. as voorbeeld. Toe ek vyf jaar gelede vanaf Korea teruggegaan het Suid-Afrika toe, het hy saam met ’n groep ander werkende twenty-somethings ’n huis gedeel in Johannesburg. Hy was op daai stadium die publishing editor van ’n tydskrif wat hy grootliks op sy eie begin het (ander mense het ook ’n bydrae gelewer, maar dit was hoofsaaklik sy idee, en sy verantwoordelikheid).

Dit was die situasie toe ek teen Julie van daai jaar as glorified sekretaresse by sy onderneming aangesluit het. Teen Oktober van daai jaar het L. ’n huis gekoop in ’n goeie deel van die stad. Die kantoor het ook geskuif na die nuwe huis toe. Siende dat dit effens te ver was vir my om te bereik per fiets elke dag, het ek sy uitnodiging aanvaar om die buitekamer in sy agterplaas my tydelike hoofkwartier te maak.

Bietjie meer as ’n jaar later was L. op die punt om die volgende fase van sy lewe binne te gaan – huwelik. Ek was toe al elf maande terug in Noordoos-Asië. Ek het ’n hele drie slaapkamer woonstel vir myself gehad. Ek het voltyds gewerk, en ek het genoeg geld verdien om redelik goed te leef. (Vae veronderstellings oor presies wat ek doen het my altyd goed gepas, want dan het ek nie nodig gehad om vir enige iemand te verduidelik dat ek vir kleuters die alfabet leer terwyl ek my hande ritmies klap nie.)

Dis amper vier jaar later. My vriend het intussen sy tydskrif verkoop aan ’n groot maatskappy, wat ook vir hom ’n posisie aangebied het wat hy “nie kon weier nie”. Hy en sy vrou woon deesdae in ’n groter, luukser huis, en soos ek reeds genoem het in die vorige stuk, het hulle onlangs ouers geword van ’n babaseun. Hy is dus volgens die gemeenskap se kriteria suksesvol in alle opsigte – hy’s ’n huiseienaar, hy’s ’n getroude man, ’n pa, en hy’t ’n werk wat baie van hom vra, maar die monetêre beloning maak dit die moeite werd.

Ek, aan die ander kant, huur steeds dieselfde woonstel by ’n vriendin van een van my werkgewers (hoewel net tot die einde van hierdie maand). Ek ry deesdae weer fiets want ek wil nie die bromponie wat op my stoep staan en olie drup vervang met ’n nuwe een nie (en omdat die fietsryery in elk geval beter is vir my gesondheid). Ek gee nog steeds ’n paar Engelse klasse elke dag. Ek werk ook aan ’n paar projekte wat hopelik eendag ’n langtermyninkomste sal genereer. En ek skryf. En studeer Chinees. Solank ek dus hier in Taiwan bly kan ek een keer per jaar ’n draai by my vriend gaan maak, in sý kar ry na ’n Italiaanse restaurant, en selfs bekostig om R200 of so uit te vurk om die rekening te delg.

Maar waar gaan ek staan as ek terug is in Suid-Afrika? Die dae is verby wat ek ’n kamer kan huur by ’n vriendin van universiteitsdae. Die dae is verby wat ek op ’n stuk spons kan slaap in ’n vriend se buitekamer. Die dae is verby wat dit vir my goed genoeg sal wees om in ’n administratiewe kapasiteit in ’n kantoor te werk. Die dae is ook verby wat dit oukei is om vir my pêl te sê ek sal saam met hom ’n dop gaan drink, solank hy my kan kom optel – en moontlik nog vir my drankie kan betaal ook. Dit is dus ooglopend dat die kriteria vir oorlewing – ten minste vir myself – strenger raak by die dag.

Moet ons almal dan ons lewens vergelyk met dié van ou vriende om uit te werk hoe goed of hoe sleg ons doen? Dis nie my bedoeling nie. Maar ek onderskryf sekere kriteria vir ’n goeie bestaan, en ek is bewus van hoe ek, op hierdie stadium, sou gevaar het in ’n wêreld soortgelyk as die een waarin my vriende in Suid-Afrika hulle bestaan slyt.

My identiteit as ’n skrywer wat alleen woon in ’n vensterlose woonstel êrens in die Verre Ooste, wat Chinees leer praat, en geleer het hoe om ’n paar vrae te vra oor die lewe, is stewig geanker in die realiteit waarin ek myself bevind het die afgelope vyf jaar. Die visie van myself as ’n entrepreneur wat hoop om “volgende jaar” geld te maak in Suid-Afrika, terwyl ek van tyd tot tyd my Chinese boeke sal afstof om te kyk of ek nog iets daarvan verstaan, is geanker in geloof. Ek weet nie of dit sal uitwerk nie. Ek mag dalk faal. En as ek misluk, voel ek ellendig.

Ek kan sekerlik sê dat ek nie myself met enige iemand hoef te vergelyk nie. Ek kan sê dat ek nie na ses maande of ’n jaar ’n huiseienaar hoef te wees nie. Ek kan sê dat ek nie na ’n jaar of agtien maande getroud hoef te wees nie. En ek kan byvoeg dat ek nie hoef te werk volgens ’n skedule nie. My lewe is immers nie ’n reeks tonele uit ’n vooraf uitgewerkte draaiboek nie.

Die probleem is dat ek bepaalde idees het van hoe sukses lyk. In die wêreld van die konvensionele middelklas lyk sukses soos my vriend, L., se lewe. Wat betref die wêreld van die vrydenkende, alleenloper skrywer, voldoen my huidige lewe aan die veel meer beskeie kriteria.

Maar is dit genoeg?

Ek voel soms lus om te vlug – Mainland China toe. Om my rugsak te pak vol boeke en ’n paar kledingstukke, en die res van my besittings te laat stof opgaar in my woonstel. Ek sal in Beijing gaan woon vir drie maande, en elke dag op foto-uitstappies gaan. Ek sal Chinees studeer in parke en teewinkels, en dit oefen in klein eetplekkies in nou agterstrate, en by eertyds verbode paleise.

Ek wil soms vergeet van Bronkhorstspruit, besigheid, betekenis van die lewe, trou en kinders kry, sukses voor 35, plek in die wêreld, en my plek op die rand van die sosio-ekonomiese middelklas. Ek is lus om my baard te laat groei en te werk aan ’n projek getiteld, “Lotusblomme van Rooi China”.

En ek is lus om op te hou om stukke te skryf soos “Die kriteria vir oorlewing raak strenger by die dag”.

Ek is ook lus om op te hou om te probeer. Want maak nie saak hoe hard ons daaraan werk nie, dinge werk nie altyd uit nie. En partykeer mis ons die punt, omdat ons te hard probeer om dit uit te sorteer.

’n Futuristiese ontkenning

Donderdag 18 September 2003

Ek is nie meer in Taiwan nie. Die feit dat Woonbuurt-op-die-Rand in Bronkhorstspruit (wat ek deesdae my huis noem) op ’n stofspikkel na Benewelde Lig Nuwe Dorp lyk, is ’n bisarre toeval. Ek het nie vyftien minute gelede Chinees gepraat met die vrou wat tee onder op die straathoek verkoop nie. Die koerant wat ek nou net eenkant toe geslinger het, is nie die *China Post* nie. Ek het nie gist’raand rys en groente met chopsticks geëet nie, en ek het beslis nie vanoggend vir Taiwannese kinders Engelse rympies geleer nie!

Om die waarheid te sê, enige een wat van mening is dat ek ’n 32-jarige man is wat al vyf jaar in Taiwan vashaak – en sewe jaar altesaam in die Verre Ooste – is ’n infame leuenaar wat sy kop onmiddelik moet laat lees! So ’n persoon het ’n ooraktiewe verbeelding en glo maklik sentimentele stories en verregaande teorieë oor die betekenis van die lewe om verveeldheid met sy eie lewe te verdoesel.

Nee, ek is beslis nie hierdie slinkse karakter wat donker strate ná middernag op ’n krakerige fiets deursoek vir tofu-sosaties en diepgebraaide seekat nie.

Wat ek wel is … is ’n advokaat. Of ’n rekenmeester. Ek woon in ’n mooi huis op die rand van ’n groot dorp in Gauteng. Ek is al sewe jaar getroud, en ons het twee lieflike kinders. Ons het ook ’n kar, ’n kat, ’n hond, ’n grassnyer, ’n swembad, en ’n sleepwa. Ek speel gholf op Saterdagmiddae, en wen so nou en dan ’n bottel sprankelwyn. Ek glo in Samelewing-en-Beskawing, Orde-en-Sekuriteit. Ek het drie lewenspolisse, en ’n paar goeie beleggings. Ek het ook etlike kredietkaarte, en betaal getrou my rekeninge elke maand. My vriende dink ek is ’n bietjie konserwatief; ek sê altyd ek glo maar net waarin ek glo.

Ek, soos almal, ken, of weet van mense wat oorsee woon vir jare, “soekend” na hulleself, of na wát ’n mens ook al soek

in die buiteland. Persoonlik glo ek hulle mors hul tyd; dat daar niks in die buiteland is wat ’n mens nie in ons eie pragtige land kan beleef, of as jy dan wil, na kan soek nie. Ek glo verder dat baie van hierdie mense nie die durf het om realiteite in hulle eie land in die gesig te staar nie. En ek praat nie eens nou van die misdaad en geweld in Suid-Afrika nie. Ek praat van grootword en aangaan met jou lewe as jy die ouderdom bereik wanneer jy nie meer ’n kind is nie.

Ek was ook al in Londen, en eenkeer vir vakansie in die Maldives. Ek is dus nie ’n idioot as dit kom by wat aangaan buite ons landsgrense nie. Ek kyk elke aand nuus, en lees ten minste ’n paar keer ’n week koerant. Ek is ook glad nie so konserwatief soos wat my vrou en my vriende my graag spot nie. Ek glo dat almal die reg het om die lewens te kies wat hulle goedvind … en om dit dan na te streef. Ek glo ook dat almal ’n reg het op hulle eie opinies, en dat almal die reg het om te sê wat hulle wil, solank dit niemand onnodig beledig of aanstoot gee nie.

Dit is wel waar dat ek ’n renons het in mense wat in die buiteland gaan woon, en dan krities is oor die tipe keuses wat ek gemaak het; keuses wat hulle met verwaande minagting “kleinburgerlik” noem. Hierdie mense het nie die vaagste benul waaroor my lewe gaan nie. Hulle het nie die vaagste benul wat vir my belangrik is, of wat die motiverings agter my keuses en aksies is nie.

Ek wens hulle wil huis toe kom. Dán sal ons sien wie die regte wenners is, en wie aan die einde sal verloor. Ja, dan sal ons inderdaad kan sien wie spot met wie!

Oor die nageslag: Inleiding

[’n Soms vuilbek tirade oor die begeerte om eendag pa te word – of nie.]

Sondag 5 Oktober 2003

Ek behoort nie kinders te hê nie. Nie nou nie, in elk geval. Ek is te gespanne, te opgewen oor die lewe. Dit het my dan tien jaar gevat net om te kan sê: “Oukei, ek dink ek het dit nou uitgesorteer. Ek hét nou die resep! Nou moet ek net die koek bak en hoop ander vind dit eetbaar. Of ek hoop ék reken darem dit proe oukei, anders moet ek weer probeer.”

Hoe verwag ek om ’n vaderfiguur te wees vir kinders?! ’n Oom vir susterskinders, ja. Ek sal ’n goeie oom wees, die tipe wat dinge weet en verstaan wat my swaers moontlik nie weet en verstaan nie. Maar ek is bevrees ek sal die tipe pa wees waaroor my seun vir sy vriend sal sê: “Ek wens my pa was meer soos joune. My pa is so angstig oor alles. Ek hoop nie ek draai eendag soos hy uit nie.”

My probleem is, na al hierdie jare kyk ek nog steeds na myself in ’n middelklas spieël. Nog steeds! Na al die jare! En in hierdie spieël vind ek myself steeds te lig! “Alreeds 32 … nog nie getroud nie … niks op die horison nie … geen huis of kar nie … skryf steeds dieselfde stukke oor en oor sedert jy 23 was!” Fok almal! Fok die middelklaswêreld wat ek steeds soos ’n brandende buiteband om my nek rondsleep! Kyk vir ’n slag na jouself in jou eie spieël en oordeel jouself volgens jou eie kriteria, en nie wat jy veronderstel ander s’n is nie!

Maar dit val alles plat omdat ek skaam deur middelklashuise skuifel met my plastieksandale, omdat ek nie dink dis my geoorloof om met beter skoene spore oor hulle tapyte te trap nie! En ek voel skaam as ek in hulle kombuise staan omdat ek wens ek het ook ’n mikrogolfoond gehad!

Dink ek dis tyd om keel skoon te maak en aan te kondig, “Dames en here, julle pis teen die verkeerde boom. Ek is nie een van julle nie”?

Of is ek? Ek wil immers tog ook trou en kinders hê, dan nie? Maar hoe kan ek dit versoen met my huidige ambisies, en met my angs oor die lewe en die dood?

Dis tyd dat ek inderdaad uit my klaskas kruip en sê dat ’n paar dinge duidelik gemaak moet word, en fok almal basies, en dis hoe dit is, nog altyd was, en môre en volgende jaar ook gaan wees.

Maandag 6 Oktober 2003

Beteken wat ek gisteraand gesê het dat ek sal verkies om vir die res van my aardse bestaan op my eie te wees, of dat ek nie tien keer meer geld wil maak as op die oomblik nie? Nee, om iemand in jou lewe te wil hê, is essensieel om te oorleef in hierdie wêreld, en dat groot hoeveelhede kapitaal ’n handige hulpbron kan wees, kan nie geïgnoreer word nie.

Besonder goeie redes kan uitgewys word hoekom ek steeds moet strewe na samesyn met ’n ander persoon en na finansiële onafhanklikheid. Om daarna te strewe sodat ek vir my tydgenote kan sê, “Kyk maatjies, ek is ook nou een van julle!” is egter nie een van die redes waarop ek my vinger sal lê nie. As die maatjies nie wil speel nie, stuur hulle in hul moere in.

Dinsdag 7 Oktober 2003

Omdat ek kinders wil hê. Dit is hoekom ek steeds gewig gee aan mense se kritiek en negatiewe opinies oor my wat andersins nie sou saak maak nie. Want na al die linksgesinde politiek, na alles oor kreatiewe en persoonlike vryheid, is daar een ding wat ek nie lekker kan inpas in my huidige leefstyl nie: die ideaal van ’n Goeie Pa wat aan sy kinders die beste gee wat hy kan, en sy eie voorkeure en ambisies soms opoffer vir sy kinders.

Hoekom sal die moontlikheid om self eendag kinders te hê my kwesbaar maak vir kritiek wat betref my keuse van ’n leefstyl? Want, om ’n Goeie Pa te kan wees, het ek geld nodig. Ekself glo onwrikbaar daaraan dat ’n pa wat nie kan bekostig om goed om te sien na sy kinders nie, altyd ’n probleem sal hê om sy kinders, sy vrou, sy bure, sy vriende, familie, ander mense in die gemeenskap met wie hy verskil op talle gebiede, en laastens homself in die oë te kan kyk.

Is ek goed genoeg om ’n vaderfiguur te kan wees vir kinders? Ek het nog altyd geglo ek is, of sal eendag kan wees, want ek reken uit my ervaring van skoolgee verstaan ek kinders tot ’n mate, en ek kom goed genoeg met hulle oor die weg. Ek weet verder uit ervaring dat ek streng kan wees wanneer ek moet, konserwatief wanneer dit nodig is, en verdraagsaam, oopkop en geduldig genoeg om kinders, kinders te laat wees.

Probleem is, ek gaan te veel gebuk onder my eie vrese en onsekerhede. Ek het ook geen rekord om te kan wys dat ek finansieel die verantwoordelikheid sal kan dra van ’n gesin nie – of dan ten minste om ’n redelike bydrae te kan maak saam met ’n salarisverdienende huweliksmaat. Daar is slegs een logiese konklusie: Ek kwalifiseer nie op hierdie tydstip van my lewe om enige iemand se pa te wees nie.

* * *

Dit is tog opvallend: Soveel van die dinge waaroor ek onseker is, het te make met die allerhoogste en noodsaaklikste euwel van ons beskawing: GELD.

As my toekoms wél die basiese vreugdes van ’n vrou en kinders insluit, sal ek slegs my oortuigings van persoonlike vryheid en kreatiewe onafhanklikheid, en my eie begrip van etiek en moraliteit, kan verkondig sonder voorbehoud, as ek genoeg geld het. Hoekom? Want al is jou ideaal van kreatiewe onafhanklikheid hoe noemenswaardig, en jou begrip van etiek en moraliteit hoe edel, sal dit niks meer as woorde wees as jy nie behoorlik na jou gesin kan omsien nie.

* * *

Die pad wat ek gekies het ná universiteit, die pad wat ek geloop het die afgelope tien jaar, is nie bevorderlik daarvoor om ’n Familieman te wees wat voldoen aan my eie hoë vereistes vir die rol nie. Hierdie vereistes is feitlik identies aan wat verwag word van ’n Goeie Pa en Gesinsman van die Sosio-ekonomiese Middelklas. Solank ek dagdrome het daaroor om self eendag ’n familieman te wees, sal my eie hoë vereistes van myself vir so ’n rol veroorsaak dat ek ligvoet trap in middelklasgeselskap terwyl ek hulle kritiseer; sal ek deur hulle geïntimideer word terwyl ek die spot dryf met hulle.

Die lewe wat ek geleef het die afgelope tien jaar, die keuses wat ek gemaak het en die resultate daarvan, is geskik vir die lewe van ’n enkellopende digter, skrywer, en leunstoel filosoof. Dit is geskik vir die ewige student van geskiedenis, godsdiens, filosofie en ’n taal of drie. Tensy ek gelukkig is, is dit ’n lewe van eensaamheid wat heel waarskynlik sal eindig in ’n vroeë dood.

Dit is die lewe wat ek vir alle praktiese doeleindes gekies het vir myself, en wat ek die moeite werd moet maak om te leef op ’n daaglikse basis. Dit is die lewe waarin ek gemaklik voel, wat my emosioneel in staat stel om my vrese en onsekerhede tot ’n mate hanteerbaar te maak, en om selfs kreatief te kan omgaan daarmee.

Dit is ook die lewe wat nie bevorderlik is vir die vervulling van ’n ander ideaal nie, naamlik om eendag die rol te speel van ’n Goeie Pa en Gesinsman.

Ek wou nog altyd in ’n klas van my eie gewees het. Op 32-jarige ouderdom kan ek myself op die skouer klop en sê: “Geluk ou maat. En jammer jy kan nou nie alles wees wat jy wil wees nie.”

Is dit goed genoeg? Dit móét wees, want dít is my lewe.

Oor die nageslag: Ouerskap

Dinsdag 7 Oktober 2003

Een van die mees prominente ideale van middelklaskultuur is GOEIE OUERSKAP. Volgens die kriteria van GOEIE OUERSKAP regverdig ouers hulle keuses in die lewe. Dit is ook volgens hierdie kriteria wat hulle die suksesse of mislukkings van ander ouers beoordeel. Dit is verder volgens hierdie kriteria wat ek myself gediskwalifiseer het van ouerskap – ten minste vir die onmiddellike toekoms.

Een van die grondbeginsels van GOEIE OUERSKAP is om jou kinders Die Beste Te Gee Wat Jy Moontlik Kan. Dit is oor hierdie beginsel wat ek ’n paar laaste opmerkings wil maak.

Om vir jou kinders die beste te gee wat jy kan, mag dalk gevolge hê wat nie voorsien word nie; nie eens deur ouers wat hulle kroos grootmaak met die beste van bedoelings nie.

Een van hierdie gevolge mag dalk wees dat die jong volwassenes wat grootgemaak is deur ouers wat in al hulle behoeftes voorsien het, wat aan hulle goeie geleenthede gebied het om hul belangstellings vrye loop te gee, en wie se persoonlikhede ontwikkel het in ’n beskermende omgewing, toenemend konserwatief, selfgesentreerd en selfsugtig raak wanneer hulle gekonfronteer word met ’n harder werklikheid as die een waarbinne hulle grootgeword het. Hierdie reaksie mag dalk ook manifesteer in ’n berekende ondersteuning vir die manier-hoe-dinge-is, die status quo, wat aan húlle ’n voorsprong gegee het in die lewe sonder dat hulle veel gedoen het om te verdien wat aan hulle gegee is. So sal hulle alle sosiale, politieke en ekonomiese beleidsrigtings ondersteun wat hul posisie verskans, en hul skouers ophaal vir dié wat aansienlik minder bevoorreg is. Hulle mag selfs so ver gaan om hierdie mense wat minder ontvang het as hulle, “lui” te noem.

’n Ander moontlikheid in die geval van die persone wie se geluk die voordele van bogenoemde agtergrond ingesluit het, is dat hulle in verleentheid en skaamte sal keer na mense minder bevoorreg as hulself. Hulle sal dit moontlik verduidelik as iets wat hulle die samelewing skuld omdat húlle “dit so maklik gehad het, terwyl ander so swaargekry het”. Hulle mag dalk ook onseker wees oor wat hul kanse op oorlewing sou wees indien hulle nié grootgeword het in ’n omgewing waar daar voorsien is in al hul behoeftes nie; indien hulle nié grootgeword het in ’n omgewing waar hul belangstellings en persoonlikhede ontwikkel het sonder die steurnis van te veel pyn en onvervulde begeertes nie.

My advies aan ouers is om inderdaad aan hulle kinders die beste te gee wat hulle kan, om hulle die waarde van verantwoordelikheid te leer, en om hulle belangstellings binne redelike finansiële perke te ondersteun. Verder moet ouers fasiliteerders wees van die proses wat hulle kinders in staat sal stel om ’n selfbeeld te ontwikkel wat gebaseer is op vermoëns en verdienste, en nie net op lidmaatskap van ’n sekere stratum van die samelewing nie.

Kinders moet bewus wees van die lyding van ander; dit, en hulle eie meer bevoorregte situasie (as dit die geval is) moet aan hulle verduidelik word op ’n manier wat aan hulle ’n motivering sal bied om ’n sin van verantwoordelikheid te ontwikkel teenoor hulle medemens – wat insluit mense in meer gestremde sosio-ekonomiese omstandighede asook lede van hulle eie gemeenskap.

Ouers moet aan hulle kinders die waardes leer van geloof in hulle medemens, eerlikheid, waardigheid, verantwoordelikheid vir ander, en verantwoordelikheid vir hulle eie aksies. Hierdie waardes moet nie net geleer word in gesproke vorm nie, maar in aksies en in gedrag van die ouers teenoor hulle kinders, en teenoor ander mense. Kinders moet bewus gemaak word van die resultaat van liefde en ook van haat, en hulle moet deur woorde, gedrag en aksies leer om liefde te kies. Ouers moet ook in hulle kinders ’n houding van

onbevooroordeeldheid en verdraagsaamheid teenoor ander mense aankweek.

Kinders moet die waarde van beginsels geleer word, en om dit te handhaaf selfs al moet hulle soms alleen staan. Kinders moet geleer word om in hulleself en hulle vermoëns te glo, deur ouers wat in hulle kinders glo. Kinders moet geleer word dat foute soms ’n noodsaaklike deel van die lewe is, en dat hulle moet leer uit hulle foute soos volwassenes ook moet doen.

Kinders moet gekoester word, versorg word en beskerm word op wyses wat die waarskynlikheid sal verbeter dat hulle volwassenes sal word wat liefhet eerder as haat, wat verantwoordelikheid aanvaar selfs wanneer ander hulle blik wegdraai, en wat sal beskerm wat weerloos is teen agente van vernietiging. Kinders moet gekoester word as wonderwerke van die lewe, sodat hulle volwassenes kan word wat die lewe, en alles wat goed is, kan handhaaf en beskerm.

Ten laastens is dit ook belangrik dat kinders bewus gemaak moet word, op ’n redelike wyse en op die regte tyd, van die moontlikheid dat ook hulle teleurstelling, ellende en lyding sal moet deurmaak. Dit sal ook nie onvanpas wees nie om hulle te leer dat die dood onafwendbaar is; dat dit die lot van alle vorme van lewe is om die einde van ’n fisiese bestaan te bereik.

Dit moet egter altyd beklemtoon word dat, hoewel alle vorme van lewe uiteindelik ’n einde bereik, daar ’n toestand is wat dood voorafgaan. Kinders moet geleer word dat hierdie toestand van LEWE gekoester moet word, hoog op die prys gestel moet word, en ondersteun moet word tot die laaste asemteug.

Krapmerke van volwassenheid

Dinsdag 18 November 2003

Die sogenaamde “benchmarks of adulthood” is trou en huiskoop. Volgens hierdie standaard is ek nog ’n kind, vasgevang in die lyf van ’n volwasse man. Sekerlik sal ek een of ander tyd die “benchmarks” tref. Die vraag is, sal ek dan meer soos ’n volwassene voel as wat nou die geval is?

Dis vreemd hoe ek amper daarna uitsien om groot te wees, om uiteindelik, na jare as ’n kind-man vasgevang in my eie vreemde wêreld, te kwalifiseer as ’n volwaardige volwassene in die oë van die gemeenskap. Sal ek ’n motorkar hê? Ek sal sekerlik ’n huis hê. Miskien sal ek selfs elke dag moet skeer! Ek sal ook gras moet sny. Ek sal natuurlik – uit die aard van die saak, want dis ’n vereiste – getroud wees.

My “vrou” sal my voorstel aan mense as haar “man”. Ons sal op Saterdagoggende gaan inkopies doen, ek in ’n ou T-hemp en heel moontlik ongeskeerd (siende dat dit naweek is). My “vrou” sal gevriesde groente en vars vrugte in die waentjie gooi, en die gevriesde pizzas en vars doughnuts uithaal wat ek ingegooi het. Miskien sal ons kerk toe gaan elke Sondag – ek natuurlik skoongeskeer, met ’n netjiese pak klere aan.

Op Sondagmiddae sal ons by vriende kuier, soos ordentlike volwassenes tee drink uit koppies met bypassende pierings, en gesels oor wat die vorige week gebeur het by die “werk”. Na die geselsies sal ons weer in ons motorkar klim. My “vrou” sal die bestanddele van ’n resep met die ander vrou bevestig, en dan sal ek een of twee keer liggies op die toeter druk soos ons wegry, met ’n enkel arm waaiend uit die venster.

Ai. Hoe lekker klink dit nie om groot te wees nie. Ek wonder net, sal dit orraait wees as ek net elke derde dag skeer? En is daar ’n kans dat ons kan onderhandel oor die grassnyery?

’n Gedagte broei in my kop, deel twee

Maandag 8 Desember 2003

’n Gedagte het in my kop begin broei êrens in die eerste deel van Oktober. Ek kan beweer dat ek sedertdien aan niks anders gedink het as aan die eier wat in sy nes gelê en wag het nie, maar hierdie idee is een van daai wat in fases uitbroei. Ek is nou eers, in die eerste deel van Desember, gereed om die ander ent van die eier te tik in die hoop dat die volle waarheid skreeuend uit sy dop sal kruip.

My vraag was laas, hou ek steeds in my agterkop dieselfde sjabloon wat betref my toekoms? Ek het tot ’n groot mate neergevel wat ek wou sê, en ek loop die risiko dat ek net dieselfde politiek weer gaan uitgorrel, om dit weer ’n keer op te dis as iets nuuts wat ek nog wil bysê.

Ek meen nou al vir ’n geruime tyd dat ek hierdie onpubliseerbare versameling stukke gaan afhandel, al my kontant in ’n plastieksak gaan toedraai, en sal teruggaan Suid-Afrika toe. Daar aangekom sal ek dit en dat doen, naamkaartjies laat druk wat sê wie ek is, hoekom ek op daai dorp my sole wil deurloop, en hoe ek reken ek by die gemeenskap inpas – in terme wat my dorpsgenote sal verstaan. Ek sal binne enkele weke ’n plaaslike burger wees wat herken, en vriendelik gegroet sal word elke Saterdagmiddag as ek balle by die gholfbaan gaan optel om te verkoop vir brood en twak.

Lank voordat ek sal begin verlang na Taiwannese vrouens en diepgebraaide seekat, sal ek aansit vir aandete by ’n vooraanstaande linksgesinde op die dorp se dogter. Kort daarna sal sy te bly wees dat iemand soos ek met háár sal wil trou, siende dat sy nét vyf operas op die klavier kan speel, gereeld haar humeur verloor vir sosiale onreg, haar ma altyd sê sy’s heeltemal te slim om ooit ’n goeie man te kry, en dat sy ’n veels te goeie sin vir humor het om ernstig opgeneem te word deur enige regdenkende digter of skatryk ingenieur.

En so sal my lewe voortgaan volgens die konvensionele model. Die skoonfamilie sal soms verplig voel om verskoning te maak oor my sogenaamde verlore jare, toe “hy na die Verre Ooste toe gegaan het om Engels te gee en te skryf, en so aan”. Ek sal egter wees waar meeste burgers van die Middelkosmos eens net gedroom het hulle sal opeindig – getroud, huis, werk, kinders, grassnyer …

Ek weet ek maak myself skuldig aan stereotipes. Ek weet lewe in die middelstratum van die samelewing is geen Voortrekkerkamp of Sondagskoolpiekniek nie. Ek weet alle mense, middel of nie, wil graag ’n behoorlike dak oor hulle koppe hê. Ek weet almal probeer hulle bes om genoeg geld elke maand bymekaar te skraap om siel binne vel te hou. En ek verstaan om jou eie kind in jou hande vas te hou verander jou beskouing van sake op wyses wat jy nooit sou kon raai nie.

Steeds wonder ek: Is die ideaal van ’n middelklasbestaan vir elke volwasse persoon beskore? Wat, om die noodwendige opvolgvraag te vra, is die alternatiewe modelle van ’n suksesvolle, gelukkige, vervullende volwasse lewe?

Een probleem wat ’n mens teëkom in die beantwoording van hierdie vraag, is definisie van ’n middelklasbestaan. Daar’s ook faktore wat ’n antwoord verskillend maak vir verskillende mense – maatskaplike realiteit, kulturele verwagtinge, en sienings van wat ’n suksesvolle volwassene is, speel alles ’n rol.

Siende dat hierdie nie ’n akademiese werk is nie, en omdat ek nie in die posisie is om oor enige iemand anders se lewe te skryf nie, slaan die byl dus weer teen my eie voordeur vas. Wat sou dus die alternatief wees vir my, of dan ten minste vir iemand in my posisie? Ek is 32 jaar oud; ek besit geen eiendom nie, en ek besit nie ’n motorkar nie. Die paar stukke meubels wat ek my eie noem, staan ’n woonstel in Noordoos-Asië vol. Ek het die ekwivalent van ’n paar duisend rand in die bank; ek glo kredietkaarte is ’n euwel; ek het geen dokumentasie van ’n vaste salaris om ’n bankbestuurder mee te beïndruk vir ’n huislening nie, en ek het ’n hardkoppige

streek wat maak dat ek wil skryf wat ék wil skryf ongeag of dit publiseerbaar is, selfs as ek eintlik aksies moet neem om meer geld te verdien.

Wat is my opsies, as ek nie kwalifiseer vir die standaard ideaal van ’n middelklas gesinsman nie, as konserwatiewe, middelklas, “family values” gemeenskappe (wat insluit my eie ouers, my susters, en vriende wie ek om verskeie redes as belangrik ag) se kriteria van wat ’n “volwassene” behoort te doen, vryelik bokant my kop verby swaai?

Dinsdag 9 Desember 2003

Om te trou en kinders te kry is meer as net ’n leefstylkeuse – dit is, en was heel moontlik nog altyd, oor kultuur- en tydsgrense heen, die primêre vereistes om te kwalifiseer as ’n volwaardig volwasse lid van die gemeenskap.

Natuurlik betwyfel niemand jou vermoë om keuses te maak, en verantwoordelikheid te neem vir jou eie aksies as jy ouer as 21 is nie, en soveel te meer as jy reeds die Groot Drie geslaan het. Dis egter een van daai gevalle waar mense sal sê “Ja, jy is nou oud genoeg om saam te gesels, maar …,” en dan nie altyd hulle sin kan voltooi nie.

’n Vriendin vra onlangs vir my – sonder dat sy bewus was daarvan dat dit ook een van mý huidige troetelkwessies is, wanneer ek reken ’n mens se ouers jou sien as ’n volwassene, as volwaardig een van “ons”. Mý vraag is, wanneer sien nie net jou ouers nie, maar die breë gemeenskap jou as ’n volwasse een van hulle? ’n Voorlopige antwoord was reeds aangebied – trou-en-kinders (en as jy kwalifiseer vir ’n lening, kan huiskoop bygevoeg word).

Wat ons terugbring by my vraag van gisteraand: Gestel trou-en-kinders is óf nie jou keuse nie, óf jou nie beskore nie, wat dan? Gaan jy tot jy tagtig is behandel word as ’n tweedeklas volwassene? Gaan volwassenes wat kwalifiseer om as sulks beskou te word volgens die genoemde kriteria geïrriteerd raak as jy ’n mening wil lewer oor “volwasse sake”

soos kinders en die opvoedingsproses, omdat “jy nie weet nie, want … jy weet net nie”?

(Terloops, die drie dinge – huiskoop, trou, en kinders kry, word gereeld in een asem genoem as mylpale wat ’n mens kwalifiseer as ’n volwassene. Maar selfs al besit jy nie eiendom nie, al is jy geskei of al was jy nooit eens getroud nie, wat werklik saak maak is of jy die verantwoordelikheid ken van om jou eie kind groot te maak. Dit, meer as enige iets anders, is die Goue Ongeskrewe Vereiste.)

Natuurlik is daar uitsonderings op die reël; mense wat nooit hulle eie kinders produseer en/of grootmaak nie, wat wel gerespekteer word as volwaardige volwassenes. Die beste voorbeelde waaraan ek kan dink is die Katolieke Pous en die meerderheid Katolieke priesters. Hierdie groep word inteendeel gerespekteer omdat hulle die vreugde (en verantwoordelikheid) van eie kinders uit vrye wil prysgegee het, sodat hulle die Kerk, en hulle geloofsgemeenskap kan dien soos hulle leerstellings dit uiteensit. Selfde met die Dalai Lama en Boeddhistiese monnike. Mens kan amper sê dat voltydse lede van hierdie religieuse en ander soortgelyke gemeenskappe spesiale “vrywaringsbriewe” het om nie aan die konvensionele kwalifikasies vir volwaardige volwassenheid te voldoen nie.

Wat van ander volwassenes wat buite die konvensionele kriteria val? Waar pas die volwassenes in wat hulleself in inrigtings bevind, of wat op straat slaap en as “boemelaars” geklassifiseer word? Niemand verwag werklik van volwassenes in sielkundige inrigtings om op te tree, of te funksioneer as volwassenes nie (en van hulle word moontlik opgesluit in die vrees dat hulle wel kinders sal verwek); en boemelaars word in elk geval nooit geag as goed genoeg vir enige iets anders as miskien ’n muntstuk en ’n kort prekie in die parkeerterrein nie. Maar pas hulle steeds op ’n manier in as volwasse lede van die gemeenskap? Hulle word nie heeltemal as kinders behandel nie, en in sommige gevalle word daar van hulle verwag om verantwoordelikheid vir hulle

aksies te neem, so … sal ons dit vir die oomblik daar laat om hulle "semi-volwassenes" te noem?

Om terug te kom by my spesifieke situasie: as ek 'n versteurde priester-boemelaar was wat myself "Pous" genoem het, kon ek nog ingeval het in die semi-volwasse groep, hoewel ek ook vrywaring kon eis van konvensionele kriteria vanweë my priesterstatus. Maar omdat ek nie geestelik versteur is nie, nie 'n boemelaar is nie, omdat ek nie 'n Katolieke priester of monnik is nie, en ook omdat ek nie kinders het nie, bevind ek myself in 'n spesiale groep: ongetroude, enkellopende, werkende volwassenes wat volgens vele se standaarde nie kwalifiseer vir volwaardig volwasse status nie.

Pla dit my? Dit irriteer meer as wat dit pla. Ek beskou myself as 'n volwaardige volwassene, maar as die vereistes van kinders en (moontlik) eiendom geld, gaan ek altemit nie as 'n volwaardige volwassene behandel word deur mense wat wel voldoen aan hierdie vereistes nie.

Ek kan die hele debat omgooi na die ander kant toe en sê dat daar baie volwassenes is wat "Ouer" kan skryf op hulle identiteitskaartjies, maar wat ek as … sal ons maar net sê, onderontwikkeld sal beskou volgens my eie maatstaf van volwasse opinies en gedrag.

Noudat ek daaraan dink, behoort daar nie iets te wees soos 'n kredietstelsel nie? Behoort mens nie krediet te kry vir uitgesorteerde opinies oor "volwasse" sake wat relevant is vir alle volwassenes nie; krediet wat sal opmaak vir die gebrek aan krediet wat ander se beloning is vir intieme eerstehandse kennis van ouerskap, al het hulle dalk nog nie soveel uitgesorteerde opinies nie? Die antwoord is heel waarskynlik negatief. Ouer-volwassenes het die breë gemeenskap aan hulle kant. Goed en wel as jy jou weergawe van die betekenis van die lewe, en kwessies soos identiteit en die rol van plek in die mens se lewe uitgesorteer het in "volwasse" woorde; wat egter saak maak, is of jy kinders het of nie.

Hoe sal dit my opinie verander as ek wel eendag my eie kind in my arms toevou? Ek sal graag wil antwoord dat dit nie my opinie sal verander nie. Dit sal my nog steeds irriteer as iemand van mening is dat ek nóú kan deelneem aan die gesprek as dit oor kinders gaan, “want jy’s mos nou self ’n ouer”. ’n Persoon is ’n volwaardige volwassene omdat hy of sy ’n volwasse ouderdom bereik het, omdat hulle weet hoe om te funksioneer as volwassenes, en omdat hulle verantwoordelikheid neem vir hul eie aksies in die gemeenskap waarbinne hulle hulself bevind. Ek het nie kinders van my eie nodig om as ’n volwassene gedefinieer te word nie, en ek het nie kinders van my eie nodig om ’n opinie oor die onderwerp van kinders grootmaak te lug nie.

(Is daar mense wat, bewustelik of onbewustelik, gemotiveer word om kinders te kry net sodat hulle kan kwalifiseer as “werklike” volwassenes in hulle gemeenskap? Ek glo daar is.)

Hierdie stuk het ’n paar draaie geloop waarop ek nie oorspronklik gereken het nie. (Ek beplan in elk geval nie my stukke nie. Ek skryf meeste van die tyd wat ek andersins hardop vir myself sou vertel, dink dan ’n titel uit en noem die eindresultaat “’n stuk”). Ek dink ek wou aanvanklik geweet het of ek net die een opsie het vir die toekoms, naamlik om terug te gaan Suid-Afrika toe, geld te verdien, huis te koop, te trou en kinders te kry.

Ek wou op een of ander kol nog alternatiewe noem, soos die ou wat twintig jaar lank in Hong Kong woon, vlot Chinees kan praat, baie reis, elke jaar hope literêre materiaal produseer (beide publiseerbaar en onpubliseerbaar), en geken sal word as die “eksentrieke oom van die Ooste” deur sy susters se kinders.

Ek glo egter die kwessie van hoe volwaardige, respekteerbare volwassenheid gedefinieer word, is die dieperliggende aangeleentheid agter die oorspronklike gedagte wat gebroei het in my kop.

Naskrif

Die probleem in hierdie stuk was dat mense wat kwalifiseer volgens sekere kriteria, behandel word as "volwaardige volwassenes". As jy oud genoeg is om by verstek te kwalifiseer maar jy voldoen nie aan hierdie sogenaamde "benchmarks of adulthood" nie, word jy steeds aanvaar as ’n mede-volwassene, maar jy word gereeld op subtiele wyses herinner daaraan dat jy nie aan ’n paar kardinale vereistes voldoen nie.

Ek het egter veel later aan iets anders gedink. Vind mense nie in soveel gevalle *enige* iets om hulleself in ’n beter lig te stel nie? As die ander volwassene nie getroud is nie en/of nog nie enige afstammelinge geproduseer het nie, dan vind hulle dit daarin. Dan sal dit hierdie saak wees waarop hulle sal hamer tot vervelens toe. As hulle dit nie daarin vind nie, dan sal dit wees oor die ander persoon se werk, of hulle kinders wat te veel lawaai maak, of "hulle verbasende swak smaak in huisdekor in ag genome dat hulle soveel geld het".

Sekerlik is dit naïef om te verwag dat jy dieselfde reaksie sal kry van ander volwassenes om die tafel as die gesprek gaan oor misdaadbestryding in die plaaslike distrik, as die ander volwassenes woonagtig is in die distrik, en jy woon in ’n misdaadvrye enklawe in Skandinawië. Of dat jou mening noodwendig dieselfde gewig sal dra as die gesprek gaan oor die opvoeding van kinders, as jy nie enige kinders het nie. Dieselfde vir ’n gesprek oor huweliksprobleme as jy nog nooit getroud was nie.

Tog, sommige volwassenes sal altyd standaarde koester, fyn uitgekies en blink gepolitoer, wat hul eie lewens in ’n beter lig stel. Vir hierdie rede, sal volwassenes wat glo in hul eie waarde ten spyte van die somtyds eensydige menings van ander volwassenes, dit makliker vind om voort te gaan om ’n sukses te maak van hul eie lewens, ongeag hul verhoudingstatus en eiendomsportefeulje, en ten spyte van ’n moontlik algehele gebrek aan begeerte, of selfs onvermoë, om kinders te produseer.

* * * * * * * * * * * * * * * *

Saterdag 13 Desember 2003

"Jy't nie 'n huis nie, jy't nie 'n kar nie, jy't nie 'n regte job nie, en jy's alreeds in jou dertigs en jy's nog nie getroud nie."

"Ja, ek weet. Maar …"

"Geen maar's nie. Hierdie is die dinge wat vir mý saak maak as ek 'n man beoordeel. Jy mag dalk sewe jaar in Noordoos-Asië gespandeer het, gebroke Chinees praat, en 'n hele literêre projek vol geskryf het oor jou opinies. Maar jy't nie 'n behoorlike huis nie, jy't nie 'n kar nie, jy't nie 'n werk nie, en jy's alreeds in jou dertigs en daar's nie eers 'n romantiese verhouding op die horison nie."

En dis dit. Saak gesluit.

Maak dit saak? Nie soveel as wat dit irriteer nie.

* * * * * * * * * * * * * * * *

Die ouer se verantwoordelikheid

Dinsdag 17 Februarie 2004

As ouer het ’n mens die verantwoordelikheid om ten minste te poog om die tipe lewe te lei waarna ’n kind kan kyk en sal sê, “Ek wil ook so ’n lewe hê.” En die kind moet dit nie net kan sê as ’n vyf- of sesjarige nie, maar as ’n tiener, en selfs as ’n jong volwassene.

As dit nie moontlik is om tans self die kwaliteit lewe te lei wat jy wil hê jou kind eendag moet hê nie, is dit jou verantwoordelikheid om jou kind op te voed en voor te berei om te streef na ’n *beter* lewe as die een wat jy tans jou eie noem. ’n Mens moet deeglik bewus wees van die moontlike reperkussies voor jy vir ’n kind sê, “Dis nou maar hoe dinge is. Ons almal moet dit maar net aanvaar en aangaan met ons lewens.” Wees realisties, maar laat die kind toe om te droom.

As jy as ouer nie die tipe lewe lei waarvan jy gedroom het in jou jonger dae nie, maak die kind deeglik bewus van dinge wat jy moontlik anders sou gedoen het, en wys aan die kind moontlike roetes wat hy of sy kan oorweeg om nie ook ’n “slagoffer van omstandighede” te word nie.

* * * * * * * * * * * * * * *

Op Vrydagoggend 23 April 2004 om 11:26 in die oggend het ek weereens die moontlikheid gekontempleer om my persoon ten volle te rehabiliteer as lid van die voorstedelike middelklas in Suid-Afrika. Helaas, het ek gereken, my enigste hoop sou wees om ’n middelklas voorstad te bekruip in die nag, en die volgende oggend in volle kamoeflering te verskyn aan die gemeenskap as een van hulle.

* * * * * * * * * * * * * * *

Identiteit, lewe, kennis, en skroewe

Dinsdag 15 Junie 2004

My identiteit, my lewe (I)

Ek weet nou wat my so rigting laat verander het op Sondag 2 Mei/Maandag 3 Mei. Ek het daai Sondagmiddag met my ouer suster en met my ou pêl in Johannesburg – en met albei se babas – gesels op die telefoon. Ek was diep beïndruk met hoe hulle lewens ’n definitiewe karakter vertoon, terwyl ek steeds “op pad is huis toe”. Ek het ’n punt bereik, daai middag, wat ek besef het dat ek ’n intense begeerte het om ook te kan sê: Hierdie is mý lewe, en ook mý lewe is goed.

* * *

Almal het hulle eie spesifieke lewens. Dan draai die kamera in jou rigting, die mikrofoon word in jou bakkies gedruk, en die onvermydelike uitdaging word gerig: Identifiseer jóú lewe.

En die antwoord: “Ek is Piet X wat woon in Stad Y, en ek vul my daaglikse bestaan met …”

Oorgelewerde kennis, en ou skroewe

Baie mense doen die “regte ding” sonder om te veel daaroor te besin. Vir my het dit lank gevat om sekere dinge te leer – die tipe dinge wat, as ek vir mense sal sê, “Hierdie is die gevolgtrekkings waartoe ek gekom het na jare se bepeinsing,” hulle sal reageer met, “Ons weet klaar hierdie dinge. Ons pas dit al vir jare in ons eie lewens toe. Het jy regtig nodig gehad om te sit en dink daaroor?”

Wat is verkeerd met my? Het ’n skroef jare gelede al losgegaan in my kop? Is ek onnosel? Nee (moes ek baie vinnig skryf voor ek die moontlikheid kon oorweeg).

Wat gebeur het was dat ek geloof verloor het in dit wat aangebied was as “die waarheid” en “die manier hoe dinge werk”. Ek het alles bevraagteken, en moes derhalwe van vooraf my eie wêreldbeeld en verwysingsraamwerk konstrueer, met behulp waarvan ek kon funksioneer as ’n volwassene buite die malhuis.

Uiteindelik het ek wel sommige “ou” waarhede opnuut aanvaar – die verskil is dat ek wéét hoekom. En om te verstaan hoekom ek glo waarin ek glo, moet jare se lewe aan die “buitekant” die moeite werd maak.

Woensdag 16 Junie 2004

My identiteit, my lewe (II)

Ek het moeg geraak om te hoor hoe ander mense praat van hul eiesoortige lewens, maar as ek my mond oopmaak om te praat oor mý lewe, dan’s dit net vae planne en vae beloftes wat daarop neerkom dat ek nie tans ’n lewe het nie, “maar ek is op pad”.

Die waarheid is, ek hét ’n lewe! Dit is nie volmaak nie, maar dis goed! En dis mý lewe!

Brousel vol gedagtes

Maandag 28 Junie 2004

00:02

Kinders is die maklikste “resultaat van ’n lewe” om te produseer. Die moeilike deel kom daarna.

00:09

Ouers laat – in die ideale ouer-kind scenario – kinders agter as ’n resultaat. Besigheidsmense laat profyt en besighede agter. Entrepreneurs en uitvinders laat produkte agter. Kunstenaars laat kuns agter. Skrywers laat boeke agter. Argitekte laat geboue agter. Siviele ingenieurs laat infrastruktuur agter. Rewolusionêre laat ’n nuwe politieke bestel agter.

En dan is daar die rewolusionêr wat ook kinders agterlaat, die uitvinder wat kinders én profyt agterlaat, die skrywer wat ook ’n suksesvolle onderneming opbou waarby ander kan baat tot lank nadat hy aanbeweeg het …

Hiërargie van verhoudings

Sondag 3 Oktober 2004

02:34

Daar is ’n hiërargie van verhoudings: Heel-bo het jy die “sielsgenoot”, dan kry jy die “lewensmaat”, dan die “metgesel”. En dan, al is iemand nie jou sielsgenoot nie, al het julle nie eens genoeg in gemeen om metgeselle te wees nie, en dan definitief ook nie om lewensmaats te word nie, kan julle steeds ’n funksionerende verhouding hê as “minnaars”.

Dit is natuurlik ook so dat jou sielsgenoot ook jou lewensmaat, jou metgesel en jou bedmaat kan wees. Ook dat jou metgesel jou bedmaat is, maar nie jou lewensmaat of jou sielsgenoot nie. En dit is ook moontlik dat jou sielsgenoot nie iemand is met wie jy ooit ’n intieme verhouding sal hê nie. Jou sielsgenoot mag dalk ’n vriend of vriendin wees. Dit mag ook wees dat ’n man sy sielsgenoot vind in ’n vrou wat getroud is met ’n ander man, wat lief is vir haar eggenoot, en toegewyd is aan haar huwelik.

Terloops, wat is ’n sielsgenoot? En wat is die rol van ’n lewensmaat … en ’n metgesel … en ’n bedmaat?

11:48

Die opvatting bestaan dat mens noodwendig seksueel aangetrokke moet wees tot jou sielsgenoot. Hoekom? Die verwagte proses loop soos volg: ’n man en ’n vrou ontmoet mekaar (om een voorbeeld te noem op die seksuele spektrum); hulle is seksueel aangetrokke tot mekaar; hulle vind in mekaar hul sielsgenote; hulle word lewensmaats; hulle verseël hul verhouding in ’n huwelik, om dan gelukkig te wees tot die einde van hul aardse bestaan.

Wat van as mens reeds jou sielsgenoot gevind het in iemand van dieselfde geslag as jy, maar nie jy of die ander

persoon is homoseksueel nie? Of wat van as jy jou sielsgenoot vind in iemand van die teenoorgestelde geslag, maar jy's nie seksueel aangetrokke tot die persoon nie? Hou jy aan soek tot jy 'n sielsgenoot vind in iemand van die regte geslag tot wie jy seksueel aangetrokke is? Dis belaglik! Gaan jy 'n eensame, sekslose bestaan voer tot jy hierdie persoon gevind het? Dis totaal onnodig, en dit dien geen doel nie!

Dis absurd om sulke vereistes te stel aan iemand wat jy wil *date*, en dis belaglik om te verwag dat jou sielsgenoot noodwendig 'n aantreklike, enkellopende man of vrou moet wees waarmee jy graag sal wil uitgaan.

Laaste vraag: Kan jy lief wees vir iemand as hy of sy net jou bedmaat is, en nie jou sielsgenoot nie? Antwoord: Natuurlik.

Kort opstel oor die kloof van onortodokse sienings

Dinsdag 2 November 2004

Dis heeltemal te verwagte dat die onverbonde enkeling iemand sal soek met wie hy sy solitêre bestaan vir ’n wyle – as dit dan nie beter kan wees nie – kan ophef. ’n Ryk verskeidenheid van probleme verhoed egter soms die bestes onder ons om die kloof oor te steek tussen Ek-op-my-eie, en Ek-saam.

Onortodokse sienings oor die lewe, die mens se bestaan, wie en wat ons is, godsdiens, politiek, en wat mense doen met ten minste agt ure van elke weeksdag, is een faktor wat die sprong oor die kloof inhibeer.

Die skrywer van hierdie nota is, soos een of twee lesers moontlik al teen hierdie tyd agtergekom het, een van die miserabele siele wat glo sy eie oortuigings is so ongewoon dat mense wat hom nie sy hele lewe lank al ken en tot ’n mate vrede gemaak het met die woorde wat gereeld oor sy lippe vloei nie, so verskrik sal wees deur hom dat hulle al gillend sal hardloop na die naaste bus- of treinstasie om so vinnig as moontlik afstand te bewerkstellig tussen hulleself en hierdie vreemde kreatuur.

Soos enige miserabele leuenstoel-filosoof wat sy sitplek werd is, plaas ek die blaam vir my situasie op ander se kortsigtigheid. Indien mense net bietjie die gange van hul eie verstand wil verbreed, die vensters miskien oop wil beur, en hier en daar ’n alternatiewe deur wil oopmaak, sal ek nie kan bybly met al die sosiale afsprake nie.

Ek bevind myself in ’n omgewing waar potensiële vroulike metgeselle in twee groepe verdeel kan word: vrouens wat in Taiwan gebore is en hier grootgeword het, en vrouens wat in Westerse lande gebore is en daar grootgeword het. Laasgenoemde kom in werklikheid, vir my eie doeleindes,

neer op vrouens van my eie land, en meestal van my eie taal en kulturele agtergrond.

Daar is een belangrike verskil tussen Taiwannese en Afrikaanse kandidate, wat my persoon aanbetref: my onortodokse sienings, en my leefstyl waarin hierdie sienings ’n daaglikse tasbare werklikheid is, is ’n meer pertinente onderwerp van gesprek met laasgenoemde groep. Dit is in vele gevalle byvoorbeeld makliker om weg te kom met my spesifieke godsdienstige oortuigings met ’n Taiwannese vrou wat self óf geen duidelike godsdienstige oortuigings het nie, óf wat haar eie mengsel volg van meer as een godsdiens, as met ’n Afrikaanse vrou wie se identiteit en wêreldbeeld gevorm is in ’n Calvinistiese huishouding.

Ook die omgewing wat Taiwan is, is bevorderlik vir my om voltyds “skrywer” te wees, en deeltyds steeds ’n goeie inkomste te verdien as “English teacher”. Indien ek ’n verhouding aanknoop met ’n vrou met wie ek ’n taal en kultuur deel, is daar ’n sterk moontlikheid dat ons sal terugkeer na Suid-Afrika. Die uitdaging om dinge in Suid-Afrika vir my te laat werk soos in Taiwan, is egter veel meer ingewikkeld.

My sogenaamde onortodokse sienings kom amper altyd ter sprake met Afrikaanse vrouens, in ’n taal waar ek nie kan wegkruip agter gebrekkige woordeskat of swak uitspraak nie, en in terme en implikasies wat ek wéét, ons albei alte goed ken en verstaan. Om ’n vrou van my eie taal en kultuur te ontmoet met wie ek my sienings en oortuigings kan deel sonder inhibisie, is derhalwe ’n uitdaging van ’n uitsonderlike moeilikheidsgraad.

Dit kan gesê word dat ek nodig het een van twee tipes vrouens in my lewe:

- ’n vrou wat onbewus is van presies waarin ek glo; of
- ’n buitengewone vrou wat my oortuigings en persoonlike politiek verstaan, en breed genoeg kan dink om te kan sê: “Ek stem nie noodwendig saam met alles nie, maar ek hou van jou.”

Geagte 18 tot 35-jarige leser …

Donderdag 11 November 2004

Geagte 18 tot 35-jarige leser, jou opsies as werkende volwassene is as volg:

1. Vind ’n werksgeleentheid wat jou van voldoende inkomste voorsien.

2. Vind ’n werksgeleentheid wat jou van voldoende inkomste voorsien, en wat genotvol is om te doen.

3. Vind ’n werksgeleentheid wat jou van voldoende inkomste voorsien, en wat aan jou die indruk gee dat jy ’n waardevolle rol speel in die breë gemeenskap (nie net in die werksplek waar jy jou inkomste verdien nie).

4. Vind ’n werksgeleentheid wat jou van voldoende inkomste voorsien, en wat strook met jou kritiese selfbeskouing – ontwikkel na jy jou Gegewe Self gekonfronteer het, en jou Gekose Self gedefinieer het.

(Nommer vier is meer ingewikkeld. Beroep, of enige werk waarmee mens geld verdien, moet gekies word en word soms benodig *lank* voor die persoon ’n meer gesofistikeerde idee het van wie hy of sy is anders as, “My naam is Sannie of Koos; ek is gebore in Dorp A of Stad B; ek hou van dit of dat; dit of dat verveel my; dit of dat maak my kwaad; my pa en ma en susters en broers en oupas en oumas en ooms en tannies en neefs en niggies en vriende is sus en so; ek wil eendag in ’n drie of vier of tien slaapkamer huis of woonstel woon in Dorp Y of Stad X; ek wil ’n Porsche of donkiekar of Datsun bakkie ry, en ek wil trou en een of twee of sewe kinders hê.”)

Seksuele begeerte, sosiale verskynings, en die gepaardgaande beskouing van die self

Donderdag 11 November 2004

22:22

Ek het nou net ’n telefoniese gesprek gehad met ’n vriendin, en het enkele van my mees onlangse gedagtes met haar gedeel (oor verskyning, begeerte, verleentheid, mislukking, selfbeskouing, ensovoorts).

Na die oproep dink ek daaraan dat ek moontlik gesê het mense moet eerder selibaat wees. Ek dink nie ek het heeltemal bedoel om te sê selibaatheid is beter as om ’n aktiewe sekslewe te hê nie. Ek wou net aandag vestig op die moontlikheid dat ’n verandering in seksuele begeerte, of seksuele gedrag, of verwagting, jou sosiale verskyning fundamenteel sal beïnvloed, en daarmee saam jou beskouing van jouself, en van ander mense.

22:53

Sê ek dan mense moet ophou om met mekaar te meng en een-een die woestyn instap, of dan hulle eie privaat woestyne, om te verhoed dat hulle mekaar per ongeluk raakloop?

Nie noodwendig nie.

Al wat ek sê is dat alleenheid, en eensaamheid, mý boom sodanig bevrug het dat dit unieke vrugte opgelewer het.

Vrydag 12 November 2004

’n Oorsigtelike studie van Europese en Oosterse beskawings openbaar ’n antieke tradisie van mans en vrouens wat hulself afsonder van die res van die samelewing. Die feit dat jy van sommige van hierdie mans en vrouens sal hoor, of sal lees van hulle, impliseer dat hulle afsondering gelei het tot

bogemiddelde insigte oor die lewe, en/of dat hulle aksies onderneem het na periodes van afsondering wat hul name verewig het in die anale van die geskiedenis van die mensdom.

* * * * * * * * * * * * * * *

Woensdag 24 November 2004

Agtien maande gelede het ek gewonder hoe die repatriasie vraagstuk gaan uitwerk. Sou ek uiteindelik huis toe gaan? Wanneer? Met hoeveel geld? Wat sou ek doen? Waar sou ek bly …

Die woorde wat die kameel se rug gebreek het, was die volgende: “Ek hét ’n lewe. Hierdie lewe is nie volmaak nie, maar dis ’n goeie lewe. En dit word geleef op ’n plek wat bevorderlik is vir die uitlewing van wie ek wil wees, en vir wat ek wil doen met my lewe.”

* * * * * * * * * * * * * * *

Die punt en die vrae

Maandag 13 Desember 2004

11:26

Die punt is om vir iets te leef, sodat wanneer ons sterf, ons sal weet ons lewens was nie verniet nie.

11:36

Die vraag is dan, waarvoor leef jy?

Vele mense sal antwoord, "Ons leef vir ons kinders."

Ek vra: Wat beteken dit? Jy leef vir jou kinders, hulle leef vir hulle kinders … op een of ander punt sal iemand moet leef vir iets anders, maak nie saak of hulle kinders van hulle eie het of nie.

Ek dink dis ondeurdag, selfs gevaarlik om te sê jy leef vir jou kinders. Dit voel reg. Jy's regtig lief vir jou kinders, en jy sal regtig iemand se gesig pap slaan ter wille van jou kinders, so … dit kan mos net reg wees om te verklaar: "Ek leef vir my kinders! En vir my vrou … (of man)." Dan nie?

Nee! Dis iets wat edel en reg vóél – en lyk op papier, maar in werklikheid vervang die een geslag die ander met geen behoorlike begrip van die waarde of moontlike doel van hulle lewens nie, anders as, "Ek moet kinders kry."

Hoor enige iemand anders die alarm weeklaag?

’n Gedagte broei in my kop, dele drie en vier

Maandag 27 Desember 2004

Deel drie

Meer as ’n jaar gelede het ’n gedagte in my kop begin broei. Dit het hoofsaaklik gehandel oor die tipe lewe wat ek kan leef in Suid-Afrika, terwyl ek steeds behandel sal word as ’n *volwassene* in ’n gemeenskap van ander mense wat ook ouer is as 25, maar wat voldoen aan die konvensionele kriteria van *volwassenheid*. Teen die einde het die twee dele van die oorspronklike gedagte die tema aangeraak van presies wat hierdie kriteria behels. Waarmee ek vorendag gekom het, was nie oorspronklik nie: kry ’n werk, trou, koop ’n huis of ’n woonstel, raak swanger, en wees verantwoordelik vir jou eie nageslag.

Dis nou meer as ’n jaar na die oorspronklike gedagte uitgebroei het. Ek sit steeds in dieselfde woonstel, op dieselfde stoel, en tik steeds opstelle met hoofsaaklik twee vingers op dieselfde rekenaar (ek het wel geskuif van die spaarkamer na ’n hoekie in die sitkamer). My enigste medium van vervoer is steeds my geel fiets. My antieke kassie, my oefenfiets, en al my bokse staan naastenby dieselfde spasies vol.

Hoewel ek nie tans ernstig dink aan die opheffing van wat ek voorheen my “ballingskap” genoem het nie, het die gedagte aan twee moontlike lewens weer vanaand aan die binnekant van my skedel begin tik: Alleen, of Saam Met Iemand.

Indien ek voortgaan om my dae en nagte op my eie te slyt, sal dit my eie keuse wees. Om saam met iemand te wees sal benewens ’n meer genotvolle werklikheidservaring ook dinge meebring soos die moontlikheid van ’n toekoms saam, wat weer vrae na vore sal bring van plek – Suid-Afrika of Taiwan, of ander moontlikhede, woning – huis of woonstel, siende dat dakkamer of karavaan nie ’n opsie sal wees nie, asook die aangeleentheid van geld, en gereelde inkomste.

Laat ek herhaal: As ek voortgaan om nié my lewe met iemand te deel nie, sal dit wees met ’n baie spesifieke doel in gedagte. Geestesbeelde van Middeleeuse askete kom na vore, en my geloof dat ek in diens van ’n idee staan en derhalwe meer konvensionele vertroostings moet opoffer, bevestig vroeëre opvattings oor roeping – dat die doel van my bestaan, selfs die doel van my sogenaamde eie agenda, te make het met ’n “verpligting” wat verby die spesifieke tyd en plek strek waarbinne ek myself tans bevind, of moontlik nog gaan bevind.

Om alleen te wees, beteken dat ek nie ’n plek hoef te verlaat wat bevorderlik is vir die werk wat ek doen nie – ’n plek waar ek ’n inkomste kan verdien op wyses wat nie my werklike arbeid te veel belemmer nie. Om alleen te wees, so kan die saak geargumenteer word, kan dus bevorderlik wees daarvoor om sekere goeie resultate te bewerkstellig. Om voort te gaan om my tyd op aarde alleen te slyt, as ek dit nog verder wil invryf, sal nog meer kritiese beskouings inspireer oor byvoorbeeld die werklike waarde van geld, die enkeling en die gemeenskap, hoe die mens funksioneer met sy partikulêre bewussyn en identiteit in die moderne wêreld, en die rol van die kerk in ’n wêreld wat nog steeds herstel van die skok van die industriële rewolusie.

Ek is bewus van die moontlikheid dat ek kan ophou skryf. Die boks met al my notaboeke vul ’n spasie nie te ver van waar ek sit nie. So ook weet ek waar al die uitgedrukte kopieë van my opstelle en ander skryfwerk is, en die pas hersiene drie volumes van “Die Persoonlike Agenda” lê saam met die 200-bladsy uittreksels weergawe en ’n netjies gedrukte en gebinde kopie van my digbundel agter my op die houttafel. Ek kan al hierdie materiaal in ’n krat druk, dit met sesduim-spykers toe bliksem, al die verwante dokumente van die rekenaar afvee, en van môre af my daaglikse bestaan daaraan wy om genoeg geld te verdien om die res van my dae en nagte op hierdie planeet in gerief te slyt. Ek is bewus van hierdie moontlikheid.

* * *

Dit is nodig om op hierdie punt te vermeld dat ek my nie meer te veel steur aan die gemeenskap se kriteria van wat mens kwalifiseer as ’n volwaardige volwassene nie. Die “gemeenskap” doen wat hulle doen, vir redes wat ek heel moontlik beter aan hulle kan verduidelik as wat vele van hulle aan my kan verduidelik, en ék doen wat ek doen om redes wat ek aan hulle kán verduidelik as ek verveeld, of gemoedelik genoeg voel vir so ’n onderneming. “Hulle” kriteria het meer te make gehad met my vrese van ’n jaar of wat gelede oor wat my volwasse teenwoordigheid sou definieer in ’n Suid-Afrikaanse omgewing, sou ek ’n jaar of wat gelede die radikale stap geneem het om myself te hervestig in die land van my geboorte.

Die gedagte wat tans broei in my grys nes is dus verwant aan verlede jaar se idee, maar die dae is verby wat die “gemeenskap” my sal boelie met hulle sogenaamde standaarde.

* * *

Kom ons sê argumentsonthalwe daar is ’n jong vrou wat deesdae dieselfde krismispaarties bywoon as ek, en (hopelik) dieselfde Nuwejaarsparty ook gaan seën met haar aantreklike persoon … Kom ons gaan verder as dit en beweer dat hierdie karakter selfs ’n linksgesindheid jeens politiek het, en – sal die leser glo ek oordryf? – dat sy haar eie persoonlike ervaring met die wêreld van maatskappye en materialisme en tien ure per dag op kantoor gehad het. Sou dit onvanpas wees as ek vir ’n oomblik die moontlike impak van so ’n vroulike teenwoordigheid op my huidige lewe wil bereken?

Siende dat hierdie niks meer as ’n akademiese bespreking is nie, en die vroulike karakter … uhm, denkbeeldig, glo ek dis heeltemal in orde om meer interessante scenario’s as Kersetes en braaivleis by hierdie koue, suiwer rasionele opstel in te weef … Mag mens, net so terloops, noem dat ’n sekere denkbeeldige karakter oor ’n figuur beskik wat ’n man gedagteloos oor die balkon laat staar, of dat sy oë het wat

hom ’n duisend gedigte wil laat graveer teen elke muur tussen die coffee shop en sy huis?

Ek kan sweer daar was meer wat ek wou sê … maar ek voel ’n paar gedigte klop in my bors, en is dit nie al tyd om daai telefoonoproep te maak nie?

Dinsdag 28 Desember 2004

Deel vier

’n Jaar gelede het ek gewonder watse impak dit op my siening van myself as ’n skrywer sou hê as ek sou teruggaan Suid-Afrika toe. Ek wou in die eerste twee dele van hierdie Broeiende Gedagte verder oorweeg watse lewe in Suid-Afrika bevorderlik sou wees daarvoor dat ek kan voortgaan om temas aan te roer wat ek sover gedoen het, en om voort te gaan om pakke en pakke papier op te vul met “teorieë” en argumente wat soms meer herinner aan propaganda vir ’n saak as akademiese bespreking. Laastens kon ek net spekuleer hoe Ek-die-skrywer sou verskyn aan die gemeenskap in ’n dorp soos Bronkhorstspruit, of Middelburg, Mpumalanga.

Die vraagstuk van repatriasie sal nooit heeltemal gaan lê nie, maar ek melk dit nie meer vir literêre materiaal nie. Die vraag waarop ek op hierdie Dinsdagmiddag ’n bietjie sonlig wil werp, het met inspirasie van ’n ander aard te doen. In ag genome dat afgeslotenheid, alleenheid, en selfs eensaamheid bevorderlik is vir die eiesoortige materiaal wat ek produseer, en nie net vir die spesifieke teks nie, maar ook vir die ywer en pas waarteen ek woorde neervel, watse effek sou dit hê as ek nié alleen is nie?

Ek vra dit omdat dit moontlik van toepassing mag wees in komende maande, en ook omdat dit helderheid sal bewerkstellig soortgelyk aan die helderheid wat ’n Katolieke priester het, wetende dat hy soms gekonfronteer sal word met vrouens wat dinge in hom sal loswikkel wat deel was van sy wese lank voor hy ’n belofte aan sy kerk gemaak het om selibaat te bly. Die priester het ’n voorgeskrewe antwoord,

gereed om te resiteer sou die moontlikheid van romantiese liefde ooit haarself aan hom voordoen. (Ek impliseer geensins dat dit maklik vir hom sal wees net omdat die antwoord aan hom voorgeskryf is en van hom vereis word nie. Ek sê slegs dat die antwoord reeds uitgewerk is, dat dit eerder ’n kwessie is van of hy wil voortgaan om die reeds geformuleerde antwoord te bly resiteer, of om te sê, “Nie meer nie …”)

Geen kerk of biskop, of enige ander instelling of persoon skryf aan my voor wat ek moet doen, en nie moet doen met my hart of ander belangrike organe nie. Ekself moet besluit of ’n intieme verhouding goed sal wees vir my self-gedefinieerde lewe, en die spesifieke arbeid wat ek verrig – ongeag of ek glo ek die arbeid móét verrig, en of ek net nodig het om dit te doen sodat ek oortuig kan wees ek mors nie my lewe nie.

’n Mens mag verder wonder hoeveel van hierdie vraagstuk opgelos sal word met die gebruik van suiwer rede, en watse rol die oerbegeerte na ’n intieme verbintenis met ’n ander persoon sal speel – dit is, sou ’n sekere “ander persoon” besluit om wél die Nuwejaarsparty by te woon …

Soos ek hier sit en staar oor my monitor na die donkergroen laken wat wapper voor my sitkamervenster, probeer ek dink aan ’n spesifieke woord, of ’n frase – soos mens sal krap in ’n gereedskapkis vir die regte spanner om ’n moer mee vas te draai. En soos die windklokkies by die oop venster klingel teen die kouerige winterwind, kom ’n woord by my op wat moontlik hierdie vraagstuk sal vaspen: volhoubaarheid. Is dit *volhoubaar* vir my om voort te gaan om die temas waarmee ek myself tot nou toe besig gehou het tot vervelens toe te probeer aanspreek, en om voort te gaan teen die pas waarteen ek werk nie net omdat projekte afgehandel moet word nie, maar omdat dit noodsaaklik is vir my om ’n bewussyn van welstand te handhaaf?

Ek glo dit is nie volhoubaar nie.

Ek glo verder dat om meeste van jou tyd alleen te spandeer in ’n ruimte wat ingerig is vir jóú behoeftes, en na jóú smaak

en voorkeur, bevorderlik is vir spesifieke temas. Dit volg dan noodwendig dat om nié meeste van jou tyd te spandeer in jou eie geselskap nie, bevorderlik sal wees vir ander temas, wat nie noodwendig minder belangrik is nie as “Die enkeling en die gemeenskap”, of “Ek is nie ’n wese van die buitenste ruim nie”.

Uiteindelik kan hierdie aangeleentheid herlei word na vrae oor wie jy wil wees, en na die spesifieke rol wat jy vir jouself gedefinieer het in die gemeenskap waarvan jy deel is, beide geografies en kultureel. Dit het ook te make met hoe jy die resultaat, soos jy dit tans sien, van die proses om jouself asook jou rol in die gemeenskap te definieer, versoen nie net met die wêreld en tyd waarin jy bestaan nie, maar ook met die bevrediging van jou emosionele en fisiese behoeftes.

Ter illustrasie kan ek noem dat ek vanaand ’n DEEL VYF kon byvoeg by hierdie Broeiende Gedagte, maar dat dit nie gaan gebeur nie omdat ek my woonstel moet verlaat om Engelse klasse te gaan aanbied sodat ek my telefoonrekening kan betaal aan die einde van hierdie maand. Ek sou ook môre-aand DELE SES en SEWE uit my grysstof kon optower, maar dit is dan ook so dat ’n sekere karakter sedert die begin van hierdie stuk ’n aandete georganiseer het met ’n sekere ander karakter wat, net in teorie natuurlik, gedagtes inspireer in die Skrywer van Stukke wat nie veel uit te waai het met vele van die temas wat hy tot nou toe – tot vervelens toe, kan ’n mens amper sê – probeer aanspreek het nie.

Naskrif

Die punt is dit: wie jy wil wees, en die rol wat jy vir jouself gedefinieer het, moet nie net versoenbaar wees met die wêreld waarin jy leef nie, maar moet ook nie die vervulling van jou emosionele en fisiese behoeftes ondermyn nie. Indien hierdie noodsaaklike balans tussen wat jy vir jouself gedefinieer het en wat jy moet wees en doen om te oorleef nie gehandhaaf word nie, is wie jy wil wees, en die rol wat jy vir jouself gedefinieer het, nie volhoubaar nie.

* * * * * * * * * * * * * * *

Woensdag 5 Januarie 2005

Intieme liefde, en die warm liggaam van ’n ander persoon, is geen wondermiddel teen pyn en teleurstellings, en die ondraaglike verveling wat soms deel is van ’n mens se daaglikse bestaan nie. Dit kan egter nie ontken word dat dit miljoene mense in staat stel om elke dag se pyn, teleurstellings en verveling te verduur nie. Dit is dan ook so dat as hierdie dinge verduur word, daar nie altyd iets gedoen word om sake te verbeter nie … wat mens terugbring by die voordele van alleenheid en selibaatheid. Die punt wat ek egter wou maak, vandag, is oor die voordele van samesyn tussen twee mense.

* * * * * * * * * * * * * * *

Swangerskap | Verganklikheid | Huwelik

Vrydag 7 Januarie 2005

12:55

1. Vele mense sê hulle het hul lewens toegewy aan hul kinders – of hulle doen tans so.

2. Mense kry nie in die eerste plek kinders vir die kinders se onthalwe nie, maar om hulle eie diepliggende begeertes te bevredig.

3. Vele mense kry kinders om hulle rolle en sin van eiewaarde in die tyd en plek waar hulle woon, te verbeter.

Gevolgtrekking: Beplande swangerskap is 'n berekende stap wat mense neem om meer waarde aan hul eie lewens te gee, om ander, meer bevredigende rolle te vervul as wat tot op daai betrokke punt in hul lewens die geval is, en om hul lewens te kan toewy aan iets "beters" as net hul eie oorlewing in 'n wêreld gevul met swaarkry, teleurstellings, pyn, en soms ondraaglike verveling.

(Vraag: Hoekom sou ek kinders wou hê? Om dieselfde redes …)

17:27

Data word verwerk van die oomblik van selfbewussyn …

Een van hierdie brokkies data wat my van jongs af die skrik op die lyf gejaag het, was dié van verganklikheid – die idee dat *mense* vergaan, soms onverwags op 'n jong ouderdom, en soms na genoeg dekades om op twee hande af te tel. Nog 'n waarheid wat nie ontken kan word nie: selfs al tref die werklike oomblik van verganklikheid eers op 'n hoë

ouderdom, na ’n lang en vrugtevolle lewe, word dit voorafgegaan deur ouderdom wat die gesig jaar na jaar vol plooie ploeg, wat die vol maan hare van die jong leeu laat uitval tot net ’n blink vel met ’n paar klossies hare die skedel bedek, wat die organe laat ingee, die spiere moeg maak en die bene broser maak by die dag.

Saterdag 8 Januarie 2005

Mense trou met wie hulle trou, omdat hulle glo daai betrokke persoon sal vir hulle kan gee wat hulle op daai stadium van hul lewens nodig het. In vele gevalle word die res van hulle lewens gekenmerk met ’n stryd om hulleself te versoen met die keuse wat hulle gemaak het.

Kinders en mislukking

Dinsdag 11 Januarie 2005

Die koerant sê Taiwannese mans is nie so gretig om kinders te kry as Taiwannese vrouens nie.

Ek weet die volgende gedagte is vinnig, en word nie tans ondersteun deur wetenskaplike studie nie, maar … ek reken die gebrek onder mans aan gretigheid om kinders te kry word veroorsaak deur dieselfde verskynsel wat maak dat sommige vrouens wel gretig is om kinders te kry: in albei gevalle voel die kindlose persoon soos ’n mislukking.

Mans is versigtig vir die ekstra verantwoordelikheid, die ekstra druk op reeds dun hulpbronne (naamlik, hulleself) en is bang dat ’n kind (of meer kinders) hulle mislukking nog meer sal toelig, of dit sal vererger deurdat hulle dan nie net mislukkings sal wees as volwasse mans of as eggenote nie, maar ook as vaderfigure.

Sommige vrouens, aan die ander kant, voel ook soos mislukkings, en/maar sien die rol van “moeder” as een wat hulle beter sal laat verskyn aan hulleself, hul families, en aan die breë gemeenskap.

’n Gevaarlike frekwensie

Saterdag 22 Januarie 2005

09:21

Ek is op ’n gevaarlike frekwensie! Gistermiddag het ek amper my skouer uit sy potjie gestamp omdat ek nie gefokus was op die meganika van broek uittrekery nie – en derhalwe die muur stormgeloop het met my broek rondom my enkels.

Nou staan ek hier met ’n seer voet met ’n opgeswelde groottoon omdat ek gisteraand my ritme met die trappe verloor het, gedink het, “Toemaar, daar’s nog net ’n paar trappe oor,” en gespring het.

Vanoggend dink ek aan hierdie frekwensie ding terwyl ek naarstiglik soek na my sleutels … net om te vind ek het dit reeds in my baadjie se sak gesit.

Ek weet op watse frekwensie ek is, en dat dit gevaarlik is, is nie debatteerbaar nie. Ek is bedwelmd; bedwelmd met ’n idee...

12:53

Ek ís bedwelmd met ’n idee, dis waar. Dit is ook waar dat hierdie idee te make het met ’n sekere jong vrou se bestaan. Dit kan egter ook gesê word dat indien hierdie jong vrou nie ’n soortgelyke idee koester oor ’n spesifieke Skrywer van Notas nie, sal genoemde skrywer ’n rougedig komponeer, dit plegtig verbrand, en aan die einde van so ’n vaal dag gaan slaap … om die volgende oggend op te staan en ontbyt te nuttig met sy gebruiklike, en onblusbare Geloof – en sal mens waag om te sê, Hoop? – in die Onvervangbare Derde Een.

Vrydag 4 Februarie 2005

Die boek *Mens in Konteks* sê die volgende oor self-ontdekking en -aanvaarding: “[Jy kan] in eie egtheid en warmte ’n uitnodiging tot egtheid en warmte aan ’n ander rig

in ’n samesyn wat ’n veilige, nie-bedreigende ruimte skep vir die vreeslose ontdekking van wie ek is en wie jy is …”

[Amper asof die kosmos vir my wou sê, “Jy dink aan jouself en jou lewe op ’n sekere manier, en nou staan jy voor die moontlikheid om saam met iemand te wees. Hier is die brug na daai lewe toe.”]

* * * * * * * * * * * * * * *

Vrydag 11 Februarie 2005

Oor die onderwerp van mense wat kinders kry in die bewustelike of onbewustelike hoop dat dit sin en waarde aan hulle lewens sal gee, die volgende brokkie advies aan myself: oorweeg die moontlikheid dat daar aspekte is van die aangeleentheid wat ek (nog) nie verstaan nie. Miskien is dit – om jou eie kind in jou arms vas te hou – die element wat groot dinge, mooi dinge, ontsluit in sommige mense. (En in ander mense se gevalle is dit dalk iets anders.)

* * * * * * * * * * * * * * *

Nuwe verhoudings en romantiese beelde

Dinsdag 15 Februarie 2005

1. Om ’n verhouding aan te knoop, is ’n kreatiewe proses. Dit is organies, vat-dit-soos-dit-kom, nie ’n stap-vir-stap, volg-net-die-stippellyne-vir-gewenste-eindresultaat proses nie.

2. Mens moet, aan die begin, bereid wees om die persoon te verloor, hoe onaardig dit ook al mag klink. Die rede is eenvoudig: Indien jy nie bereid is om te verloor aan die begin nie, gaan jy a) nie jouself wees nie, b) desperaat voorkom, en c) die proses forseer; wat feitlik alles in elk geval die onderneming sal doem tot mislukking.

* * *

Twee dae gelede toe dink ek hoe gemaklik, of relatief ontspanne ek is in die geselskap van [my jonger suster se destydse skoonouers], mense my ouers se ouderdom, wat ek nou al ’n paar jaar ken, maar met wie ek geen emosionele verbintenis het nie.

Ek reken toe dat dit heel waarskynlik te make het met die feit dat hulle geen vroeër kennis het van my nie – wat hulle nou sien, is al wat hulle nog altyd gesien het. My eie ouers het my geken as ’n pap baba, ’n sewejarige laitie, ’n twaalfjarige jong seun, ’n sestienjarige tiener, ’n twintigjare jong man … Hulle wéét wat ek nou is, is nie wat ek altyd was nie.

Ek besef toe ook dat my ma ’n groter probleem het as enige iemand anders in die gesin met die teenstrydigheid tussen vroeër-ek, en nou-ek. Sy hou steeds vas aan ’n romantiese beeld van my toe ek vir haar op my “mooiste” was – miskien so twaalf jaar oud, skoon gesig, stil, op my knieë aan die bid elke aand voor ek gaan slaap, die eerste tekens van erns met godsdiens, die idee dat ek dalk ’n dominee sal word.

My pa, aan die ander kant, het nie ’n romantiese beeld van my as jong seun nie. Hoewel hy my liefgehad het, het hy my gesien as lomp, en onbevoeg om selfs die kleinste tegnologiese uitdaging die hoof te bied; plus, ek het weinig belanggestel in hoe ’n motorenjin werk. Sy beskouing van my, nou, is meer positief – ’n intelligente man, iemand wat ’n belangstelling toon in die Groter Vrae van die Lewe.

Aan die een kant dus my ma, wat steeds hoop dat ek dalk weer ’n bietjie sal word soos haar romantiese beeld van haar “mooi seun”, en aan die ander kant my pa, wat my makliker aanvaar soos ek nou is, siende dat dit ietwat van ’n verbetering is op die ek van my prille jeug.

So skop die gedagte my toe in die gesig laat vanmiddag dat ek ook skuldig is aan hierdie romantiese beskouing ding. My jonger suster het tien jaar gelede anders aan my verskyn as nou – sy was rebels, gereed om die wêreld aan te vat … en tog weerloos, en breekbaar. Nou, tien jaar later, is sy moeder, ’n vennoot in ’n huwelik, en ’n uiters waardevolle administrateur van my ouers se bedryf. Maar sonder dat ek bewus was daarvan, was ek al hierdie tyd effens teleurgesteld, want, “Wat het van die rebel geword?”

Familie is nie net mense wat saam gewoon het vir baie jare, en mekaar van tyd tot tyd bel om te hoor of alles nog orraait is nie. Familie – en in hierdie geval bedoel ek ouers en broers en susters – is mense wat jy voortdurend moet laat groei in jou eie oë. Dit is hoe verhoudings lewendig, en werklik, gehou word.

Verveling in eksotiese Suid-Afrika

Vrydag 18 Februarie 2005

Ek was nog nooit so verveeld op ’n besoek aan my geboorteland nie. Ek voel effens skuldig … maar dan herinner ek myself daaraan dat emosionele behoeftes, wat bevredig word deur jou familie te sien, nie verwar moet word met die behoefte aan intellektuele stimulasie nie.

Ek het ook besef ek projekteer my eie gevoel op ander mense op die plek waar ek myself bevind. Ek sal byvoorbeeld sê, “Kyk hoe vervelig lyk almal! Hulle sit in karre, stap in en uit by winkels, stap op en af in die strate …” Dan besef ek, terwyl ek die dorpenaars so beswadder, dit is presies wat ék doen: sit in ’n kar, stap in en uit by winkels, stap op en af in die straat.

* * *

Gisteraand gedink toe ek deur ’n Huisgenoot blaai: mý Suid-Afrika bestaan uit Johannesburg, Bronkhorstspruit, Pretoria, Stellenbosch, en miskien Vryheid en Pongola. Daar’s plekke, in hierdie land van my geboorte, waarvan ek nog nie eens gehoor het nie, wat nog te sê besoek het: plekke soos Grootmier, Kleinmier, Middelmier; plekke waar mense Afrikaans praat, en waar die kinders die grootmense “Oom” en “Tannie” noem. Dis ’n wêreld wat ek nog wil ontdek – die geïsoleerde plekke, die stofdorpe, die gehuggies waar mense lewens slyt wat tot ’n mate bekend is, maar tog ook vreemder vir my as die gewone Taiwannees se lewe in Taiwan.

Saterdag 19 Februarie 2005

Ek was die afgelope week weer gekonfronteer met ’n paar dinge: vervreemding – nooit ’n aangename ervaring nie, veral nie as jy die een is wat die vreemdeling geword het vir mense

wat jy innig liefhet nie; verveling; woonareas waar die uitleg en strukture geen inspirasie opwek nie; kommersiële distrikte waar mense bymekaarkom op 'n daaglikse basis om besigheid te doen en dinge te koop en maaltye te nuttig, wat soos die woonareas nie 'n snars entoesiasme of inspirasie opwek nie; standaarde wat dikteer dat om geag te word as suksesvol op 34 jy eiendom moet besit, en 'n motorkar, en 'n TV en ander huisraad, en ten minste getroud moet wees maar verkieslik ook reeds afstammelinge verwek het ("want watse tipe sukses kan jy wees as jy alleen is?"). Laastens is ek gekonfronteer met verhale van moord, doodslag, hartaanvalle, kanker, beroerte, en verskeie ander siektes en kwale wat jou herinner, vir as jy dit wou waag om te vergeet, hoe kwesbaar jou bestaan is.

Nou ja, wat meer kan mens sê? Dis nou 00:21. Ek gaan nou slaap. Môre … is net 'n nagreis ver.

Wildernis | Oomblik van Geboorte

Saterdag 5 Maart 2005

As jy iets vir ewig in jou hande wou vashou, en dit gly deur jou vingers, is jou hande ooit weer daarna dieselfde? Laat dit agter, nie soseer littekens nie, maar iets moois wat jou sal herinner aan die wonder waaraan jy wou vasklou?

Woensdag 9 Maart 2005

01:51

Jakobus die Woestynloper strompel die wildernis binne. Hy was al daar. Hy't 'n rowwe kaart in sy kop. Maar wildernis, dit weet hy, is nie woestyn nie. En woestyn … is beslis nie die wildernis nie.

21:49

Die beroep wat ek vir myself gedefinieer het, of gekies het uit die talle moontlikhede waarmee ek gekonfronteer is sedert ek verneem het dat ook ék eendag 'n werkende volwassene sal wees, was dié van Digter.

Sal vele vra, "Digter? Jy moet sekerlik weet dat jy nooit bokant die broodlyn sal leef nie!"

Dit is dan ook so dat ek oor die jare bewus geraak het daarvan dat die wêreld waarin ek my plek in die son moet oop baklei, nie "digters" beloon met vaste betrekkings, 'n gereelde inkomste, 'n maatskappymotor of 'n mediese fonds nie. Ek moes derhalwe my gekose pad effens verbreed sodat ek, benewens gedigte skryf, ook ander genres kan benut om in fyn detail die wêreld te kan kritiseer waar ek nie dieselfde kompensasies kan geniet vir mý beroep as 'n tandarts, 'n straatveër, of 'n bankklerk nie.

Donderdag 10 Maart 2005

’n Mens bestaan net, tot jy gebore word.

Oftewel: Sommige mense bestaan slegs as dít wat aan hulle gegee is plus die resultaat van hul keuses tot op ’n punt – die resultaat van introspeksie, van kennis opdoen oor hulleself, van hulleself konfronteer, hulleself waarneem, van definieer wie en wat hulle wil wees. Indien hierdie proses van ’n bepaalde kwaliteit is, en indien hulle lank genoeg tyd daaraan spandeer, kan die oomblik wat daai bepaalde punt bereik word vir alle praktiese doeleindes beskou word as die Oomblik van Geboorte.

Vrydag 11 Maart 2005

Vele dinge in my pad – littekens, vrese, onsekerhede, ervarings van die verlede wat maatreëls laat rys het soos forte in die woestyn … alles word onthou, maar agterweë gelaat ter wille van een ding – as jy weer glo, ten spyte van vrese en onsekerhede, weet jy dat jy jouself toelaat om te leef.

Laat vaar die maatreëls, net vir in geval

Vrydag 18 Maart 2005

09:30

Ek het ’n bepaalde beskouing gehad van myself voor ek vir [N.] ontmoet het. Die beskouing het ingesluit dat indien ek op my eie gelukkig moet wees, dit dan so sal wees. (Ek het nooit aanvaar dat dit noodwendig so sal wees nie, maar ek het geweet dat ek gekonfronteer is met die baie werklike moontlikheid.) Ook my siening van myself as ’n “verligte enkeling” het onderstreep dat ek nie intieme bevestiging nodig het vir wie en wat ek dink ek is nie.

En toe arriveer sy.

En toe kom die gedagte dat om tyd terug te draai en weer sonder haar te wees … dat dit moeilik sal wees.

So ook het sy ’n sekere beskouing van háárself gehad, voor ek ’n verskyning in haar lewe gemaak het. Hierdie beskouing het ingesluit dat sy op haar eie geluk moet vind as ’n man wat aan haar toenemend hoë standaarde voldoen, nie oor haar pad kom nie. Soos ek, het sy sekerlik gehoop dat sy nie die res van haar lewe alleen hoef te wees nie; soos ek het sy geweet die moontlikheid draal agter haar aan soos ’n skadu op ’n sonnige, wolklose dag. Sy het ook toenemend aan haarself begin dink as sterker as van die vroulike karakters met wie sy al tyd gespandeer het. Dat sy nie gesien moet deur ’n man as behoeftig nie, het haar eie troetel obsessie geword.

En toe verskyn ek op haar toneel. En toe ontwikkel sy die gevoel wat sy nou het. En toe onthou sy hoe sy gevoel het oor haarself, en oor mans in die algemeen, voor my verskyning. En sy neem waar hoe sy teenoor my voel.

Sou die teenstrydigheid haar ook angstig maak?

12:18

Mens ontmoet iemand, en as jy weer kyk, het jy ’n koorsagtige behoefte ontwikkel aan haar teenwoordigheid in jou lewe. Jy verval in ’n toestand van paniek want jy wéét, jy weet as hierdie persoon onttrek, is jy in jou moer in. En jy vind dat jy stil-stil begin met die konstruksie van maatreëls, net vir in geval … en op so ’n manier dat dit nie die proses waarmee julle besig is, te veel sal belemmer nie.

Wat ek wil voorstel is eenvoudig: Fok die maatreëls. Gee oor. Maak oop jou hart. En as die proses nie lei tot die resultate waarvoor jy in jou beste oomblikke hoop nie, dan tel jy maar van vooraf die stukke op – en stukke sal dit wees! Maar jy weet jy moet dit doen, want as jy nie die stille konstruksie van maatreëls staak nie, sal ook sy stilletjies begin bou aan maatreëls van haar eie. Waar laat dit julle?

Nee, laat vaar die maatreëls. Bevry jouself van vrees en onsekerheid. Leef … en as dit nie uitwerk nie, sal jy ten minste weet, en onthou.

17:23

Gisteraand drink ons tee in die dorp. Ek spot dat ek steeds ’n bietjie gespanne voel as ek by haar is.

“Hoekom?” vra sy. “Dis net ek.”

Wat liefde is

Saterdag 23 April 2005

Wat is liefde?

Liefde is ’n bereidwilligheid en ’n vryewilskeuse om iemand anders se behoeftes, welstand en belange op die hart te dra*. Romantiese liefde is wanneer hierdie bereidwilligheid gekombineer word met ’n sterk begeerte* om saam met die persoon te wees, om wat jou lewe is, te deel* met hom of haar, en om aan hierdie persoon die geleentheid te gee om sy of haar lewe te deel met jou.

Definisies:

op die hart dra = om iets te ag as van groot belang; om ten minste medeverantwoordelikheid te aanvaar vir iets

sterk begeerte = ’n behoefte wat, indien dit nie vervul word nie, lei tot emosionele ongemak

te deel = om nie wat jou gelukkig maak, of wat vir jou belangrik is, of wat jou hartseer maak, of wat pyn of ander ongemak veroorsaak, vir jouself te hou nie

Alles draai om die PUNT

Dinsdag 3 Mei 2005

Die een advertensie op CNN reken sommige mense "live inspired lives". Ek hou van die idee, maar wat sou die teenoorstaande wees? Oftewel, watse naam kan mens gee aan 'n lewe wat nie soseer geïnspireerd is nie … en geïnspireerd deur wat? 'n Idee?

Woensdag 4 Mei 2005

15:41

Soms ontvou 'n mens se lewe op 'n wyse wat jou laat verstaan dat daar 'n PUNT is waarom jou lewe draai. Wat dan gebeur is dat alles wat jy doen, gesien kan word in terme van hoe ver hierdie aktiwiteit van die PUNT af is. Basiese higiëne en voedselinname onderhou byvoorbeeld die liggaam, wat noodsaaklik is vir jou om jou lewe (wat nie moontlik is sonder die liggaam nie) te laat draai om hierdie PUNT. So ook is dit met werk, of dan inkomste genererende arbeid, wat in die eerste plek gedoen word om kapitaal te verdien om jou lewe te onderhou. (Tensy jou werk die PUNT van jou lewe is, wat 'n saak is wat jy met jouself moet uitsorteer.) Nog 'n voorbeeld is my eie EFL-projekte. Ek kontempleer tans of 'n sekere reeks uit drie of vyf boeke moet bestaan, hoeveel prente daarin moet kom, of dit in kleur of swart-en-wit moet wees, hoeveel en watse tipe oefeninge ek moet insluit, wat die grootte van die boek moet wees, en so meer. Solank ek weet hierdie besluite wat ek moet maak, is steeds verwant aan die PUNT van my lewe (in hierdie geval in 'n sekondêre/onderhoudende/bevorderlike rol), kan ek voortgaan om dit te doen sonder om 'n eksistensiële krisis daaroor te ontwikkel.

17:02

Alles draai om die PUNT.

Die PUNT is nie ’n doelwit waarna jy streef en dan bereik nie – dis iets waarom jou lewe draai. Jy streef wel vir jare daarna om iets te bewerkstellig SODAT jou lewe om hierdie PUNT kan draai.

[27/01/15: Wat is “doel”, en wat is “punt”? ’n Doel is ’n rede hoekom jy iets doen (soos leef). Jy kan óf slaag daarin, óf misluk. ’n Punt is ’n spil waarom dinge draai. Hoekom draai dinge om daai spesifieke spil? Dalk omdat dit jou in staat stel om die doel van jou lewe na te streef. Dus: om die doel van jou lewe na te streef en te vervul, moet jou lewe om ’n bepaalde spil draai.]

[13/06/15: ’n Vrou sê, “Om my kinders gelukkig te hou en hulle goed groot te maak sodat hulle self eendag produktiewe lede van die gemeenskap kan wees en kan help om beskawing te onderhou, is die doel van my lewe … Nee, wag. Die vrou sê eintlik: “Die doel van my lewe is om ’n bydrae te lewer om van die wêreld ’n ordentlike plek te maak, vir myself, vir my kinders, vir al die ander mense wat ek liefhet, en vir almal met wie ons die wêreld deel. In ag genome dat ek dit sien as die doel van my bestaan, sien ek my primêre rol op hierdie stadium van my lewe om my kinders gelukkig te hou en hulle goed groot te maak sodat hulle self eendag produktiewe lede van die gemeenskap kan wees en kan help om beskawing te onderhou. Om dit te kan doen, om hierdie rol behoorlik te kan speel, moet my kinders die PUNT wees waarom my lewe tans draai.”]

Voor- en nadele van intieme verhoudings | Om kinders te kry

Dinsdag 17 Mei 2005

Om alleen te wees het voordele en nadele. Die nadele sluit in om soms regtig eensaam te voel, en verveeld en gefrustreerd met jou eie geselskap. In tye van intense eensaamheid dink mens soms aan ’n verhouding as hemelse paradys – met miskien ’n argumentjie hier en daar om dit realisties te maak.

Natuurlik het ’n intieme verhouding ook voordele en nadele. Die voordele het, soos verwag kan word, baie te make met die nadele van alleen wees. Die nadele van ’n intieme verhouding is weer verwant aan die voordele van alleenheid.

Aan die einde moet jy vir jouself besluit of die voordele van ’n intieme verhouding – liefde, ondersteuning, kameraadskap, geselskap – swaarder weeg as die nadele, wat insluit voortdurende verskyning, botsende gewoontes en voorkeure, om mededeelsaam te wees wanneer jy nie regtig mededeelsaam wil wees nie, en hoër finansiële verwagtinge; ook of die nadele daarvan om op jou eie te wees uiteindelik die voordele oortref.

Donderdag 19 Mei 2005

Een van twee dinge word oorweeg wanneer dit kom by kinders kry: a) ons wil ’n kind hê, so kom ons doen ons bes, en b) swangerskap is reeds realiteit, so wat gaan ons doen?

Bogenoemde moet in ag geneem word in opmerkings oor wat mense motiveer om ’n kind te hê.

Nog iets: Ek het veel te sê oor ouers wat kinders kry om hul eie gate toe te stop, om hul eie emosionele of sielkundige behoeftes te bevredig. Punt is: in beide bogenoemde gevalle kan die persoon nie juis beweer die kind is verwek ter wille

van die kind nie – die kind bestaan immers nog nie! (Meer korrek in die eerste geval.)

Dit volg dus dat volwasse mense, wanneer hulle oorweeg om ’n kind te kry, dit natuurlik doen om hul eie redes, en om hul eie behoeftes te bevredig. Hoe dan anders?

Ek-nou het ’n lewe van my eie. Daar is steeds ’n emosionele naelstring tussen my en my ouers, maar ek het tot ’n groot mate my ouers se idees van ’n volwasse lewe, en selfs hul oortuigings, agtergelaat en my eie mens geword (by wyse van spreke). Ook ek is verwek 34 jaar gelede deur twee volwasse mense wat hul eie behoeftes wou bevredig in die verwekkingsproses (ek bedoel emosionele behoeftes eerder as fisies – tog is dit ook so dat ’n kind in die eerste plek verwek word omdat twee volwassenes hul fisiese behoeftes wil en moet bevredig.)

’n Mens kan dus nie wegkom van die werklikheid dat kinders verwek word omdat volwassenes hul eie behoeftes het om te bevredig nie – hetsy fisiese, sielkundige of emosionele behoeftes, en natuurlik in vele gevalle ’n kombinasie van hierdie behoeftes.

Dinsdag 24 Mei 2005

Wanneer jy nie verskyn nie, hoef jy nie verleë te voel, of jouself te verduidelik, of verskoning te maak vir aspekte van jou lewe of die toestand van jou woonruimte nie.

Die voordele van ’n intieme, eerlike en ernstige verhouding is welbekend. Ek noem maar net dat daar ook voordele verbonde is daaraan om nie te verskyn nie – dit wil sê, om alleen te wees.

* * * * * * * * * * * * * * *

Maandag 23 Mei 2005

Wat is transformasie?

Ek kyk na myself, en sien 'n funksionerende volwassene. Wanneer die fluitjie blaas in die oggend, begin ook ek op my eie pas saam te draf, en teen die einde van die dag wanneer die oorlewendes getel word … wel, is ek sover nog elke keer saam getel. As oorlewing die primêre oorweging is, máák ek dit as 'n funksionerende volwassene in die tyd en plek waar ek gekies het om my bestaan te voer.

Verskeie faktore speel egter 'n rol daarin dat ek oortuig voel dat ek beter kan doen, beter kan leef, beter kan funksioneer, beter resultate kan wys aan die einde van elke dag se bestaan. Die stappe waarop ek sal besluit na deeglike oorweging, dit is transformasie.

* * * * * * * * * * * * * * *

Waarde in die Groter Beskouing

Woensdag 1 Junie 2005

15:41

Die feodale orde en die georganiseerde samelewings wat gevolg het op die feodale orde is goeie illustrasies van hoe mens gebore word met sekere gegewens – nooit in sement geanker nie, maar waarvolgens mense nietemin hul lewens slyt.

So ook is dit vandag. Tensy jy gebore word met uitstekende – inderdaad, voortreflike – afkoms en ander gegewens in terme van posisie, welvaart en voorgeskrewe rol en funksie – val jy in die groep waarin meeste mense hulself bevind: waar jou posisie asook jou waarde vir alle praktiese doeleindes by verstek neerkom op fokkol in die Groter Beskouing van Dinge, of Slegs van Waarde vir Vriende en Familie.

Dit kom dus daarop neer dat, teen die tyd wat jy ’n funksionerende volwassene is, jy in een van drie groepe sorteer: a) Fokkol in die Groter Beskouing van Dinge, Slegs van Waarde vir Vriende en Familie; b) rol, funksie en waarde wat verder strek as jou Kring van Vriende en Familie; c) Fokkol in die Groter Beskouing van Dinge, en van Geen Waarde vir Enige Lewende Wese. (Trein arriveer. Die punt: as dit nie gegee is nie, maak dit ’n werklikheid.)

16:08

Stelling: Sommige mense se lewens het slegs waarde vir vriende en familie, en per toeval moontlik ook vir enkeles buite hierdie kring. (Kom ons noem dit vir die oomblik Tipe A.)

Stelling: Sommige mense se lewens het waarde vir vriende en familie, en deur eie wil ook vir enkeles buite hierdie kring. (Tipe B)

Stelling: Sommige mense se lewens het waarde vir vriende en familie, en deur eie wil ook vir mense wat hulle nooit persoonlik sal ontmoet nie, op plekke wat nooit deur die persoon besoek sal word nie. Sy of haar waarde oortref dus die tyd en plek waar sy of haar bestaan gevoer word. (Tipe C)

Stelling: Sommige mense se lewens het waarde vir vriende en familie, asook deur eie wil vir mense wat hulle nooit persoonlik sal ontmoet nie, op plekke wat hulle nooit sal besoek nie; hierdie individue se name sal opgeteken word in die amptelike politieke geskiedenis van 'n nasie. (Tipe D)

Stelling: Selfde as Tipe D, maar grootliks vanweë gegewe faktore eerder as eie wil, byvoorbeeld die kroonprins van die Britse koningshuis. (Tipe E)

Nota: Sommige Tipes A aanvaar hulle redelik beperkte waarde. Ander murmureer, maar doen nooit iets om dit te verander nie (kan dus genoem word, onderskeidelik Tipe A en Tipe A2).

Stelling: Sommige mense se lewens het geen waarde vir vriende en familie nie (moontlik vanweë die afwesigheid van die persoon in familie en voormalige vriende se lewens, en/of die afwesigheid van vriende en familie in die persoon se lewe), en het ook geen waarde vir enige ander mens of dier nie. (Tipe A2)

Maandag 6 Junie 2005

Aan die einde kom en gaan 99.9% van die mense op aarde, en dra óf by tot die handhawing en groei van Beskawing, óf dra by tot die vernietiging daarvan. Van slegs 0.01% van mense

en dalk selfs minder sal daar in terugskouing gesê kan word dat hulle buitengewoon was, verhewe bo meeste van hul tydgenote, selfs dat hulle "bestem" was vir belangrike rolle.

Die omgewing en proses van die intieme verhouding

Donderdag 16 Junie 2005

Reën – al vir vyf dae aaneen, eindelose wasgoed, skottelgoed, geloofwaardigheid as ’n skrywer en entrepreneur, en ’n nuwe vraag: is ek ietwat verleë oor die effek wat ’n intieme verhouding op my het? Dit beïnvloed wat ek sê en hoe ek dit sê; dat, en waaroor ek soms apologeties is; en dit laat my verskyn aan iemand soos ek voorheen net aan myself verskyn het – bedoelende finansiële status, my status as ongepubliseerde skrywer, die werklikheid dat ek werk aan talle sogenaamde geld projekte … wat nog nie geld maak nie.

Nog ’n vraag (’n noodsaaklike een): voel ek so goed oor myself in ’n intieme verhouding soos wat ek gevoel het op my eie?

Soos ek besig was om die vraag neer te skryf, het ek besef dis gelaai met misverstand en ongesproke detail. Was ek altyd gelukkig op my eie? Het ek verwag dat ek in ’n verhouding te alle tye gelukkig sal wees? Die antwoord op beide is, nee.

Hier’s my advies aan myself: ’n Intieme verhouding is ’n omgewing waar jy weereens gekonfronteer word met jouself – ’n omgewing wat op kardinale wyses verskil van die een waarin jy op jou eie was. Dit bied aan jou ’n nuwe spieël waarin jy na jouself kyk. Dit is ’n omgewing waar konflik, beide groot en klein, ’n gereelde verskyning maak. ’n Verhouding is ook ’n proses waartydens jy jouself weereens moet definieer – wie jy is, wat jy is, waar jou plek in die wêreld is, wat jou ideale rol is, wat jou relatiewe waarde is as ’n mens (en as moontlike rolspeler), wat jou sterkpunte en jou swakhede is, wat die toekoms moontlik vir jou kan inhou, hoeveel geld jy nodig het om nie net te kan oorleef nie, maar om te wees wie jy wil wees en te doen wat jy wil doen.

Soos die omgewing van die Woestyn (selibaatheid en alleenheid), so ook is hierdie omgewing en die gepaardgaande

proses beide konstruktief en destruktief, beide positief en negatief; soms lei dit tot ’n bewussyn van geluk, soms tot frustrasie; soms lei dit tot ’n afname in positiewe selfbeskouing en vertroue in jou potensiaal en vermoëns, soms bevestig dit jou bestaande positiewe selfbeskouing en vertroue in jou potensiaal en vermoëns, en soms is dit bevorderlik vir ’n versterking van laasgenoemde.

’n Intieme verhouding is ’n lewende omgewing, waar geduld, liefde en wedersydse aanvaarding sal lei tot vervulling van veel meer as net fisiese behoeftes. In die ideale situasie sal dit lei tot ’n ryker ervaring van menswees. Natuurlik sal ’n intieme verhouding ook soms lei tot pyn, teleurstelling en frustrasie. Dit is ’n omgewing waar eerlikheid en opregtheid hoog op die prys gestel moet word. Dit is ’n proses wat gekoester moet word, selfs al moet jy ook soms die minder aangename aspekte verduur wat deel sal wees van enige situasie waarin twee mense in gereelde en intieme gemeenskap verkeer.

Wat was jou proses?

Dinsdag 28 Junie 2005

’n Frase wat gereeld gehoor word om braaivleisvure, op stoepe of balkonne, langs ’n tafel in ’n restaurant of ’n toonbank in ’n kroeg, of ander plekke waar middelstratum mid-twenties hul tyd verwyl, is dit: “Ek weet nou wat belangrik is in die lewe. Ek weet nou wat ek uit die lewe wil hê.”

Ek is in geen posisie om wat vir hulle belangrik is, of wat hulle uit die lewe wil hê, te bevraagteken nie. Die versoeking bestaan wel om vir hulle te vra: Wat was jou proses? Op watse wyse het jy te werk gegaan om uit te vind of uit te werk wat vir jou belangrik is, of wat jy wil hê? Het jy nagte wakker gelê en gedink daaroor? Het jy jare lank die moontlikhede opgeweeg en oor en oor bedink? Vir maande lank? Weke, dalk? Het dit jou “getref” een oggend op pad werk toe? Was dit iets wat iemand gesê het by ’n braai, of op TV, of in ’n movie, of op kantoor, of op kampus een dag? Het jy ’n deeglike proses van eliminasie gevolg, waartydens jy ’n dosyn, of ten minste ’n halfdosyn moontlikhede oorweeg het, met al die moontlike pluspunte van elke moontlikheid opgeweeg teen al die moontlike nadele en al die moontlike risiko’s? Wie se spore volg jy bewustelik of onbewustelik na? Hoekom hierdie spore? Watse behoeftes hoop jy om te vervul met jou uiteindelike keuse van wat vir jou, as jong volwassene, belangrik is? Watse doelwitte sal vervul word in die nastrewing van wat jy uit die lewe wil hê? Wat is belangrik vir jou vriende, jou broers, jou susters, jou neefs en niggies? Stem wat vir jou belangrik is en wat jy uit die lewe wil hê naastenby ooreen met wat hulle wil hê, en wat vir hulle belangrik is? Indien jy ’n ander pad wil volg as hulle, wat is jou redes, jou motiverings? Indien dit wel ooreenstem, wat reken jy sou die redes wees daarvoor? En nou dat ons op hierdie vraaglyn is, wat was belangrik vir jou ouers, of jou

ooms en tantes (net vir interessantheid)? Het hulle soortgelyke dinge nagestreef as wat jy nou meen om te doen vir die volgende veertig of so jare van jou lewe? Is, of was hulle gelukkig met hul keuses? Om watter redes sou jy reken was hulle tevrede met hul keuses? Was daar dinge waaroor hulle spyt was? Wat is hierdie dinge? Is daar drome of ambisies wat jy nou reeds afskryf as onrealisties en onvervulbaar? Hoe spyt sal jy moontlik oor tien of twintig jaar wees oor hierdie dinge wat jy as onbereikbaar beskou het in jou middel-twintigs? Wat sal opmaak vir die drome en ambisies wat jy nooit gaan nastreef nie?

Hierdie is maar enkele vrae waarvoor jy 'n uur of wat kan afknyp as dit net jy is – as jy jouself bevind in 'n plek waar jy niemand ken nie, waar bekende stemme vir die oomblik nie jou eie weergalm, of stil praat, of ondersteun nie.

Koffietafels en identiteit

Woensdag 29 Junie 2005

Na jare se dink oor homself en oor die lewe, besluit ’n man wie hy wil wees, waar hy wil woon, in watter styl, met hoeveel geld hy tevrede kan wees, en so meer.

Dan ontmoet hy ’n vrou en hulle begin ’n verhouding. Oor die verloop van maande wat hy met haar spandeer, kry hy ’n idee van wat haar visie is van ’n mooi huis. Sommige aspekte daarvan korrespondeer met sy eie idees. Ander items tref hom dalk as opsigtelik “bourgeois”. Hy het ook ’n aversie opgebou oor die jare teen dekor wat lyk of dit uit ’n katalogus gekoop is, en hy word herinner aan ’n *Fight Club* quote: “Flipping through catalogues, deciding which coffee table defines me the best.”

Hierdie man is gemaklik daarmee om van ’n koffietafel ’n politieke argument te maak. Tog, hy is lief vir die vrou, en haar visie van ’n mooi huis … is mooi, stylvol, esteties aangenaam, en warm. Sy vraag aan homself: Moet hy erken dat die voorstelle wat sy maak om van ’n woonstel ’n mooi tuiste te maak nie in konflik is met sy idee van ’n aangename leefspasie wat haar teenwoordigheid in sy lewe pre-dateer nie, of moet hy voortgaan om sy visie van ’n “intellectual’s lair” te verdedig tot die laaste koffietafel splinter, omdat hy sal sterf van verleentheid as enige ander leunstoel rewolusionêr van opinie moet wees dat hy bourgeois geraak het die oomblik toe hy sy hart verloor het op ’n vrou?

Wat hier ter sprake is, is identiteit. Wie en wat jy is in die omgewing en tyd waarin jy bestaan vind uitdrukking in jou adres, jou klere, jou meubels, jou vervoermiddel, en die ornamente en muurbehangsels in jou sitkamer. As enige van laasgenoemde uitdrukkings van jou wie-en-wat verander, wat sê dit van wie en wat jy is, of geword het, of besig is om te word? (En enige leser wat van mening is dat ’n koffietafel

net ’n donnerse koffietafel is, het duidelik nog nie die fyner punte van bestaan gekontempleer nie.)

Mens verander, dit weet almal. Mens tree in ’n verhouding met iemand spesiaal, en jou bestaanstoestand word oornag (en met die verloop van maande), getransformeer van enkellopende amateur akademikus/skrywer, na … amateur akademikus/skrywer in betekenisvolle verhouding met ’n pragtige vrou wat nie hou van gebreekte toilette en pap tweedehandse rusbanke met opgestapelde koerante onder ’n laken om te verhoed dat mens inval nie.

Verhoudings, kompromie, politiek, koffietafels … whatever. Laat die shopping begin!

Die tipe volwassenes wat ons word

Saterdag 2 Julie 2005

11:35

Ek is besig om ’n Kevin Bacon movie te kyk, en ’n spesifieke storielyn vang my onkant vir die soveelste keer in my volwasse lewe. Nou, ek weet dis net ’n movie, maar dis nie wetenskapfiksie nie, dis ’n gedramatiseerde weergawe van ’n lewe waarmee ek seker is meeste kykers, wat sekerlik in die miljoene tel, kan assosieer.

Die storie verloop soos volg: ’n jong man wat ambisies het om ’n skrywer te wees en ’n beskouing het van homself as iemand wat nie net dieselfde wil doen as die spreekwoordelike almal nie, trou met ’n jong vrou wie se karakter nie so duidelik ontwikkel is as haar eggenoot s’n nie, maar wat mens kan veronderstel ambisies het van ’n meer konvensionele lewe. Hulle koop ’n huis in ’n middelklasbuurt. Hy kry werk by ’n advertensie maatskappy, en probeer skryf in die aande, maar kry nie veel uitgerig nie. Hy weet nie regtig wat hy wil hê uit die lewe nie, maar werk nietemin om die “huis” wat sy lewe is, te handhaaf – ’n lewe wat hy nie soseer gekies het nie as dit net gebeur het as ’n standaard opsie waarvoor hy die regte aksies geneem het op die regte tye, soos om op te daag vir ’n werksonderhoud en om op te daag by die bank om vorms in te vul vir ’n huislening. Hy wonder hoekom hy homself nie net kan aanvaar soos hy is nie, en tevrede kan wees met die plek waar hy is nie.

Soos verwag kon word, vat dit nie lank voor swangerskap en kinders deel word van die storie nie. Die man kla dat sy lewe sonder betekenis is, en dit word toenemend gesuggereer dat “fatherhood” die groot verskil gaan maak.

Die storie verloop dus soos volg:

– Man en vrou trou.

– Man en vrou is onseker oor die werklike waarde van hul lewens in die Groter Beskouing van Dinge (en hoewel dit al genoem is dat ons nie altyd leef in die Groter Beskouing van Dinge nie, leef ons ook nie net in die wêreld van vrot melk en vals musiek en kinders wat skree nie – al hierdie dinge is deel van iets groters, en dit weet meeste van ons). Hulle glo moontlik selfs dat hulle hul bestaan moet regverdig. Hulle moet aan die wêreld kan wys dat ook hulle iets werd is, en ’n waardige aanspraak kan maak op die suurstof wat hulle inasem, en die son wat hul wange warm bak.

– Hulle kry êrens werk, koop ’n huis, en probeer die gate vul wat onsekerheid oor die waarde van hul bestaan brand op hulle bewussyn soos ’n oop vlam gate sal brand deur delikate ryspapier.

– Hulle kry kinders – die blydskap, die groot aanpassing wat hulle moet maak in hul daaglikse lewens, die geluk en die gelukwensings onderstreep dat hulle ’n goeie punt bereik het. Hulle is nou ouers, wat beteken nuwe rolle om te speel asook die addisionele waarde wat dit aan hul lewens gee in die Groter Beskouing van Dinge. Die kind of kinders word grootgemaak om aanvanklik soos hulle ouers te wees (taal, sport voorkeure, religieuse waardes en ander lojaliteite), en na ’n paar dekades dalk soortgelyke lewens te leef. Die hele siklus word voortgesit: kry kinders, volwassenheid, kry kinders, volwassenheid, kry kinders …

Wat is my probleem hiermee? Ek hou van kinders! My eie susters het pragtige kinders en ek is gelukkig vir hulle! Ek wil dalk self eendag kinders hê! Wat is my probleem met hierdie mees primitiewe, mees wydverspreide verskynsel? My probleem is die tipe volwassenes wat vele mense word. En ek glo die tipe volwassenes wat mense word, word sterk beïnvloed deur die rede of redes hoekom hulle in die eerste plek ontstaan het. [Dink byvoorbeeld aan Prins William van Brittanje: rede vir ontstaan: om eendag koning te word (of koningin as die dobbelsteen anders geval het).] As ek kyk na my eie geval, het my ouers my dalk gehad omdat hulle meer kinders wou hê om hul eie selfsugtige redes. Ek het oukei

uitgedraai. As volwassene lewer ek pittige dog effens siniese kommentaar oor ander volwassenes se lewens, ek betaal my rekeninge (laat, maar darem), en ek glo ek maak my bydrae, hoe beskeie ook al, tot die vooruitgang van beskawing, of ten minste tot die behoud van wat goed is.

Is dit nie aan die einde goed genoeg nie?

Ek dink dis tyd dat ek een van die naarste waarhede ooit in die gesig staar en dit erken: Nie almal se lewens is belangrik in die Groter Beskouing van Dinge nie. Om een lewe te hê met waarde wat die primêre behoeftige-organisme-gedrag-tot-behoefte-vervulling-model oortref, is moontlik dosyne primêre modelle nodig. Dis 'n aaklige waarheid hierdie: dat my lewe in die Groter Beskouing van Dinge meer werd is as iemand anders s'n, en dat iemand anders se lewe weer meer waarde het as myne – dat ek inderdaad wegdoenbaar is ter wille van 'n ander wie se lewe meer kosbaar is, meer waardevol as my eie. (En ek verwys nie na waarde van my lewe in die sin dat my lewe waarde het vir my ma, en Piet X se lewe het waarde vir Moeder X nie, ek praat van waarde waar verhoudings nie ter sprake is nie.)

Wat dit sal beteken is dat dalk soveel as nege uit elke tien volwasse mense kinders moet produseer om waarde te gee aan hulle lewens, en om hul deel by te dra tot die bevrediging van die behoeftes van die gemeenskap in die dekades wat kom (kinders word onderwysers, en dokters, en padbouers, en so meer). Een uit elke tien, of dalk net een uit elke honderd mense, doen meer – iets wat hul waarde transendeer bo hulle intieme binnesirkel en die arbeidswaarde wat hulle het vir die plaaslike ekonomie. Ten einde hierdie een-uit-tien of een-uit-honderd mense te produseer, MOET MEESTE VOLWASSE MENSE KINDERS KRY. Dis hoe dit is. Dis tyd dat ek dit aanvaar.

(Terloops, die movie se naam is, *She's having a baby*.)

23:40

Weereens kom dit hierop neer: daar is geen universele menslike waarde nie. Elke persoon moet sy of haar eie waarde uitwerk in die Groter Beskouing van Dinge. As hy of sy nie tevrede is met die voorlopige uitslag nie, moet hy of sy self aksies neem om 'n gewenste waarde te bereik – sover dit binne sy of haar vermoë is.

Wat is jou waarde as jy dit nie self uitwerk nie, en as jy nie tel onder die groep mense wat gepla is met hulle waarde in die Groter Beskouing van Dinge nie? Dan is jou waarde die resultaat van noodlot – plek en tyd van geboorte, geslag, familie, sosio-ekonomiese status, ras, ensovoorts, behoeftes van die gemeenskap – x-hoeveelheid onderwysers benodig, x-hoeveelheid rommelverwyderaars, ensovoorts, en keuses en aksies wat jy neem, of geneem het om jou behoeftes te bevredig tot op die huidige oomblik.

Great. (Moontlike titel of subtitel vir 'n opstel: Aanvanklik oor 'n movie.)

[Sê jy werk jou eie waarde uit – wat dit ook al beteken, en jy reken jy kan ook getel word onder die groep mense wat gepla is met hul waarde in die Groter Beskouing van Dinge, is dit nie uiteindelik ook 100% deel van jou proses om jou eie behoeftes te bevredig nie? Een uit honderd mense wat dan uitstyg bo die spreekwoordelike massas, doen dan so vir dieselfde rede hoekom 'n bestaansboer 'n aartappel plant en oes: om eie behoeftes te bevredig.]

Progressiewe gedagtes, en beddegoed wat pas

Sondag 3 Julie 2005

Ek het vanmiddag vir my ’n hele nuwe stel beddegoed gekoop – paslaken, duvet, en twee bypassende kussingslope. Die skuldgevoel oor wat in werklikheid ’n uiters redelike prys was wat ek moes betaal, en die onsekerheid oor hoe die verandering in beddegoed my siening van myself gaan beïnvloed het ingeskop nog voor ek die hysbak van die afdelingswinkel bereik het.

’n Paar maande gelede was ek nog onversetlik oor my blou duvet, my ander duvet met die groot varkoor op, en die kussingslope wat by niks pas nie. Ek het vir [N.] gesê die dag as ek beddegoed aanskaf waar alles bymekaar pas, is die dag wat ek die estetiese uitdrukking van my selfbeskouing, en daarmee saam alles waarvan dit ’n simbool is, onder my voete vertrap. Sy het saamgestem dat die waarde van bypassende beddegoed totaal en al oorskat word; dat dit inderdaad heeltemal onnodig is. My beddegoed, so het sy gereken, is heeltemal orraait. Weke later het sy steeds gereken daar is niks verkeerd daarmee nie. Ek, aan die ander kant, was skielik van mening dat dit “common” lyk. (In my verdediging moet ek noem dat die paslaken valletjies gehad het. Dit was nie my styl nie. Die enigste rede hoekom ek daai spesifieke laken begin gebruik het, was omdat ek ’n dikker matras op die bed gesit het, en die enigste laken wat groot genoeg was, was een wat my vriendin, J. twee en half jaar gelede aan my geskenk het toe sy Taiwan verlaat het.)

Toe, vanmiddag, toe [N.] nog op vakansie in Suid-Afrika is, gaan koop ek natuurlik daai hele stel nuwe beddegoed – stylvol, pas by die kleurmotief van die slaapkamer, geen valletjies nie.

“Was ek veronderstel om my hele lewe lank te slaap op ou beddegoed waar niks bymekaar pas nie, net omdat ek myself verbeel ek is ’n anti-bourgeois intellektueel?” het ek in

my kop aan myself geskree op pad huis toe. “Moet ek my kop in skaamte laat sak omdat ek Reël # 17 van die Vrydenkende Intellektueel se Handboek oor Huisware en Beddegoed oortree het? Het ek vergeet dat geen selfrespekterende kritikus van alles wat middelklas is ooit so laag moet daal om twee kussings op ’n bed te lê met bypassende oortreksels nie?”

Toe dink ek: Wat is die waarde van vrye denke, selfdefinisie as dit kom by wie en wat jy wil wees, en vrye keuse, as ek vir die res van my lewe moet leef onder die diktaat van my eie karikatuur van ’n linksgesinde kritikus? As ek nie kan kies om geld te blaas op stylvolle, bypassende beddegoed nie, watse ander keuses is daar waar my sogenaamde vryheid ingeperk word deur my eie idee van hoe my lewe veronderstel is om te lyk, siende dat ek myself geëtiketteer het as ’n skrywer met anti-middelklas opinies? Wie is my meester as dit kom by hierdie sake? Het Marx of Lenin se lakens en kopkussings bymekaar gepas? Koop Michael Moore sy beddegoed by drie verskillende garage sales om te verhoed dat ’n laken by ’n duvet pas, en Great Revolutionaries forbid, dat dit dalk nuut moet wees? Ek dog ek dien my eie agenda! Ek dog ek maak my eie vrye keuses! Ek dog wat ek doen met my lewe, waar, met wie, en hoe ek my huis versier as ’n uitdrukking van my selfbeskouing en persoonlike oortuigings, is selfgedefinieerd!

Dit is mos dan een honderd persent in lyn met my oortuigings en met my geïntegreerde filosofie en begrip van die lewe as ek sê dis oukei: jy kan in alle geloofwaardigheid progressief wees in jou denke en opinies, en kritiseer hoe ander mense hul lewens leef, en aan die einde van ’n produktiewe dag jou moeë lyf werp op ’n bed waar die laken pas by die duvetoortreksel, en waar die kussingoortreksels nie te gewelddadig in kontras is met die kleurmotief van jou slaapkamer nie.

* * * * * * * * * * * * * * *

Vrydag 14 Oktober 2005

Hier is ’n idee: dis die morele plig van verligte mense om hul reproduktiewe vermoëns te gebruik om die volgende geslag te produseer, sodat hulle die verligte leiers kan word van die gemeenskappe waar hulle sal woon en werk in die toekoms.

Laat ek weer probeer: dit is mý morele plig om my reproduktiewe vermoëns te gebruik om ’n bydrae te maak …

* * * * * * * * * * * * * * *

Trek terug van die detail

Maandag 21 November 2005

’n Nutsman gaan na ’n buurdorp laat een middag om ’n wasmasjien te gaan regmaak. Vir ’n driekwart uur is hy gefokus op die masjien voor hom: drade en proppe en buise, en die gereedskap wat hy nodig het. Hy lê miskien op die naat van sy rug op die kombuisvloer en sy konsentrasie is skerp ingestel op wat hy besig is om te doen. Dit is soos dit moet wees; dit is hoe hy sy werk behoorlik gedoen sal kry.

Hierdie nutsman moet egter op enige oomblik kan terugtrek van die wasmasjien voor hom, en vrae kan beantwoord oor sake belangriker as net hierdie spesifieke wasmasjien. Hy moet byvoorbeeld ’n vae idee hê in wie se huis hy is – miskien die plaaslike slagter by wie hy al ’n paar keer biltong gekoop het; hy moet weet in watse dorp hy is – nie sy eie dorp nie, maar die buurdorp; hy moet weet hoe laat hy reken hy by die huis sal wees – dalk so 18:00 se kant; hy moet ook weet hoe hy moet ry om by die huis te kom; moontlik selfs hoe die weer buite lyk – miskien hoor hy die donderweer van ’n naderende storm. As die situasie dit vereis, mag hy dalk ook ander dinge in ag neem: sy ouderdom – middel veertigs, sy gesin – vrou en twee kinders, sy inkomste – ±R12 000 per maand, en sy finansiële verpligtinge – huis- en voertuig paaiemente, inkopies, skoolgelde, polisse, ensovoorts.

Sou dit nodig wees, kan die nutsman terugsit, weg van die masjien en die gereedskap en die buise en moere en pype, en vir ’n paar oomblikke die wyer spektrum van sy lewe oorweeg.

Woensdag 23 November 2005

Op die onderwerp van paaie wat vir jou uitgelê is, en die stappe wat jy in jou jeug en twintigs neem om hierdie pad jou

eie te maak, die volgende metafoor: ’n tapisserie. Die prent, die motief, is reeds uitgewerk voor jy begin met weke se tydsame arbeid met wol en naald. Aan die einde het jy ’n pragtige tapisserie. Die tapisserie is jou eie. Jy het hard gewerk daaraan. Maar dit verander niks aan die feit dat die plan, die patroon, reeds uitgelê was voor die tyd, deur iemand anders nie.

Voorhoede van die bourgeoisie

Vrydag 25 November 2005

17:21

Ek kyk na die wêreld om my, en ek kan nie anders nie as om te verklaar dat die groot hoop vir die voortbestaan van menslike beskawing op aarde, die middelklas is – daai groot massa mense in die sogenaamde ontwikkelde wêreld, en kleiner persentasies mense in sogenaamde ontwikkelende lande, wat elke dag werk toe gaan, karre en huise en TV's en rekenaars en yskaste besit, en verskeie stelle beddegoed en musiekversamelings en mooi koffietafelboeke en aandenkings van vakansies op ander plekke.

Mense wat skatryk is, maak ook 'n bydrae, maar teen hierdie tyd weet ons meeste van daai geld drup nooit af na die massa mensdom wat hul bestaan voer buite die rykes se piepklein weelderige wêreld nie.

Die werkende armes dra ook by tot die voortbestaan van menslike beskawing deur teen klein fooitjies arbeid te verrig waarmee niemand anders hul hande wil bevuil nie.

Sonder die middelklas, sal menslike beskawing egter in brutale donkerheid verval. Die Middelklas is Lig, Ruggraat en Balanserende Faktor.

Een belangrike ekstra vermelding moet gemaak word: Ten einde te kan voortgaan om Lig, Ruggraat, en Balanserende Faktor te wees, is dit van allergrootste belang dat die meerderheid lede van hierdie stratum opgevoed, verdraagsaam en vredeliewend moet wees.

Natuurlik is dit 'n naïewe ideaal.

Hier is wat sal help: 'n voorhoede van rasionele, goed opgevoede, oopkop en verdraagsame individue. Intellektuele hoef hulle nie noodwendig te wees nie, hoewel 'n kerngroep behoort te bestaan uit rasionele denkers. Hierdie groep mense behoort die leiers te wees van middelklas gemeenskappe. 'n

Organisasie, selfs ’n politieke beweging, kan ook voorgestel word wat die idee kan bevorder van sterk, verdraagsame, stabiele sosio-ekonomiese gemeenskappe, gelei deur rasionele, oopkop en verdraagsame individue. (Lank leef die voorhoede van die bourgeoisie?)

17:56

Mens kry tog die idee uit bogenoemde dat ek niks nuut sê nie. Wat ek beskryf in die stukkie teks as die hoop van menslike beskawing is alreeds vir eeue lank ’n aktiewe faktor in die voortbestaan en ontwikkeling van menslike bestaan op aarde. Die voorhoede van rasionele, goed opgevoede, oopkop en verdraagsame mense sal wel ’n groot verbetering wees.

As hierdie my konklusies moet wees na tien-plus jare se dink oor die samelewing, is dit duidelik dat ek nie rewolusies voorstel nie, maar meer van dieselfde – net beter.

Die ontwaking en ontwikkeling van ware liefde

Vrydag 6 Januarie 2006

Die ontwaking: Jy raak bewus van die vermoë, en die keuse, om goed te kan wees vir iemand; om dinge te kan doen wat daai persoon se werklikheidservaring beter sal maak, selfs ’n mooier kwaliteit sal gee. En dit gee ’n betreklike satisfaksie om die keuse, die potensiaal, te realiseer.

Sondag 22 Januarie 2006

’n Groot deel van dit wat “liefde” genoem word in ’n intieme verhouding, is ’n intense deernis wat die twee mense het vir mekaar, wat op sy beurt spruit uit ’n gewaarwording, na herhaaldelike en voortdurende kontak in ’n wye reeks situasies, van die “ander een” as een soos ek, in die mees betekenisvolle filosofiese en sielkundige wyse denkbaar.

Hierdie deernis aspek van “liefde” is diepgesetel. Wanneer hierdie houding jeens ’n spesifieke persoon eers wortelgeskiet het, kan dit ’n leeftyd hou. Dit is veel, veel sterker as gevoel – wat wissel van dag tot dag, en volgens gemoed en omstandigheid.

Keuse – ’n uitdrukking van vrye wil asook ’n uitdrukking van hoe jy jouself sien, hoe jy jouself definieer as mens, asook hoe jy gesien wil word deur ander – speel ’n groter rol by die intense deernis aspek van liefde as by die opwinding van romantiese euforie.

Hoe meer deernis in ’n intieme verhouding, hoe meer akkuraat kan die verhouding beskryf word as een waar “ware liefde” aan die orde van die dag is – of ’n verhouding waar “ware liefde” die regerende agent is. Indien ’n intieme verhouding hoofsaaklik gekenmerk word deur romantiese euforie, met die veel meer betekenisvolle en substansiële deernis merendeels afwesig, of waar die verhouding gereeld

in gedrang gebring word deur aksies en gedrag wat fluktueer volgens gevoel, sal dit meer akkuraat wees om te sê dat "ware liefde" nie die regerende agent is in 'n spesifieke verhouding nie.

Ware liefde kan, uiteindelik, slegs ontwikkel in 'n intieme verhouding indien die karakters van die twee partye dit toelaat – karakter wat spruit uit die ontwikkeling van jou persoon, selfkennis, en 'n gesonde graad van selfrespek.

Saterdag 28 Januarie 2006

Die vermoë om lief te hê gaan enige betekenisvolle verhouding vooraf. Dit is natuurlik 'n algemene verskynsel dat 'n verhouding tussen twee mense bevorderlik is daarvoor dat hierdie vermoë om lief te hê, geaktiveer word. Dit is egter ook waar dat sommige verhoudings met die verloop van tyd eenvoudig blyk nie bevorderlik te wees daarvoor nie.

Drie eenvoudige waarhede

Maandag 13 Augustus 2007

Dit het my lank gevat om ander mense meer te sien soos hulle werklik is, en nie soos ek hulle maak – en soms wil hê – in my eie, soms simplistiese wêreld nie. Dit bly egter waar dat sekere mense altyd in die minderheid sal wees langs braaivleisvure of aan ’n familietafel met Sondagete.

’n Eenvoudige waarheid, twee: As meeste lede van ’n groep dieselfde leefstylkeuses maak, kom dit voor aan meeste lede van die groep dat die keuses goed en reg is – of dit werklik so goed en reg is, of nie. (En om dinge te balanseer: net omdat die meerderheid dink iets is goed en reg, is nie te sê hulle is noodwendig verkeerd nie.)

’n Eenvoudige waarheid, drie: Jy kan nie vir mense sê hulle maak die verkeerde keuse as jy nie ’n alternatief het om voor te stel nie – en nie ’n alternatief wat beter sal werk vir jóú nie, ’n alternatief wat beter sal wees vir húlle.

Die liefde van ’n vrou

Donderdag 1 Mei 2008

Die liefde van ’n vrou – uit die man se oogpunt

Stel jou voor ’n man stap deur ’n woestyn. Hy loop al vir dae lank. Sy kos en water is op en hy is gedehidreer. Hy struikel soos hy by ’n duin afgaan. Rol tot aan die onderkant. Lê net daar.

Dan, op daai oomblik, verskyn ’n reddingsvliegtuig in die blou lug bo hom. Iemand met noodvoorraad daal neer met ’n valskerm. Drie ure later arriveer ’n jeep-ambulans.

’n Paar dae later word hy wakker in ’n hospitaal. Hy is gekoppel aan buise, en dokters en verpleegsters monitor sy toestand. Hy gaan orraait wees, verseker die dokter almal in die wagkamer.

Dit, vanaf die oomblik dat die reddingsvliegtuig verskyn het tot by die versekering van die dokter, dit is die liefde van ’n vrou. Dit is ’n hoogs gunstige wending in die lewe van enige man.

(vir Natasja)

Dinge wat ek moes leer

Vrydag 9 Mei 2008

Hier is die aantekening wat ek moes gemaak het op Vrydag 10 Februarie 2006:

Benewens om te leer geldmaak van die huis af, op my eie tyd, en op maniere wat ek goedvind, stel ek aan myself die volgende doelwitte oor die volgende twee of drie jaar:

1. Ek moet leer om volslae te misluk, en dan die volgende dag van vooraf te begin, en weer volslae te misluk, en dan die volgende dag weer van vooraf te begin.

2. Ek moet leer om opinies te waag en vooruitsigte te maak, en heeltemal verkeerd te wees, en die volgende dag weer opinies te waag en vooruitsigte te maak, en weer verkeerd te wees, en dan die volgende dag weer opinies te waag en vooruitsigte te maak.

3. Ek moet leer om geduldig te wees. Ek moet leer om pynlik stadig te vorder, insluitende om elke paar dae terug te gly tot amper by die begin, en dan die volgende dag voort te gaan.

O ja, en ek moet al bogenoemde leer terwyl iemand wie se respek en agting ek waardig wil wees, elke een van my mislukkings aanskou, en weet van amper elke keer wat ek verkeerd is, of was.

Hoekom ek doen wat ek doen – solank ek nog staande is

Donderdag 4 September 2008

Hoekom ek doen wat ek doen: ’n gesprek met myself op pad na die 7-Eleven toe laat gisteraand

Rede een: Wantroue, vandat ek veertien jaar oud was, in ’n volwasse lewe van kry ’n werk, trou, koop ’n huis op skuld, koop ’n kar op skuld, kry kinders … dan draai die ekonomie of daar’s een of ander fokop wat beteken jy’t skielik nie meer ’n werk nie, jy raak desperaat, jy maak nog skuld, jy trek na ’n ander stad toe, jy ruil die kar in vir ’n skedonk, jy verduidelik jou situasie aan vriende en familie en vreemdelinge, jy raak nog meer desperaat tot jy op ’n punt kom waar jy bereid is om enige iemand “baas” te noem of enige iets te doen, net sodat jy nie nog ’n maand sonder ’n inkomste hoef te sit nie.

Rede twee: Selfs toe ek moes voorberei vir ’n beroep, het belangstellings in geskiedenis en godsdiens swaarder geweeg as vakke soos personeelbestuur of bemarking.

Rede drie: Aan my, soos aan miljoene ander, is ’n geskenk gegee, en ek sal verdoem wees as ek nie my lewe aanwend tot iets beter as ’n middelmatige bestaan nie.

Maandag 22 September 2008

Ons hoor gereeld onsself en ander mense dinge sê soos, “My lewe behoort beter te wees,” “X moet eintlik Y wees,” “A moet eerder B wees.” Mens herinner jouself ook gereeld daaraan dat die lewe nooit heeltemal werk soos jy dit wil hê nie. Jy doen jou bes, en jy probeer tevrede wees met wat jy het. Tog streef jy elke dag vir ’n beter lewe, om dinge te verbeter.

Meeste van ons weet die lewe is ’n stryd – vir ’n hoër bestaansvlak. Soms slaag jy in hierdie stryd, en jou lewe is

beter van daai dag af. Soms sukkel jy vir wat voel soos ’n ewigheid, en jy bly skaars staande. Maar – en ek weet ek het hierdie beeld meer as ’n paar keer al gebruik, maar hier kom dit weer – as jy nie op die grond lê nie, beteken dit jy staan nog. En solank jy nog staande is, stry jy voort.

Of alles reg uitwerk of nie

Maandag 13 Oktober 2008

[Uit ’n epos aan ’n vriendin]

Jy vra of alles “reg” gaan uitwerk. Ek is oud genoeg om te weet dinge werk nie altyd presies soos ons dit wil hê nie. Ons glo altyd, en ons hoop – in ’n beter môre, dat alles reg sal uitwerk, dat die toekoms fantasties gaan wees … maar soos almal weet, eindig ons geloof en hoop gereeld in ontnugtering, en sonder ’n bietjie geluk elke nou en dan vat ons daaglikse arbeid ons ook nie altyd so ver soos ons glo dit moet nie.

Wat hierna gaan volg vir jou is dat jy voort sal gaan om te struggle vir alles wat vir jou belangrik is, van om ’n saak te dien groter as jyself tot die vervulling van jou potensiaal. Dit is wat hierna gaan volg.

Gaan dit uitwerk? Jy mag dalk nie soveel interessante belewenisse hê oor die volgende paar maande as wat jy gehad het die afgelope ses maande nie – of dalk beleef jy interessanter dinge. Die onmiddellike toekoms gaan dalk nie soveel interessante karakters in jou lewe bring nie – maar dalk ander karakters.

Glo in jouself. Glo in wat jy doen. Stry voort. En vergeet van “alles”, die volmaakte lewe, en geloof daarin dat iets altyd aan die einde terug sal glimlag. Solank jy nog op jou voete staan, word jy nog getel – en as jy struikel, staan jy op.

As die lewe ’n stryd is vir iets beter, en vir alles wat ons kan wees, het jy reeds meer as voldoende instrumente, kennis, ervaring, geesdrif, lewenslus, en tricks up your sleeve om die stryd enduit te sien.

Dit is die beste advies wat ek jou kan bied.

Vonke en ware liefde, in ’n neutedop

Maandag 10 November 2008

Daar is ware liefde, en daar is seksuele aantrekking. Daar is liefde wat ’n leeftyd duur, en daar is vonke van seksuele begeerte. Soms voel jy seksueel aangetrokke tot ’n persoon, jy vat ’n kans, en jy geniet dit vir solank dit hou. Bly julle bymekaar, sal die seksuele aantrekking op een of ander stadium aangevul moet word met iets meer substansieel, naamlik liefde – die soort wat ’n leeftyd kan duur, tot lank nadat die vonke minder vurig geraak het en jy jouself vang dat jy soms wonder hoe dit met iemand anders sal wees.

’n Man is halsoorkop oor ’n vrou. Die vrou dink die man is ’n aangename ou: hy is gaaf, kan lekker gesels oor interessante dinge, maar dis waar dit stop vir haar. Sy wonder of ’n mens ’n hart wat nie vinniger wil klop nie, kan forseer. Sy dink byvoorbeeld wat ’n mens doen met seksuele begeerte, wat immers ’n eerlike fisiese reaksie is op iemand se teenwoordigheid.

Die vrou stel haarself ’n baie spesifieke lewe voor saam met die man, sou sy kies om saam met hom te wees – ’n lewe waar dinge altyd sal wees soos dit nou is: hy is mal oor haar, sy trek terug. Vyf jaar later: hy is steeds mal oor haar, sy bly afsydig. Twintig jaar later: hy is nog steeds lief vir haar; sy gee om vir hom, maar sy is nie warm teenoor hom nie, en sy dink elke nou en dan terug aan die affair wat sy soveel jare gelede gehad het met die ou wat soos ’n filmster gelyk het.

Die werklikheid lyk in vele gevalle ietwat anders: die skaflike man is tans by X+20, en die vrou is by X+2; na twee jaar is hy by X+15, en sy is by X+7; na tien jaar kan sy haarself nie ’n lewe sonder hom voorstel nie; hy is steeds baie lief vir die vrou – hy bring nog steeds op Sondae vir haar ontbyt in die bed, maar vonke steek nie meer van sy kant af die muurpapier aan die brand nie. Dit is hoe die lewe soms is, in ’n neutedop.

Natuurlik kan dinge heeltemal skeefloop tussen die vrou en die man wat nie soos ’n filmster lyk nie. Sy fakkel begin dalk dowwer te brand na ’n paar jaar, en hy begin dalk rondkyk na ander vrouens net soos die vrou in sy lewe al hoe nader aan hom wil wees. Dit is ook hoe die lewe soms uitdraai, in ’n ander neutedop.

* * * * * * * * * * * * * * *

Dinsdag 3 November 2009

Almal is op hulle eie reise. Almal se stryd is anders, en ewe werklik. Almal weet iets, baklei met iets, sukkel met iets, probeer iets oorleef, of probeer om iets na te streef, waarvan jy niks weet nie. (Dieselfde kan natuurlik oor jou, vir iemand anders gesê word.)

Voor jy jouself vergelyk met iemand anders, vra jouself: Begryp jy die kompleksiteit van die ander persoon se lewe?

* * * * * * * * * * * * * * *

Selfgesprek oor beplande versus onbeplande swangerskap

Maandag 22 Februarie 2010

18:37

Die gesprek met myself het begin as ’n kontemplasie op my fiets op pad na my gewone aandete-plek toe. Ek het gedink oor hoe ek myself voortdurend “second-guess” deesdae: *Was ek veronderstel om dit te sê? Moes ek nie dalk anders opgetree het nie? Moet ek anders reageer of optree siende dat ek amper veertig is?*

Ek het gedink daaraan dat ek altyd gereken het mens ontgroei sulke onsekerhede.

“Dalk maak dit ’n verskil as jy kinders het,” dink ek toe. “Jy’t meer belangriker dinge om oor te worry, so jy’t nie tyd of lus vir simpel ouderdoms-verwante onsekerhede nie.”

“Stel jouself voor,” kom die reaksie van die ander stem in my kop, “ek sê skielik ek wil kinders hê.”

“Dis die probleem,” antwoord ek myself onmiddellik. “As swangerskap die natuurlike gevolg is van die saamwees van ’n man en vrou, then so be it. So sê ek al vir lank. Maar as ’n mens ’n swangerskap beplan … dis te selfsugtig. *Ek* wil ’n kind hê – ongeag watse lyding die kind sal moet deurgaan in hierdie wêreld.”

“Sê jy beplande swangerskap is ’n slegte idee?”

“Nee, ek sê net ek het persoonlik ’n probleem met ’n beplande swangerskap. Dit beteken ek sal my kind in die oë moet kyk as hy of sy pyn en lyding deurmaak, en ek sal moet sê jammer, ek het nodig gehad om ’n pa te wees, so jy sal maar net die gevolge moet dra. As my vrou nou moet swanger raak, dan kan ons sê, oukei, dit was die natuurlike gevolg van ’n natuurlike daad tussen twee mense wat mekaar liefhet, ’n normale verskynsel in ’n gesonde verhouding: Spermsel bevrug eiersel; eiersel groei tot embrio, dan ’n fetus; nege

maande later word ’n kind gebore. Goed, kom ons doen ons bes. Kom ons sorg dat hierdie kind alles het wat hy of sy nodig het en dat hy of sy ’n goeie opvoeding kry. Ons gee hom of haar al die liefde en ondersteuning wat ons kan. Ons skep geleenthede. Ons berei hom of haar voor om geleenthede aan te gryp. Ons beskerm die kind soveel as wat ons kan teen die aanslae van hierdie wêreld. In so ’n geval was die kind die natuurlike gevolg van ’n man en vrou se saamwees.”

“Maar die vrou kan steeds kies om die swangerskap te beëindig. Om dit nie te beëindig nie, is ook ’n keuse. Dan sê julle tog ook: *Ons* wil ’n kind hê.”

“Goed en wel, maar dit sal onnatuurlike inmenging wees.”

“Wat jy dus sê, is dat indien die kind die resultaat is van ’n natuurlike proses, goed en wel. As die man of vrou sê, ék wil ’n kind hê, of ék wil ma of pa word, is dit nie meer natuurlik nie. Dan forseer jy die proses. As ’n vrou swanger raak, en sy kry ’n aborsie, meng sy ook in met die proses. Weereens, onnatuurlik.”

“Reg. As dit natuurlik is, as die geboorte die gevolg is van ’n natuurlike proses – verhouding, saamwees, spermsel en eiersel, nege maande, kind – dan is jy covered, so to speak. Dan hoef jy nooit jou kind in die oë te kyk en te sê, jammer vir die lyding wat jy, my kind, moet deurmaak nie, maar ek wou baie graag ’n kind gehad het. Jy kan sê – al is jy steeds ontsteld daaroor om jou kind in pyn of ongemak te sien – dat die kind se bestaan die resultaat is van ’n natuurlike proses.”

“Wat van as die man of die vrou voorbehoedmiddels gebruik? Is dit nie ook inmenging met die natuurlike proses nie?”

Stilte.

Post-gesprek betragting:

Wat is die verskil tussen onnatuurlike inmenging om ’n kind te skep, en onnatuurlike inmenging om die proses te arresteer wat andersins sou lei tot die geboorte van ’n kind?

Hormoonbehandeling, spermtelling, proefbuis, aborsie, te veel kinders om te versorg, onbevoegde ouers, voorbehoedmiddels, volwasse man en vrou se emosionele behoeftes. Is die bol wol nog ontknoopbaar?

21:50

Dis nie ’n kwessie van REG of VERKEERD nie, dis ’n vraag van waar op die spektrum.

Daar is die ekstreem van onbeplande swangerskap: die dwelmverslaafde vrou wat seks verruil vir dwelms, en geboorte gee aan ’n kind wat van die begin van sy of haar bestaan verslaaf is aan dwelms en amper geen hoop en geen toekoms het nie.

Dan is daar die ekstreem van die beplande swangerskap: die verveelde volwassene wat lus is vir ’n nuwe rol, of wat reken ’n kind sal vir hom of haar iets gee om te doen, of ’n leemte vul wat nie (tans) met iets anders gevul kan word nie. ’n Ontevredenheid met die Huidige Self, en die oortuiging: “Ek het ’n kind nodig.”

Ek probeer om radikaal te wees, sonder my blou kitaar

Woensdag 3 Maart 2010

11:58

Twee (moontlik) onverwante gedagtes:

1. My blou elektriese kitaar wat ek in 2000 aangeskaf het in 'n maniese periode toe ek gedink het ek gaan 'n popster of iets word, het uiteindelik sy ware doel en waarde ontbloot: om na tien jaar verkoop te word vir kosgeld wat moontlik so lank as twee weke sal hou.

2. Vir as ek dit gemis het, die punt is opvoeding, en meer spesifiek, ek wat ander mense se opvoeding fasiliteer. Ek reken die onderwerp is voor die hand liggend: finansiële onafhanklikheid. (Hoe werk dit, as ek self sukkel om kop bo water te hou? Ons leer uit mekaar se foute, en uit wat ons wysraak op pad êrens heen.)

20:39

Dit is beter om psigoties te wees en/of in 'n waan te leef as om op te gee. "One can never be radical enough; that is, one must always try to be as radical as reality itself," het Lenin blykbaar op 'n dag gesê.

Vrydag 5 Maart 2010

Drie beelde:

- die suksesvolle persoon – familie en vriende ag hom as suksesvol, so ook kollegas en kennisse, maar bowenal ag hy homself as suksesvol
- die een wat opgegee het – trek lewensenergie uit enige een wat nog probeer om iets te doen; skiet alle pogings en idees af; versuur ander mense se hoop; kritiseer alles; bitter

- die een wat aanhou probeer – selfs as dit op ’n punt kom wat sy vriende en familie begin dink dat hy dit nooit sal “maak” nie, selfs al slaag hy nie daarin om sy doelwitte te verwesenlik in die redelike tyd wat hy vir homself gestel het nie, sal hy aanhou werk daaraan, en hy sal heel waarskynlik aanhou tot die dag wat hy verwelk en in die niet verdwyn

Sondag 21 Maart 2010

Niks beklemtoon jou skande en verleentheid heeltemal soveel soos om absoluut geen kontant in jou beursie te hê nie, en nie genoeg geld in die bank om dit wat jy het, by ’n OTM te trek nie.

Vrydag 26 Maart 2010

Ek toon al vir jare hierdie neiging om ongemaklik te wees oor die moontlikheid van oormatige geluk.

Sê ’n stem in my kop: Jy doen op die oomblik omtrent 25 of 30% op die geluk-skaal. Baie mense kan gaan tot so 80% voor hulle ongemaklik begin raak. Jy kan self gaan tot so 60 of 65% voor jou kop sal ontplof, so ten minste vir die afsienbare toekoms het jy niks om oor bekommerd te wees nie.

Maandag 29 Maart 2010

Beskerm die gees – dit is jou primêre verantwoordelikheid. Wanneer die gees begin kwyn, begin alles ontrafel.

* * * * * * * * * * * * * * *

Dinsdag 13 April 2010

Fok daai nonsens van ouderdom en “Ek is al x-jaar oud” – asof ons almal 100 gaan haal en jy’s reeds 37 of 54 of 45 jare nader aan die teiken.

Hier is ’n meer redelike benadering: Wees dankbaar vir elke enkele dag wat jy kry. Maak die beste van elke enkele dag! Elke dag is ’n geskenk!

* * * * * * * * * * * * * * *

Om nie meer te leef soos ’n voortvlugtige nie

Maandag 17 Januarie 2011

Ek leef soos ’n persoon wat ontsnap het uit ’n plek en nou wegkruip.

- Ek het ’n werkspermit, toegeken op voorwaarde dat ek ten minste elf ure per week werk by ’n spesifieke skool. In werklikheid werk ek net drie ure per week by die skool.

- Ek het nie ’n bestuurderslisensie nie, hoewel ek gereeld met ’n scooter ry, waarvoor ek ’n lisensie nodig het.

- Ek het nie ’n National Health Insurance kaart nie – die enigste wettige inwoner van Taiwan waarvan ek weet wat nie een het nie. Wat beteken ek moet altyd verduidelik hoekom ek net ’n residence card het as ek na ’n dokter of tandarts toe gaan.

- Ek huur al vir sewe jaar lank ’n woonstel, maar ek het nog nooit enige huurkontrak geteken nie. Ek weet nie eens hoe die eienaar van die woonstel lyk nie.

- Ek woon nie meer in die woonstel nie. Ek gebruik dit as kantoor en stoorplek.

- My telefoonrekening is in die naam van ene “Ma-li-ou Ma-ka-ne” – die gesinifiseerde naam van ’n Suid-Afrikaanse vriend van my wat reeds vyf jaar gelede Taiwan verlaat het.

- Die residensiële adres op my Taiwannese ID kaart dui aan dat ek in die skool woon waar ek werk. Uit die aard van die saak woon ek nie daar nie.

’n Paar jaar gelede het ek gepraat daarvan om myself te rehabiliteer vir ’n lewe in die sosio-ekonomiese middelklas. Voordat ek by daai fase uitkom, kan ek dink aan ’n hele paar voordele wat ek sal geniet as ek ten minste nie meer leef soos iemand wat skynbaar bang is om dinge reg te doen nie.

Leer by die jeug – ten spyte van ydelheid en onsekerheid

Dinsdag 27 September 2011

My hele volwasse lewe al dink ek aan myself as ’n jong man – ek weet immers nie hoe dit voel om *oud* te wees nie. Maar dan word jy op ’n punt gekonfronteer met die werklikheid dat daar ander jong mans is wat soveel as twintig jaar *jonger* is as jy.

“Twintig jaar!” wil jy uitroep. “Twintig jaar?!”

En om alles te kroon moet jy jouself herinner daaraan dat jy enige dag van die week iets kan leer by hierdie jonger geslag – dat ’n ou van 20 of 25 ook op ’n klip kan sit vir ’n uur lank en kan opstaan met ’n wysheid of ’n goeie punt om te deel met die naaste bystaander.

Aan die einde van die dag is dit net ydelheid, en ’n patologiese onsekerheid oor jou eie waarde, wat jou laat vashou aan tyd, wat jou paniekerig maak wanneer jy dink hoe tyd dag na dag uit jou vingers glip – soos dit glip uit almal se vingers.

Tyd om op te gee

Woensdag 22 Februarie 2012

Een van die min populêre frases wat ek aanhang soos ’n universele waarheid, is dat mens nooit moet opgee nie. Ek glo dit nou al vir baie jare, en resiteer dit gereeld aan myself asof dit gebed is. Almal wat ek respekteer wat enige iets te sê het oor die lewe, bevestig dit ook. Jy gee nie op nie. Jy mag nooit, ooit opgee nie. As jy opgee, is dit verby. Jy sit plakkate teen jou mure op wat jou daaraan herinner. Jy koop vir jou T-hemde met bewoording wat dit bevestig. Jy stuur skakels aan na video’s wat dit preek. Jy deel kort stories op Facebook sodat ander mense dit nie dalk vergeet nie. En as dit nodig is, skryf jy dit met ’n swart pen op jou tekkies se sole: “Never give up.”

Die opgee waarna ek hier verwys, is die fatale tipe, die eksistensiële tipe. Ek verwys hier na ’n besluit om nie meer dinge te doen nie – jy’s klaar met alles, klaar met probeer.

Tog, ten spyte van die lewensnoodsaaklike oortuiging wat so na aan ’n mens se hart lê, het jy soms nie veel van ’n keuse nie. Verskil is, dit wat jy opgee is nie lewe nie, en dit beteken nie dat jy nooit weer sal probeer nie.

Soms moet ’n mens opgee op dinge wat nie meer werk nie, of nog nooit regtig gewerk het nie. Soms gee mens op op ’n verhouding, of op ’n huwelik. Soms, na jy jare lank probeer het om uit te hou by ’n maatskappy want die hemel alleen weet jy’t die geld nodig gehad, gee jy op. Jy bedank, en vee jou hande af aan iets waaraan jy jou bes gegee het om te laat werk. En soms los jy die stuur van projekte wat jy oor ’n duisend klipperige paaie gery het. Jy los die stuur, maak jou sitplekgordel los, en spring uit die kar uit voor dit oor die afgrond stort.

Want soms moet mens opgee om te oorleef.

Meetstok van jare se wegry van dieselfde plek af

Donderdag 19 April 2012

Ek ry vroeg vanaand weg by die skool waar ek al vir meer as dertien jaar werk en wonder hoe dit sal wees om die laaste keer daar weg te ry. ’n Paar draaie later dink ek hoe ek hierdie gewoonte ontwikkel het om te dink aan my lewe aan Taiwan wanneer ek wegry na ’n klas by hierdie spesifieke skool – die groot, breë tema van my lewe in Taiwan, nie spesifieke sake wat net relevant is tot daai dag of daai week nie.

Ek werk toe uit dat ek al meer as 1 500 kere daar moes weggery het sedert vroeg 1999, wat beteken ek het seker al om en by ’n duisend keer my lewe in Taiwan gekontempleer nadat ek ’n paar ure tussen daai mure spandeer het.

Dat hierdie spesifieke skool die mees stabiele, bestendigste aspek is, en sover was, in my meer as dertien jaar in Taiwan, was die volgende trok in die gedagte-trein. Niks, nie woonplek, vervoermiddel, wat en waar ek eet, met wie ek sosialiseer, wat ek doen in die aande, hoe laat ek opstaan in die oggende, die hoeveelheid geld wat ek verdien, my finansiële verpligtinge, of my verhouding-status het dieselfde gebly gedurende die laaste dertien jaar nie. Ek het selfs deur vier verskillende rekenaars gegaan! Wat dit dus nie verbasend maak dat ek neig tot groot gedagtes wanneer ek nog ’n keer my tydkaart pons by hierdie plek nie.

Wat hierdie tipe konsekwentheid aan ’n mens gee, is ’n maatstaf.

As ’n man na dertien jaar nog steeds dieselfde werk doen in dieselfde kantoor en dieselfde inkomste verdien – aangepas vir inflasie – sal hy tereg dink sy lewe het gestagneer, veral as hy sien hoe sy kinders in dieselfde tyd verander het van kleuters met vetkryt tussen hulle vingers tot tieners met iPhones in hulle hande.

Met die skool ter sprake sou ek stagnasie waardeer. Die werklikheid is dat my situasie by hierdie skool toenemend versleg het soos die een jaar homself bo die ander jaar bly pak het. Ek het begin met ten minste vyftien ure per week, wat my gegee het omtrent NT$30 000 per maand. Ek doen nou twee ure per week by die plek, wat my omtrent NT$5 000 per maand in die sak bring (ek gee darem ook klas by een of twee ander plekke, soos ek ook dertien jaar gelede gedoen het).

As ek my lewe in Taiwan moet meet aan die maatstaf van die bestendigste deel van my lewe hier, is ek nie besig om te stagneer nie, ek is besig om agteruit te gaan.

Ek kan sê dat dit onwetenskaplik is om jou lewe te meet aan net een maatstaf. As almal hulle lewens moet meet aan die een ding wat volhardend deel van hulle lewe gebly het vir 'n lang tyd – ongeag of hulle hou van hierdie ding of nie, sal meer mense dalk soos mislukkings voel. Ander sal dalk tot hulle verbasing besef dat hulle nie die groot mislukkings is wat hulle altyd gereken het hulle is nie. Mens moet jouself ook afvra waaraan mense hulle lewens meet as daar min of niks is wat konstant gebly het oor die laaste dekade of so van hulle lewens nie.

Gelukkig vir meeste van ons bestaan die legkaart van ons lewens uit dosyne groot stukke, en honderde kleiner stukkies. Sommige van hierdie stukke is dalk dieselfde na vele jare; sommige is dalk al afgedop en vaal; ander is skitterblink nuwe stukke, gemaak uit die beste tipe materiaal waarin legkaartstukke kom.

So is dit ook met my lewe.

Ek sal nietemin erken, geoordeel aan my situasie by die plek waar ek al werk vanaf my eerste week in Taiwan, dat sommige aspekte van my lewe in hierdie land wel agteruit gegaan het.

En as dit so is? Dalk as ek 'n bietjie terugstaan vir 'n oomblik, sal ek kan sien dat dit maar net is hoe die lewe soms is.

Die minste wat 'n ouer behoort te doen

Maandag 10 September 2012

Ouers moet hulleself weerhou daarvan om hulle kinders te probeer skep in hulle eie aangesig. Kinders sal uiteindelik moet oorleef in 'n wêreld wat anders lyk, en waar vele dinge anders werk, as die wêreld waarin die kind se ouers grootgeword het.

Ouers se plig is om hulle kinders toe te rus om te oorleef in 'n soms vyandige wêreld, en om 'n werkbare identiteit te definieer wat hulle uiteindelik as volwassenes in staat sal stel om te kan funksioneer in hierdie wêreld, om verhoudings te kan aanknoop met 'n wye verskeidenheid mense, om 'n doel te kan formuleer waartoe hulle hul lewens kan aanwend, en om gelukkig te kan wees.

Kinders moet toegerus word om te oorleef – fisies, verstandelik en emosioneel, en om vervullende, produktiewe, gelukkige lewens te lei.

Ouer moet ten minste probeer om ten minste hierdie dinge vir 'n kind te doen, siende dat die kind in die eerste plek nie self 'n keuse gehad het daaroor om gebore te word nie.

My model werk, maar nie vir almal nie

Saterdag 13 Oktober 2012

Wanneer iemand my raad vra oor beroep of werk of maniere om geld te maak – of wanneer ek dit in elk geval gee, baseer ek altyd my opinie op ’n sekere model wat ek in my kop het. Hierdie model sê: moenie te veel gewig gee aan iets wat aan jou hoër status sal gee in die gemeenskap nie; dink twee keer voor jy aandring daarop om geld te probeer maak met dit waarin jy belangstel – daar’s nie noodwendig ’n mark vir dit waarin jy belangstel nie, en selfs as daar is, mag jy dalk na ’n paar jaar van kommersieel besig wees daarmee, nie meer so passievol wees daaroor nie; moenie jouself verbind aan ’n beroep of ’n kommersiële aktiwiteit waar jy dieselfde ding oor en oor gaan doen nie, Maandag tot Vrydag, tot iemand jou uiteindelik aan die skouers ruk en sê, “Stop! Jy’s 65. Tree af!”

Ek reken, en het nog altyd gereken, die model maak sin. Derhalwe kan ek nooit verstaan as iemand my goed bedoelde raad aanhoor en presies die teenoorgestelde doen nie.

Daar is egter iets wat ek neig om te vergeet.

Mense kry in vele gevalle iets terug as hulle hul eie koppe volg en status in die gemeenskap oorweeg, as hulle probeer om geld te maak met iets waarvoor hulle nog altyd ’n passie gehad het, of as hulle ’n beroep of besigheid kies waarin hulle tot vervelens toe dieselfde ding oor en oor gaan doen. Hulle bewerkstellig ’n gereelde inkomste waarmee hulle kos op die tafel kan sit, en die huur kan betaal. Hulle ontwikkel ’n verhouding met ander mense in die gemeenskap. Hulle raak deel van iets. Hulle sal vir my sê: “Jy weet wat? Dis waar dat die werk soms vervelig is, maar ons hou van wat ons aan die einde van die dag en aan die einde van die maand terugkry. Dit wat ons kry vir ons arbeid, nie net geld nie maar ook samesyn met mense saam met wie ons werk, maak op vir dit waarvan ons nie hou nie. Ons verduur maar net die minder aangename aspekte van ons arbeid.”

My model werk vir die enkeling wat uitgelos wil word, vir die persoon wat nie sy passie wil kompromitteer met kommersiële verpakking nie, en wat baie beslis nie elke dag dieselfde vervelige werk oor en oor wil doen tot hy van sy kop af raak nie. My model werk vir die persoon wat nie ’n familie aan die lewe hoef te hou nie, wat nie vervelige werk wíl verduur nie.

Is ek dus verkeerd?

Nee. Ek neem net nie altyd in ag wat werk vir ander mense, wat hulle wil hê uit die lewe, en wat hulle bereid is om op te gee vir wat hulle terugkry nie.

Dankie tog kinders is nie soos (sommige) volwassenes nie

Vrydag 30 November 2012

As kind weet jy aanvanklik nie hoe om skaak te speel nie. Jy weet nie hoe om fiets te ry, of hoe om ballet te doen of rugby te speel nie. Jy weet nie hoe om ’n rekenaar te gebruik nie. Jy weet nie eens hoe om te lees of te skryf nie.

As kind het jy gewoonlik nie getwyfel wanneer dit by iets nuuts gekom het wat jy moes bemeester nie. Jy’t net gedoen wat vir jou gesê is. Jy het aanhou probeer, en na ’n paar maande of ’n paar jaar kon jy skaak speel, fietsry, rugby speel, of ballet doen. Jy het leer lees en leer skryf, en uiteindelik geleer om ’n rekenaar te gebruik.

Hoekom dan, as volwassenes, twyfel soveel mense in hulle vermoëns om iets nuuts te kan leer?

“Ek weet nie hoe nie,” sal die man of vrou prewel.

“Ek is te oud om iets nuuts te leer,” sal die dertig- of veertig- of vyftigjarige man of vrou sê.

“Nee, goeie genade! Daar’s geen kans dat ek dit sal kan doen nie!” sal een persoon uitroep, veilig in die wete dat daar ten minste ’n handvol ander volwassenes in die omgewing is wat hulle sal ondersteun in hulle oortuiging dat hulle nie in staat is om iets te kan doen nie.

Kan jy jouself dit voorstel as kinders moes lei aan dieselfde droefenis?

“Agge nee, Pappa, daai fiets is so groot. Ek gaan afval en my toon stamp,” sal klein Sarel sê, en wegstap om onder die boom te gaan sit.

“Daai dansies lyk te moeilik, Mamma! Ek kan dit nie doen nie!” sal klein Juanita sê, en weier om uit die kar te klim by die balletskool.

“Skaak lyk so ingewikkeld …”

“Ek weet nie hoe om daai krulletjies en lyntjies te trek soos die ander seuns en meisies in die klas nie …”

“Ek is bang vir muise, en die rekenaar maak altyd sulke snaakse geluide …”

Die einde van beskaafde gemeenskap soos ons dit ken. Die begin van Zombieland.

“As jy dink jy kan iets doen, of as jy dink jy kan nie iets doen nie, is jy reg,” het Henry Ford gemeen.

Watse voorbeeld dink mense stel hulle vir die volgende geslag as hulle op 25 of 40 of 50 ophou glo hulle kan iets nuuts bemeester, wil ek weet.

* * * * * * * * * * * * * * * *

Woensdag 20 Februarie 2013

Is dit nie vreemd dat mens, as volwassene, by verstek onder die indruk verkeer dat jy nie vry is om te doen wat jy wil nie. Jy moet jouself waardevol maak om bestaansreg te kan hê. Jy moet hoop iemand is so genadig om vir jou werk te gee sodra jy klaar gemaak het met skool, of een of ander opleiding ondergaan het om jouself meer waardevol te maak. Jy hoop iemand sien wat jy vir hulle kan doen en is bereid om jou te betaal vir die waarde wat jy kan lewer, sodat jy kan oorleef. Vryheid, so word dit by jou ingeburger van kleins af, is soos ’n privaatstrand: alleenlik as jy baie geld het, is dit iets wat jy mag geniet.

* * * * * * * * * * * * * * * *

Kritiek oor die gewoontes en leefstyl van die bourgeoisie

Woensdag 2 April 2014

Ek lees tans die boek, *Mrs. Bridge*, deur Evan S. Connell, gepubliseer in 1959. Dit vertel die storie van die hoër-middelklas Bridge-familie van Kansas City in die 1920's en 1930's, meestal vanuit die perspektief van Mevrou Bridge van die titel.

Mevrou Bridge se lewe draai om haar kinders en haar sosiale lewe. Die sosiale omgewing waarbinne sy beweeg word beskryf as "unity, sameness, consensus, centeredness".

Nie veel dramaties gebeur ooit in haar lewe nie, hoewel sy soms gekonfronteer word met ongemaklike kwessies soos klasbewussyn. Sy onthou ook dat haar een vriendin haar een keer gevra het of sý ook soms voel asof sy uitgehol en leeg aan die binnekant is. Hierdie vraag kom by haar op die dag toe sy verneem dat dieselfde vriendin haarself om die lewe gebring het.

Volgens die Wikipedia artikel oor die boek het dit nie heeltemal die aandag gekry wat dit dalk toegekom het nie:

> By 1962, when critic Michael Robbins proclaimed that *Mrs. Bridge* answered the question asked by writer and social critic, "what kind of people we are producing, what kinds of lives we are leading", the novel was already out of print: readers of *College Composition and Communication* were urged to write the publishers in hopes of getting the book reprinted. In 1982, when both Bridge books were republished [*Mr. Bridge* het gevolg in 1969], Brooks Landon, in *The Iowa Review*, commented that "Connell seems to have become one of those writers we know to respect but may not have read".

Een van Mrs Bridge se konfrontasies met klasbewussyn vind plaas een dag in ’n boekwinkel, toe sy deur ’n boek blaai met die titel, *The Theory of the Leisure Class*, ’n werklike 1899 boek deur Thorstein Veblen. Die boek word beskryf as sosiale kritiek oor die gewoontes en leefstyl van finansieel gemaklike lede van die middel en hoër-middelklas. Dit fokus veral op hoogs sigbare spandering van geld:

> Conspicuous consumption is the spending of money on and the acquiring of luxury goods and services to publicly display economic power—either the buyer’s income or the buyer’s accumulated wealth. Sociologically, to the conspicuous consumer, such a public display of discretionary economic power is a means either of attaining or of maintaining a given social status.
>
> Moreover, invidious consumption, a more specialized sociologic term, denotes the deliberate conspicuous consumption of goods and services intended to provoke the envy of other people, as a means of displaying the buyer’s superior socio-economic status.

Die artikel gaan voort:

> In the 19th century, the term conspicuous consumption was introduced by the economist and sociologist Thorstein Veblen (1857–1929), in the book *The Theory of the Leisure Class: An Economic Study in the Evolution of Institutions* (1899), to describe the behavioural characteristics of the nouveau riche (new rich) social class who emerged as a result of the accumulation of capital wealth during the Second Industrial Revolution (ca. 1860–1914). In that social and historical context, the term “conspicuous consumption” was narrowly applied to describe the men, women, and families of the upper class who applied their great wealth as a means of publicly manifesting their social power and prestige, be it real or perceived.

Lees meer:

Wikipedia artikel oor *Mrs. Bridge*
https://en.wikipedia.org/wiki/Mrs._Bridge

Wikipedia artikel oor *The Theory of the Leisure Class*
https://en.wikipedia.org/wiki/The_Theory_of_the_Leisure_C
lass

Wikipedia artikel oor “conspicuous consumption”
https://en.wikipedia.org/wiki/Conspicuous_consumption

My perfekte lewe

Maandag 18 Augustus 2014

Ek kyk vanaand in ’n plaaslike supermark na ’n man en vrou wat kombuisware in hul waentjie laai. Ek dink toe so by myself: “Stel jouself voor dít was jou droom toe jy 28 of 29 was – om getroud te wees en ’n familie van jou eie te begin.”

Nie te veel sekondes daarna nie, onthou ek dit wás my droom toe ek in my laat-twintigs was.

Daar was wel ’n probleem. Ek het geen vertroue gehad in die proses van maak-jouself-bruikbaar, pleit of smeek vir werk, of glimlag blink en doen jou toertjies mooi genoeg sodat jy in diens geneem kan word deur een of ander maatskappy of instansie nie. (En dan, wanneer dit die maatskappy of instansie pas, of wanneer hulle ’n ander rigting ingaan, of as jy net te veel begin kos, werp hulle jou uit in die parkeerterrein met jou kartonboksie vol skerp potlode, tip-ex, en ’n fotoraam met ’n foto van jou en jou vrou en julle twee kinders. En ’n hond en ’n kat. Wat by die huis wag en nie weet daar gaan nie nuwe geld inkom aan die einde van die maand nie.)

Vir die volgende vyftien minute fokus ek toe op my kruideniersware, stap uit na die parkeerterrein, klim op my fiets, en ry huis toe.

Soos ek ry, gaan ek weer oor die kern van die trou-kinders-werk gedagte. Teen die tyd wat ek die deur oopsluit by die huis, het ’n alternatiewe opinie in my gedagtes vorm aangeneem: As ek graag genoeg getroud wou wees in my laat twintigs en ’n gesin van my eie wou begin, sou ek harder probeer het om werk te kry in my eie land. Ek sou steeds nie die proses vertrou het nie, maar soos meeste ander mense, sou ek my oë toegemaak het, gespring het, en gehoop het vir die beste.

Feit is, ek wóú in my laat twintigs en my vroeë dertigs getrou het en ’n gesin begin het, maar daar was ander dinge

wat vir my belangriker was. Ek het daai ander … drome, ambisies … nagestreef.

Uiteindelik het ek wél getrou – met ’n vrou wat my maat is, wat my verstaan, en wat my liefhet. En hoewel ons nie kinders het nie, voltooi een vet kat met karakter en sy eksentrieke neef ons gesinsportret.

En vir my, is dit perfek.

Wat mense dink voor hulle kinders kry

Woensdag 8 Oktober 2014

Ek het self nie kinders nie, maar ek reken ek het ’n goeie idee wat dit beteken om kinders te hê.

1. Jy ervaar blydskap en vervulling en geluk wat jy nooit sal kan verwoord aan iemand wat nie self kinders van sy of haar eie het nie.

2. Jy ervaar ook bekommernis, en hartseer, en teleurstelling wat jy nooit sal kan verwoord aan mense wat nie kinders van hulle eie het nie.

3. Jy dink anders oor jouself, jou eie waarde, jou rol in die samelewing, en wat jy sal nalaat van jou bestaan.

Ek wonder wel hoeveel mense dink aan die blydskap en die vervulling en die geluk, en besluit tog om nié kinders te kry nie. Hoeveel mense dink aan die bekommernis, en die hartseer, en die teleurstelling wat hulle in die gesig staar, en maak ’n wilsbesluit om tóg kinders te hê?

Die trifecta van volwasse lewe sukses

Woensdag 25 Maart 2015

Hier is die trifecta van volwasse lewe sukses, soos ek die breë gemeenskap – dit wil sê, meeste volwasse mense in jou onmiddellike omgewing, en/of jou vriende en familie, en/of almal op jou sogenaamde vriendelys op Facebook – se beskouings interpreteer:

1. Ten minste twee kinders – een kon ’n gelukskootjie gewees het; ’n tweede bewys dit was nie
2. Meer geld as wat jy nodig het om te oorleef – al het jy dit geërf, of gewen met ’n krapkaartjie
3. Jy doen iets interessant – kan jou beroep wees, of enige iets anders wat min of meer ’n uitdaging is

Indien hierdie kriteria aanvaar word, ken ek bitter min mense wat werklik suksesvol is. Ek sien myself amper altyd as minder suksesvol as meeste van my tydgenote omdat ons nie kinders het nie, en omdat ek net ’n bietjie meer geld maak as wat ek nodig het om te oorleef. Maar ek ken ’n hele paar mense met twee kinders, nie veel geld nie, en hulle doen nie iets interessant nie; ook mense met geld, maar hulle het net een kind, en ook húlle doen nie iets wat ek reken naastenby interessant is nie.

Maandag 6 April 2015

Om hierdie gesprek so een tree weg te skuif van blote kampvuur-praatjies, moet dit genoem word dat daar ’n paar uitsonderings is wat hierdie formule deurmekaar sal krap.

Daar is die geval van welgestelde mense wat interessante werk doen en interessante lewens lei, maar een van hulle drie kinders word ’n moordenaar, of ’n dwelmslaaf, of beide.

Daar is die man of vrou met geld, wat ’n interessante lewe lei, wat twee of drie kinders het, en steeds getref word deur ’n

middeljare-krisis en dinge sê soos, "Ek wou soveel meer gedoen het met my lewe teen hierdie ouderdom."

En dan is daar is die pa van twee kinders wat genoeg geld verdien en in sy eie opinie interessante werk doen, wie se dogter vriende is met die dogter van die hoof van 'n internasionale konglomeraat, wat gereeld oorsee gaan vir interessante projekte en wat 'n villa besit in die suide van Frankryk. "Kan Pa nie meer geld maak dat óns ook somers in Frankryk kan spandeer nie?" sal 'n versoek wees wat gereeld die man sal laat twyfel of hy werklik so goed doen soos wat hy soms dink.

Na twintig jaar wonder ’n mens: Hoe doen ek sover?

Sondag 30 Augustus 2015

In 1994 het ek nog in die bondel gedraf saam met ander mense van my ouderdom wat ’n breë sosio-ekonomiese agtergrond met my gedeel het. In my kop was ek al klaar ietwat apart, maar wat almal aanbetref het, en wat vir almal sigbaar was, was ek steeds in die bondel, besig om te doen wat vele ander van my ouderdom gedoen het.

In 1995 – hierdie jaar twintig jaar gelede – het dit verander. Vele van my tydgenote het in daai jaar begin met ’n reis van min of meer veertig jaar wat, sou hulle geseënd wees met ’n lang lewe, sal eindig met hul aftrede. Dit was die jaar toe ek afgeskei het van die bondel. En ek sê nie daarmee my pad was beter of meer spesiaal nie, en ek spreek geen oordeel uit oor my tydgenote wat begin het met die veertig-jaar loopbaan reis nie. Ek sê bloot dat ek vanaf 1995 sigbaar op ’n ander pad was.

Twintig jaar het sedertdien verby gegaan. Soos vele ander mense tans in hulle middel-veertigs wonder ek: Hoe doen ek?

Uit elke honderd van my tydgenote wat in 1995 begin het met ’n loopbaan (of die eerste van dalk drie of vier verskillende loopbane) wat oor plus-minus twee dekades sal eindig met hul aftrede, hoeveel van hulle doen so goed soos hulle gedink het hulle sou doen? Hoeveel het drome gehad wat hulle wou nastreef waarby hulle nog nie uitgekom het nie? Hoeveel van hulle het ten minste een of twee van hul drome gerealiseer? Hoeveel het een na die ander kans verbrou? Hoeveel doen veel beter as wat hulle ooit gedink het hulle sou?

Dit is redelik om aan te neem dat meeste mense ten minste ’n paar foute gemaak het en ’n paar keer swak oordeel aan die dag gelê het, en dat ten minste ’n paar mense ten minste een keer lelik drooggemaak het. Ek dink dis verder

redelik om aan te neem dat meeste mense meer geld sou wou maak as wat tans die geval is, en dat ’n paar moontlik interessanter werk sou wou doen. Statisties is dit ook onvermydelik dat ’n klein persentasie van hierdie groep uitsonderlik goed doen – dat hulle meer geld maak as wat hulle ooit gedink het hulle sou, mooier en slimmer kinders het as wat hulle ooit gedink het hulle sou kon produseer, en werk doen wat meer vervullend is en veel interessanter is as waarmee hulle begin het twee dekades gelede.

Om terug te kom by my vraag, ek dink ek doen oukei – in enkele areas veel beter as wat ek gedink het ek sou; in ander areas doen ek swakker as wat ek gehoop het die geval sou wees. Ek het ’n paar keer drooggemaak, en ’n paar keer my vermoëns totaal en al oorskat (of myself eenvoudig nie goed genoeg geken nie, of die uitdaging dalk nie goed genoeg verstaan nie). Ek het sover ’n redelik interessante lewe gelei. Ek leer elke dag meer van dinge waarin ek nog altyd belanggestel het, ek is amper nooit verveeld nie, en ek deel my lewe met ’n uitsonderlike vrou, en twee swart katte. Ek het ook geen skuld nie, en ek het ’n bietjie geld in die bank.

Aan die ander kant kom 99% van my inkomste tans uit deeltydse en soms wisselvallige werk as Engelse onderwyser in Taiwan. En my inkomste is nie ’n fraksie van wat ek nodig het om na my bejaarde ouers te kan omsien nie, so die verantwoordelikheid val meestal op die lank-lydende skouers van my ouer suster.

Twintig jaar na ek op ’n ander pad en teen ’n ander pas begin stap het as vele van my tydgenote, doen ek dus nie te sleg nie – ten spyte van die feit dat ek en ’n paar ander mense van harte hoop dat ek ’n bietjie beter sal doen in die jare wat kom.

* * * * * * * * * * * * * * *

Dinsdag 9 Februarie 2016

’n Ou man dink oor sy lewe, en wat hy sien, is ’n 25-jarige man. Dan kyk hy in die spieël, en ’n 70-jarige toppie kyk terug na hom.

“Wie de hel is jy, en wat het jy met my gemaak?” vra die ou man in die rigting van die spieël.

“Jammer, ou vriend,” antwoord sy weerkaatsing. “Tyd is niemand se maat nie.”

* * * * * * * * * * * * * * *

En so stap die tyd nogmaals aan

Maandag 4 April 2016

Teen die tyd dat jy ’n jong volwassene is, agtien tot vroeë twintigs, is die mense wat die volgende geslag jong volwassenes gaan word, sewe tot twaalf jaar agter jou – op daai stadium kinders, of hoogstens tieners aan wie jy jouself min steur.

Teen die tyd dat jy dertig is, is daai volgende groep geboortelinge gereed om jou en jou ouderdomsgroep se pas ontruimde plekke in te neem as “jong volwassenes”.

Teen die tyd dat jy 35 is, is daai groep self al tussen 23 en 28, wat beteken dit is glad nie onvanpas dat jy om dieselfde braaivleisvure staan as ten minste die ouer lede van die volgende geslag nie. Vriendskappe word dalk gesluit, en dis selfs moontlik dat jy romanties betrokke kan raak met iemand uit hierdie geslag.

Tyd stap aan. Jy tref veertig. As jy dit nog nie uitgewerk of opgemerk het nie, gaan dit jou weldra tref soos ’n tert wat te lank in die son gestaan het: ’n *volgende* geslag het intussen hul opwagting gemaak, wat tussen sewe en twaalf jaar jonger is as die geslag wat gevolg het op jóú geslag. Hierdie vars lede van volwassenheid is op hierdie stadium enige iets tussen hoërskool ouderdom en middel-twintigs.

En jy weet: As die wêreld behoort aan die mense met die meeste energie en lewenslus en ambisie en selfs naïewe idealisme, behoort die wêreld nou aan hierdie groep jong volwassenes.

Jy slaan 45, en die oudste lede van daai hele *tweede* geslag wat ná jou volwassenheid bereik het, is al 30 jaar oud. Van hulle is al getroud. Sommige het al kinders. Kans is dat van hulle vir jou werk, maar dit is ook moontlik dat jy vir een van hulle werk, dat ’n lid van hierdie geslag vir jóú instruksies gee oor wat om te doen en wat om eerder nie te doen nie.

Jy is grootliks ’n vreemdeling vir hierdie “tweede” groep nuwe volwassenes, maar jy het ’n idee wat vir húlle belangrik is. Verwysings word gereeld gemaak op TV en in alledaagse gesprekke oor húlle voorkeure en modegiere, en dit is húlle opiniestukke en ongepoetste prosa wat op literêre webwerwe vorentoe gedruk word.

Kans is skraal dat julle sosiale sirkels ooit sal kruis. Julle skuifel ietwat styf verbymekaar in stampvol kuierplekke. Kom julle in ’n situasie waar stilte ongemaklik sal wees, is hulle dalk onwillig om te veel te sê, want hulle verwag dalk dat julle, soos hulle ouers, krities sal wees oor hulle voorkoms, en oor die keuses wat hulle maak. En jy is dalk self nie te spraaksaam nie, want jy wil nie oud klink nie, en die hemel behoed jou as jy die indruk moet skep dat jy probeer “hip” wees.

En so stap die tyd nogmaals aan. Die veertigs, so het iemand opgemerk wat jare gelede al deur die vreemde proses gegaan het, is die bejaarde jare van jou jeug – en jou vyftigs die jeugjare van jou bejaardheid.

Een ding in hierdie vyfde dekade van jou lewe is niks nuuts nie: Indien jy gelukkig genoeg is om tyd te kan afknyp in die gejaag om aan die lewe te bly, vind jy dalk net dat jy weereens probeer uitsorteer wie en wat jy is en wie en wat jy wil wees, min of meer gebaseer op wie en wat jy was tien en twintig jaar gelede, en in ag genome wie en wat jy hoop om te wees in die toekoms – mits jy oor twee of drie dekades jouself nóg bevind in die land van die lewendes.

Wanneer is ons geprogrammeer, en deur wie?

Vrydag 24 Junie 2016

Vandat ek in die oggend wakker genoeg is om te registreer wat op die wekker se gesig aangaan, dink ek aan werk. Ek dink aan werk wanneer ek ontbyt eet, wanneer ek stort, wanneer ek aantrek en wanneer ek my tande borsel. Ek dink aan werk wanneer ek op pad is na ’n plek toe waar ek werk. Nadat ek gewerk het by hierdie plek, gaan ek huis toe. Dan eet ek dalk iets, en dan werk ek. Wanneer ek TV kyk, dink ek daaraan dat ek nie werk nie. Wanneer ek op die bed gaan lê om ’n bietjie te rus, dink ek aan hoe lank ek nie gaan werk nie. Wanneer ek Wikipedia oopmaak in my webblaaier, of Twitter, of Reddit of Facebook, dink ek daaraan dat ek ’n breuk vat van werk. Op Saterdagaand en Sondag is die groot ding dat ek probeer om nie te werk nie. Ek werk wanneer ek geld maak, en ek werk wanneer ek besig is met langtermyn, ambisieuse skryfprojekte wat heel waarskynlik nooit veel geld sal maak nie.

Wat ek doen wanneer ek werk verskil dalk van wat jy doen wanneer jy werk, maar meeste volwassenes aanvaar hierdie storie dat hulle lewens om werk draai sonder om te veel daaroor te dink.

Ons eenvoudige, in vele gevalle ongeletterde voorouers van vyf of meer eeue gelede het net ’n paar maande van die jaar gewerk. Die res van die tyd het hulle gedoen wat hulle moes doen om te oorleef, hulle het gerus, en so nou en dan ’n ietsie geniet van ’n lewe wat gewoonlik nie veel meer as dertig of veertig jaar geduur het nie.

So, ek wonder net: Van wanneer af het ons – die werkende massas – onsself laat programmeer met hierdie ding dat ons móét werk, ten minste vyftig weke van die jaar, ten minste vyf dae van die week, ten minste agt ure elke dag?

Almal wil ’n punt bereik

Woensdag 18 Januarie 2017

Sommige mense organiseer hulle lewens volgens stelsels wat hulle reken die waarskynlikheid sal verhoog dat hulle sal oorleef en ten minste die helfte van die tyd goed sal voel oor hulleself. Ander mense het doelwitte wat hulle een vir een nastreef. Ongeag of jy stelsels of doelwitte verkies, of iets van albei, ek glo almal streef na wat ek kan beskryf as ’n *punt*. Soms is jy bewus daarvan dat jy hierdie punt nastreef, soms nie.

Hierdie punt is vir vele mense ’n ideale leefstyl – ’n spesifieke manier hoe hulle hul dae en nagte op aarde wil verwyl.

Sommige mense se punt is om ’n gesin te hê, om die rol van moeder of vader te speel vir kinders van hul eie.

Dan is daar mense wat ’n punt nastreef van amper onuitputlike finansiële vermoëns – om te weet hulle kan koop wat hulle wil, en doen wat hulle wil, die put gaan óf nooit opdroog nie, óf die geld wat vandag gespandeer word, word eenvoudig môre vervang.

My punt is om die vermoë te kan hê om verlore te kan raak in ’n aktiwiteit – kan wees ’n skryfprojek, of ’n boek, of navorsing oor ’n onderwerp wat my interesseer. Ek wil verlore kan raak daarin sonder om nodig te hê om myself te herinner daaraan dat ek later moet uitgaan om iets te verkoop (gewoonlik my vermoëns om iets te kan doen), of om iets anders te doen wat veronderstel is om geld te maak.

Meeste mense dink nie elke dag daaraan dat die werklike doel wat hulle nastreef is om daai betrokke dag en nag te oorleef nie. En as jy oorleef, doen jy wat jy moet doen om jou oorlewing die moeite werd te maak. Om ’n punt te hê wat jy nastreef, is meer as net ’n doel wat jy hoop om te verwesenlik. Dit voorsien die inspirasie wat jou vorentoe dryf; dit help om jou oorlewing vandag die moeite werd te maak.

* * * * * * * * * * * * * * *

Indien jy hierdie bundel geniet het, of dit opvoedkundig gevind het, oorweeg dit asseblief om 'n gedrukte kopie te koop, of 'n elektroniese kopie vir jou leestoestel.

Onthou: die skrywer moet ook eet en huur betaal!

BRANDSMIT.NET/**BOEKWINKEL**

* * * * * * * * * * * * * * *



* * * * * * * * * * * * * * *

Beskikbare titels deur Brand Smit – in beide digitale en gedrukte formaat:

In die greep van ketters – of, Die Christen
Nie tafel, hond of potlood nie
Die werklike, of nie-werklike doel van ons bestaan
Solank jy staande bly …
Die noodsaaklike onaangenaamheid
Die volwasse lewe
Oor skryfwerk en die skrywer
Ballingskap

Dertien minute op 'n Saterdagaand
Tyd vlieg nie regtig nie

Koors/Fotografie: Twee versamelings gedigte

Meer inligting is beskikbaar op die skrywer se webwerf:

BRANDSMIT.NET

* * * * * * * * * * * * * * *